

DIGITISED

22 NOV 2016

'N SOSIO-LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE SPRAAKGEMEENSKAPLIKE  
GESKIKTHEID VAN TAAL- EN LETTERKUNDIGE MATERIAAL (AFRIKAANS EERSTE  
TAAL, ST. 9 EN 10) VIR DIE LEERLINGE VAN DIE DEPARTEMENT ONDERWYS  
EN KULTUUR (A.R.V.) EN DIE KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

deur

JOHANNES STEPHANUS ESTERHUYSE

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in die Departement Afrikaans en Nederlands

van die Universiteit van Kaapstad

Studieleier: prof. Roy Pheiffer

April 1985

The University of Cape Town has been given  
the right to reproduce this thesis in whole  
or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

vir Cynthia en Viv

'N DANKWOORD AAN:

- Professor Roy Pheiffer wie se suiwer beskouinge, noukeurige kontrole en kundige raad meermale nuwe impetus aan die studie gegee het.
- Die Afrikaans-kurrikulumkunde-studente van 1984, sonder wie se onvermoeide ywer die sosio-linguistiese studie van die bloemlesing Senior verseboek skaars moontlik was.-- en vir die waardevolle insigte wat uit die spraakgemeenskap in die klein verwerf is.

#### TIPOGRAFIE:

Die studie is op 'n woordverwerker (Sanyo MBC 555) voorberei en gedruk. Vanweë die afwesigheid van 'n konvensionele akuteken, is die volgende teken vir die doel benut: [']

Daar is 'n nou verband tussen hoop  
en taalgebruik  
adekwate politieke taalgebruik

Johannes Degenaar

## SAMEVATTING

Die studie spits hom daarop toe om die aard en inhoud van taal- en letterkundemateriaal wat aan leerlinge van die Afrikaanse spraakgemeenskap gebied word, sosio-linguisties te ondersoek, ten einde vas te stel in watter mate die gegewe materiaal aan spraakgemeenskaplike kriteria voldoen.

Die tesis is gegrond op die hipotese dat die letterkunde- en taalmateriaal wat in die spraakgemeenskaplike skole gebruik word, 'n Afrikanersentriese karakter besit. Dit bring mee dat vir nie-Afrikanerkomponente in die spraakgemeenskap, Afrikaans op skool 'n vervreemdende ervaring is.

Hoofstukke 2-7 omvat 'n teoretiese verkenning en fundering vir die empiriese navorsing wat in hoofstukke 8-10 opgeteken is.

Die sosio-linguistiek as deeldisipline word in hoofstuk 2 bespreek en relevante begrippe omskryf.

Hierop volg 'n historiese ondersoek van Afrikanerkonsepsies omtrent gekleurdes en hul taalvariante. Die inherente spanning tussen Afrikanernasionalisme en taalnasionalisme enersyds, en spraakgemeenskaplikheid andersyds, word as grondliggende probleem geïdentifiseer (hoofstuk 3).

In hoofstuk 4 word gefokus op die Amerikaanse taaldebat, waarin die verband tussen sosiale agtergesteldheid en taalafwyking onder die sprekers van 'Black English' nagevors is. In die lig van die verworwe insigte word die probleem van stigmatisering in die

Afrikaanse spraakgemeenskap ondersoek.

Die simbiotiese verhouding tussen Afrikanerhistoriografie en die ontwikkelingsteorieë omtrent Afrikaans word in hoofstuk 5 behandel. Die polemieë rondom die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans word vanuit 'n sosio-linguistiese oogpunt geïnterpreteer.

Onder die titel: "Afrikaans se politieke taal" kom die volgende sosio-linguistiese aspekte ter sprake: linguistiese relatiwiteit, die verband tussen taal en werklikheid, die politieke metafoor en Afrikanersentriese taalmanipulasie (hoofstuk 6).

'n Oorsig van ses resente, verwante studies oor skoolhandboeke en voorgeskrewe letterkunde situeer die studie binne die ruimer Suid-Afrikaanse konteks. (hoofstuk 7).

In hoofstuk 8 word 'n empiriese ondersoek na die spraakgemeenskaplike geskiktheid van twee bloemlesings gedoen.

Dit word in hoofstuk 9 gevolg deur 'n sosio-linguistiese ondersoek van die voorgeskrewe werke wat sedert 1970 vir leerlinge van die spraakgemeenskap in Kaapland en Suidwes-Afrika/Namibia voorgeskryf is.

In hoofstuk 10 word twee populêre handboeke vir spraakgemeenskaplike geskiktheid getoets.

Die bevindinge van die studie word in die 11e hoofstuk aangebied. Daar word tot die slotsom gekom dat die Afrikaans-aanbod, soos verteenwoordig in die ondersoekte materiaal 'n dominante Afrika-



nersentriese karakter besit, en dat die aangebode taal en die letterkunde tekens toon van diensbaarheid aan die apartheidsideologie.

## SUMMARY

The study represents a sosio-linguistic enquiry into the nature and contents of the language and literary material, offered to the pupils of the Afrikaans speech community, in order to ascertain to what degree the given material complies with accepted socio-linguistic criteria.

The thesis is based on the hypothesis that the literary and language material used in the schools of the speech community, is of an Afrikaner centric nature. This results in an alienating experience for the non-Afrikaner components in the speech community.

Chapters 2 to 7 comprise a theoretical exploration and grounding for the empirical research that is recorded in chapters 8 to 10.

In chapter 2 socio-linguistics as a part-discipline is discussed, and relevant concepts defined.

An historical research of the Afrikaner concepts 'Coloureds' and their language variants follows. The inherent tension between Afrikaner nationalism and language nationalism on the one hand, and unity in the speech community on the other hand, is identified as a fundamental problem. (Chapter 3).

Chapter 4 focusses on the American language debate, which researched the relationship between social disadvantage and language deviation in the speakers of Black English. In the light of the insights acquired, the problem of stigmatization in the Afrikaans speech community is examined.

The symbiotic relationship between Afrikaner historiography and the developmental theories of Afrikaans is dealt with in chapter 5. The controversy surrounding the origin and development of Afrikaans is subjected to a socio-linguistic interpretation.

Under the title: "Afrikaans se politieke taal" (The political language of Afrikaans) the following socio-linguistic aspects are dealt with: linguistic relativity, the relationship between language and reality, political metaphor and Afrikaner centric language manipulation (Chapter 6).

A survey of six recent, related studies on school textbooks and prescribed literature places the study within the wider South African context (Chapter 7).

In chapter 8 an empirical study into the suitability of two anthologies for the speech community is carried out.

This is followed in chapter 9 by a socio-linguistic investigation into the material prescribed for the speech community in the Cape Province since 1970.

In chapter 10 two popular textbooks are evaluated for suitability for the speech community.

The findings of the study are presented in the final chapter. The conclusion is reached that the researched grammar textbooks have a dominant Afrikaner centric character, and that the selection patterns in the prescribed works show signs of servitude to the prevailing political ideology.

INHOUDSOPGAVE:

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING

### INHOUDSOPGAWE

1. Motivering vir 'n sosio-linguistiese ondersoek na  
die Afrikaanse letterkunde- en taalmateriaal in  
Kaaplandse skole van die Afrikaanse spraakgemeenskap 1
2. Bibliografie en voetnote 6

## HOOFSTUK 2

### DIE SOSIAAL BETROKKE AARD VAN DIE SOSIO-LINGUISTIEK

#### INHOUDSOPGAWE

1. Taal se sensitiewe verhouding tot die gemeenskap	8
2. Die Afrikaanse spraakgemeenskap	9
3. Standaard, gestandaardiseer, Algemeen-beskaaf en variant	10
4. Normering en stigmatisering	12
5. Bibliografie	15

## HOOFSTUK 3

### AFRIKANERKONSEPSIES OMTRENT GEKLEURDES EN HUL TAALVARIANTE

#### INHOUDSOPGAWE

1. Die sosiale dimensie van taal	19
2. Historiese taalvooroordele en Afrikanersentrisme in skooltaalmateriaal	20
3. Die onversoenbaarheid van Afrikanernasionalisme en spraakgemeenskaplike eenheid	21
4. Die vervreemding van die gekleurdes en die Afrika- ners van die 19e eeu	22
5. Religieuse verwydering tussen Afrikaners en gekleur- des	23
6. Die Engelssprekendes as 'n faktor in die vervreem- dingsproses	26
7. Negentiende-eeuse standaardisasie en stigmatisering	27
8. Die alliansie tussen taalnasionalisme en politieke nasionalisme	28
9. Taaldiensbaarheid en die Afrikaners se politieke strategieë	29
10. Slotsom	31
11. Bibliografie	33

## HOOFSTUK 4

### DIE "DIFFERENT/DEFICIT"-DEBAT EN PROKSIMALITEITSLINGUISTIEK

#### INHOUDSOPGAWE

1. Ter inleiding	37
2. Die verband tussen sosiale agtergesteldheid en taalafwyking	38
3. Die "difference/deficit"-debat	38
4. Black English en agtergesteldheid	41
5. Die Anne Arbor-hofsaak	42
6. Verbale intimidasie	43
7. Progressiewe benaderinge tot taalstudie in ghetto-skole	44
8. Die Amerikaanse debat en taalvariasie in die ASG	45
9. Die stigmatisering van die spraak van gekleurdes in die ASG	46
10. Proksimaliteitslinguistiek en sosiale afstand	47
11. Etnosentrisme en linguistiese variasie	48
12. Slotsom	49
13. Bibliografie en voetnoot	51



## HOOFSTUK 5

### AFRIKANERHISTORIOGRAFIE EN DIE ONTWIKKELINGSTEORIEË OMTRENT AFRIKAANS

#### INHOUDSOPGAWE

1. Ter inleiding	55
2. Die omstredenheid van die Suid-Afrikaanse werklikheidsbeeld	55
3. Besinning in Afrikanergeleedere	56
4. Die taalgeskiedenis as 'n interpolasie in die volksgeskiedenis	57
5. 'n Sosio-linguistiese interpretasie van die polemieë rondom die ontstaansteorieë van Afrikaans	58
6. Gekleurdes se bestendige rol in die 19e en vroeë 20e eeu	59
7. Gekleurdes se reaksie op die polemieë	60
8. 'n Behoefte aan historisiteit en outonimiteit	61
9. Die ontstaan van 'n mite	61
10. Apartheid en taalapartheid	63
11. Bibliografie	66

## HOOFSTUK 6

### AFRIKAANS SE "POLITIEKE TAAL", SOOS GEÏLLUSTREER DEUR HANDWOORDE- BOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL SE HANTERING VAN DIE TERME BOER EN KLEURLING

1. Motivering	71
2. Taal en werklikheid	72
3. "Konseptuele skemas" en die eksterne werklikheid	72
4. Die selfvervullende aard van die politieke metafoor	73
5. Die krag van die vals metafoor	74
6. Die omstrede metafoor	74
7. Afrikanersentriese taalmanipulasie	75
8. Die apartheidsideologie en die strukturering van semantiese ruimtes in Afrikaans	76
9. <u>Kleurling</u> en <u>boer</u> as polities gelaaide terme	77
10. Bibliografie	83

## HOOFSTUK 7

### DIE SELEKSIE VAN VOORGESKREWE LETTERKUNDE VIR DIE LEERLINGE VAN DIE AFRIKAANSE SPRAAKGEMEENSAP

1. Ter inleiding	86
2. Die Afrikaanse letterkunde en Afrikanerletterkunde	86
3. Die 1980-skole-boikot in die Wes-Kaap as kulturele versetsaksie	87
4. Die ontvouing van die alternatiewe werklikhede	89
5. Ses verwante Suid-Afrikaanse studies oor skoolhandboeke en voorgeskrewe letterkunde in skole	90
6. Slotsom	98
7. Bibliografie	101

## HOOFSTUK 8

### DIE SOSIO-LINGUISTIESE GESKIKTHEID VAN DIE TWEE BLOEMLESINGS, SENIOR VERSEBOEK EN TREKNET AS VOORGESKREWE WERKE VIR DIE SPRAAKGEMEENSKAP

#### INHOUDSOPGAWE

1. Motivering	107
1.1. Verteenwoordigendheid teenoor spraakgemeenskaplike aanvaarbaarheid	107
1.2. Etiese vrae en anomalieë ten opsigte van voorgeskrewe boekelyste	108
2. 'n Sosio-linguistiese analise van <u>Senior Verseboek</u> van D.J. Opperman, in samewerking met H.O.D.-studente (Afrikaans-kurrikulumkunde) aan die Universiteit van Kaapstad	110
2.1. Grondslae vir die ondersoek	110
2.2. Besonderhede omtrent respondente	111
2.3. Getalle	111
2.4. Akademiese kwalifikasies in Afrikaans	112
2.5. Die verteenwoordigendheid van die groep as monster van die ASG	112
2.6. Veranderlikes wat die reaksies van die respondente kon beïnvloed	112
3. Die aard en samestelling van <u>Senior Verseboek</u>	113
4. Prosedure by dataverwerking	115

5. Verwerkte data	116
6. Retrospektiewe evaluasie van potensiële veranderlikes	123
7. Kategorieë van onaanvaarbaarheid	125
8. Implikasies van die bevindings vir bloemlesers	126
8.1. Etnosentriese poësie in 'n bloemlesing vir die ASG	127
8.2. Geïsoleerde rassistiese terme	129
8.3. Die onaantasbaarheid van die kunswerk teenoor sosiale eise	130
8.4. Ongunstige kleurassosiasies	133
8.5. Sosiaal-bewuste poësie met kontra-produktiewe effekte	135
8.6. Gedigte wat rassestereotipering in die hand werk	136
8.7. Kaaps-Afrikaanse gedigte en rasse-stereotipering	138
8.8. Godsdiensgebonde poësie	139
8.9. Slotsom	140
9. Treknet: 'n sosio-linguistiese evaluasie	142
9.1. Motivering	142
9.2. Die vermyding van Afrikanervolkverse	142
9.3. Omstrede poësie in <u>Treknet</u>	143
9.3.1. Poësie voor 1900	143
9.3.2. Die post-Vryheidsoorlog-era	144
9.3.3. Argantiese en beledigende nomenklatuur	144
9.4. Stereotipering	147

9.5. Die afwesigheid van Kaaps-Afrikaanse gedigte	147
9.6. Slotsom	147
10. Bibliografie	149

## HOOFSTUK 9

'N ONDERSOEK NA DIE INHOUD EN AARD VAN DIE AFRIKAANS EERSTE TAAL VOORGESKREWE LYTE (SENIOR SERTIFIKAAT, 1970-1985) VIR DIE DEPARTEMENT ONDERWYS EN KULTUUR EN DIE KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

### INHOUDSOPGAWE

1. Ter inleiding	154
2. 'n Tentatiewe stel norme vir voorgeskrewe werke vir die leerlinge van die ASG	155
3. Frekwensielyste vir die DOK en KOD	157
4. Frekwensielys vir die Departement Onderwys en Kultuur (1970-1985)	157
5. Frekwensielys vir die Kaapse Onderwysdepartement (1970-1985)	160
6. 'n Vergelykende ondersoek na die moontlike tendense en patrone in die twee lyste voorgeskrewe boeke	162
7. Oorvleuelende materiaal	163
7.1. Gemeenskaplike titels	163
7.2. Verskille en ooreenkomste in die departementele keuses	164
8. Die verbloemde agenda werksaam tydens seleksie uit die oeuvres van skrywers	166

8.1. Karel Schoeman se "onbetrokke beeld"	169
8.1.1. <u>By fakkellig</u> : die geïgnoreerde parallel	167
8.2. Elsa Joubert die "reisverhaalskryfster"	169
8.2.1. <u>Bonga</u> en die Ontugwet	169
8.2.2. <u>Ons wag op die kaptein</u> : 'n vroeë verkenning van die 'nuwe' Afrika	170
8.2.3. <u>Die swerfjare van Poppie Nongena</u>	171
8.3. Voorgeskrewe seleksies uit die werke van D.J. Opperman	173
8.3.1. <u>Joernaal van Jorik</u>	174
8.3.2. <u>Vergelegen</u> : botsende werklikhede	175
8.3.3. <u>Voëlvry</u>	180
8.4. F.A. Venter as skrywer binne die Afrikaner-historiografiese werklikheid	180
8.4.1. <u>Swart Pelgrim</u> en die Swart tuislandbeleid	182
9. Afrikanerpolitiek en die seleksie van voorgeskrewe werke	185
9.1. <u>Bart Nel</u> se verdelende kwaliteit	185
9.2. <u>Die pluimsaad waai ver</u> en die Louw-Verwoerd-vete	185
10. Slotsom	186
11. Bibliografie en voetnoot	189



## HOOFSTUK 10

### 'N SOSIO-LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE SPRAAKGEMEENSKAPLIKE GESKIKTHEID VAN AFRIKAANS TAALHANDBOEKE

#### INHOUDSOPGAWE

1. Motivering	194
2. Onderzoekterrein	196
3. Uitspraak en variante	198
4. Beskouinge omtrent Kaaps-Afrikaans	200
4.1. Die "onsigbare" variant	200
4.2. Die stigmatisering van gekleurdes deur taalstereotipering	201
4.3. Die metaforiese isolasie van die gekleurdes	202
5. Die hantering van kultuurgroepe binne die ASG	203
6. Die Maleise taal- en kulturele bydrae tot die spraakgemeenskap	204
6.1. Die bestendige invloed van Maleiers op die gekleurde gemeenskap aan die Kaap	204
6.2. OMT en AMT se taalhistoriese weergawe van die Maleise bydrae	205
6.3. Euro-sentriese ontstaansteorieë	207
6.4. Die diskreditering van die Kaapse Maleiergemeenskap	210
7. Die verswelgde Khoikhoi-kultuur	213
7.1. Die Afrikanersentriese siening van die Khoikhoi	213

7.2. AMT en OMT se hantering van die Khoikhoi-kultuurreste	215
7.3. Blanke opeising van Khoikhoi-verhale	219
8. Idiomatiese uitdrukkings	221
8.1. Die toesegging van die Afrikaanse idiome aan aan die 'volk'	221
8.2. Die Bybel-boer-paradigma	223
8.3. Die insluiting van die kategorieë: kranksinnigheid, dronkenskap en die duiwel	225
8.4. Die begrensende karakter van die idioom	225
9. Illustratiewe materiaal	226
9.1. Blank eksklusiewe stelwerkonderwerpe	227
9.2. Stelwerkopdragte en illustratiewe materiaal wat Afrikanersentriese sentimente bevat	228
10. Anglisismes, en taalsuiwerheid as begrensingsaksie	234
10.1. Die diglossiese situasie onder verstedelike gekleurdes	234
10.2. Taaldivergensie en taalsuiwerheid	234
10.3. Die teenstrydige eis van taalsuiwerheid	237
11. Afkortings: die onverbloemde agenda	239
11.1. Identifiseerbare patrone	239
11.2. Afrikanersentriese begrensing	239
12. Slotsom	241
13. Bibliografie en voetnote	245

## HOOFSTUK 11

1. Slotsom	251
2. Bibliografie	263

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING

## INHOUDSOPGAWE

1. Motivering vir 'n sosio-linguistiese ondersoek na die Afrikaanse letterkunde- en taalmateriaal in Kaaplandse skole van die Afrikaanse spraakgemeenskap 1
2. Bibliografie en voetnote 6

## PROBLEEMSTELLING

Is die taal "gansch het volk"?

1. Motivering vir 'n sosio-linguistiese ondersoek na die Afrikaanse letterkunde- en taalmateriaal in Kaaplandse skole van die Afrikaanse spraakgemeenskap.

Die sosio-linguistiek as die wetenskap wat hom bemoei met die dinamiese posisie van taal in 'n gemeenskap het in die afgelope twee dekades besonder vinnig gegroei. Die rede hiervoor moet gesoek word in die toenemende besef dat sosiale ongelykheid en politieke kontrole o.a. ook 'n taalprobleem is en dat sosiale gelykberegtiging linguistiese reperkussies moet hê. (Dittmar:1976:1).

Die behoefte aan 'n sosio-linguistiese ondersoek na die stand, status en funksie van Afrikaans binne die skoolverband van die Afrikaanse spraakgemeenskap, het, danksy die sosio-politieke ontwikkelinge die afgelope dekade in dringendheid toegeneem. Sosio-linguistiese en sosio-politieke toestande en ontwikkelinge wat 'n ondersoek van die aard noodsaaklik maak, kan soos volg saamgevat word:

1.1. Aan die begin van die dekade verskyn die belangrike werk 'n Tuiste in eie taal, waarin J.C. Steyn (1981) die strategiese posisie van Afrikaans binne die universele taleverband, en veral binne Afrika-verband, onomwonde uiteensit. Steyn se navorsing en die daaruit voortvloeiende perspektiewe het 'n nuwe bewustheid

gebring ten opsigte van die dinamiese en vloeibare verhouding wat daar tussen 'n taal en sy sprekers bestaan, en dat 'n komplekse stel veranderlikes sal meewerk om die toekomstige posisie van Afrikaans binne die groter Suid-Afrikaanse talebestel te bepaal.

1.2. Gelyktydig met Steyn se bestek-opname van die posisie van Afrikaans, verskyn verskeie R.G.N.-verslae (1) wat bepaalde sosio-linguistiese tendense van die sewentigerjare bevestig: Die ondersoek na die stand van tale in die Republiek en Suidwes-Afrika/Namibia het nie alleen 'n duidelike uitspraak ten gunste van Engels as onderrigmedium getoon nie, maar ook 'n beduidende beweging van Afrikaans na Engels onder die gekleurde gemeenskappe in die stedelike gebiede, bevestig. Die studie wil o.a. vasstel in welke mate die Afrikaans-aanbod op skool 'n faktor in die taaldivergensie is.

1.3. Die groeiende bewustheid by sekere nie-amptelike instansies wat met die onderwys gemoeid is (2), dat taal nie 'n neutrale medium is nie, en dat Afrikaans, na inhoud en aard 'n uitsonderlike mate van etnosentriese antagonisme teenoor veral gekleurdes en swartes openbaar, bring mee dat die taal toenemend die ondersoekterrein van nie-Afrikaanse navorsers sal word. Ter wille van die spraakgemeenskaplike heil is dit egter belangrik dat navorsings-inisiatiewe oor Afrikaans deur Afrikaanssprekendes behou sal word.

1.4. Die Afrikaanse Marxistiese literatuurbeskouing wat onder gekleurde akademici, soos Jakes Gerwel en V.A. February (3)

ontwikkel het, het die vervreemdende en verdelende etnosentriese karakter van die Afrikaanse letterkunde sterk belig, en daarmee groter bewustheid gebring t.o.v. die verband tussen taal en politiek.

1.5. Die feit dat sowat 99% van die Afrikaanse letterkunde deur die blanke komponent van die spraakgemeenskap geskep word, het opvoedkundige, sosio-politieke en spraakgemeenskaplike implikasies wat binne die groter problematiek aandag sal kry.

1.6. In samehang hiermee is die skryf, samestelling en bemerking van Afrikaanse taalhandboeke, handleidings, bloemlesings uitsluitend in die hande van blanke opvoedkundiges, akademici en uitgewers. Histories was die skooluitgawes gerig op blanke leerlinge, wat numeries en sosio-kultureel die dominante groep in die spraakgemeenskap uitgemaak het. In die studie sal nagegaan word in welke mate die oriëntasie nog steeds geld.

1.7. Die Onderwyswet van 1969, waarvolgens onderwys in Suid-Afrika 'n Christelik-Nasionale karakter sou hê, het verreikende implikasies vir kurrikulering oor die algemeen gehad. Daar sal in die studie betoog word dat die konsep Christelik-Nasionale Onderwys vereng is tot 'n Afrikanersentriese onderwys, wat op subtiele en blatante wyses in onderwysmateriaal uitkristaliseer.

1.8. Die studie wil voorts die probleem van taalstigmatisering ondersoek, soos dit die sprekers van die Kaaps-Afrikaanse variant raak, en die effek daarvan op die sosiale en opvoedkundige terreine probeer vasstel.

1.9. In die voorafgaande samevatting is 'n aanduiding gegee hoe die ondersoek hom gaan ontwikkel en hoe die verskillende hoofstukke saamhang.

1.9. Samevattend dan: Die motivering vir die studie het ontstaan uit 'n groeiende bekommernis dat die verskeurdheid en verwydering in die Afrikaanse spraakgemeenskap uit die vervreemdende politieke inisiatiewe van die Afrikaners spruit, en dat politieke ideologie die inhoud en aard van die Afrikaans wat aan leerlinge van die spraakgemeenskap gebied word, ten kwade beïnvloed.



## 2. BIBLIOGRAFIE EN VOETNOTE

Dittmar, Norbert

1976                    Sociolinguistics. A critical survey of theory and application London: Edward Arnold.

Steyn, J.C.

1981                    'n Tuiste in eie taal Kaapstad: Tafelberg.

Voetnote

(1) Hier word verwys na die navorsing van T. Hauptfleisch wat in vier volumes deur die RGN gepubliseer is. Die navorsing het taalhouding, taalloyaliteit en taalverskuiwing onder blankes en gekleurdes oor 'n tydperk van 'n dekade gemonitor. Ook ter sake is die navorsing van P. Scheffer, Afrikaans en Engels onder die Kleurlinge, en in besonder in die Skiereiland, Pretoria: RGN 1983.

(2) Die bedrywighede van die organisasie SACHED, (South African Committee for Higher Education), is hier ter sake. Leerlinge, studente en ouers word periodiek uitgenooi om onder beskerming van 'n sub-komitee, "Committee for racism in textbooks", boeke wat in skole gebruik word, te ondersoek en ongewenste materiaal te identifiseer. Volgens 'n berig in "The Argus" ("This is what they tell pupils", 25 Mei 1984) is dit "especially history, geography and Afrikaans literature" wat elemente van rassisme, seksisme, onaanvaarbare stereotipes en historiese onakkuraathede

bevat. Alhoewel sommige voorbeelde van rassisme wat deur die werkkomitee geïdentifiseer is, bedenklike onakkuraathede bevat, kan die sosiale bewustheid wat deur die aktiwiteite geskep word, nie weg geredeneer word nie.

(3) Jakes Gerwel (Literatuur en Apartheid. 1983, Bellville: Kampen-uitgewers) en V.A. February (Mind your colour. 1981, London: Paul Kegan International Ltd.) wys beide op die vernederende stereotipering van gekleurdes in die Afrikaanse letterkunde. Gerwel se benadering tot literatuurstudie, waardeur die kunswerk as sosiale dokument hanteer word, en die literêre kritiek dus 'n sosiaal-bewuste karakter aanneem, kan moontlik via sy studente deel van 'n groter gemeenskapsbewussyn word.

## HOOFSTUK 2

### DIE SOSIAAL BETROKKE AARD VAN DIE SOSIO-LINGUISTIEK

#### INHOUDSOPGAWE

1. Taal se sensitiewe verhouding tot die gemeenskap	8
2. Die Afrikaanse spraakgemeenskap	9
3. Standaard, gestandaardiseer, Algemeen-beskaaf en variant	10
4. Normering en stigmatisering	12
5. Bibliografie	15

## DIE SOSIAAL BETROKKE AARD VAN DIE SOSIO-LINGUISTIEK

### 1. Taal se sensitiewe verhouding tot die gemeenskap

Die konsep dat taal 'n haas onveranderlike gegewe is, wat aan 'n volk gegee word en van geslag tot geslag oorgedra word, is 'n populêre opvatting wat dikwels by heersende of dominante groepe in 'n spraakgemeenskap voorkom (1). Die sosio-linguistiek benader egter nie die taal as 'n geslote stelsel nie, maar as 'n simboliese kode wat in 'n ingewikkelde verhouding tot die gemeenskap funksioneer --- 'n dinamiese funksie wat (Joshua Fishman 1972a:4) soos volg definieer:

"Language itself is content, a referent for loyalties and animosities, an indication of social statuses and personal relationships, a marker of situations and topics, as well as of the societal goals and the large scale value-laden arenas of interaction that typify each speech community."

Fishman se definisie raak aan haas alle aspekte van die sosio-linguistiek wat in die studie aangesny sal word: die inhoudelikheid van taal, taalloyaliteit en taaldivergensie, taal as 'n bepaler van sosiale status, en taal as 'n eindeloos verwikkelde draer van die interspraakgemeenskaplike sosiale geskiedenis.

Gebiede wat tradisioneel tot die linguistiek behoort, word tans deur die sosio-linguis uit steriele studie-omgewings gelig en binne 'n sosiale verband opnuut bestudeer. Die Franse sosio-linguis, Michel Pêcheut, (1982) wie se idees ook in die Engelsprekende lande groot aanhang geniet, argumenteer oortuigend dat

die semantiek se intieme band met die linguistiek op tradisie berus. 'n Studie van die semantiek bied so 'n suiwer insig in die magsverhoudinge binne 'n gemeenskap dat dit eerder tuis hoort onder die sosiale wetenskappe of selfs die filosofie, aldus Pêcheut.

In hul oorsigtelike studie, Taalvariasie. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. (1983a) gaan Claassen en Van Rensburg so ver in hul reaksie teen die disproporsionele groot mate van tyd en energie wat aan die linguistiek bestee word, om die konvensionele linguistiek as irrelevant te verklaar, met resultate wat sosiaal haas betekenisloos geword het. Die skrywers reageer moontlik te skerp, alhoewel hulle ongeduld met dié soort taalnavorsing, wat geen wesenlike bydrae tot brandende, taalgefundeerde sosiale kwessies lewer nie, begryplik is.

Die linguis is dus geneig om taal in sy homogeniteit te ondersoek, terwyl die sosio-linguis se belangstelling breër en linguisties gesproke "onsuiwerder" is. Die belangstelling is primêr gerig op die identiteit van die spreker, die sosiale agtergrond, terwyl die isolasie van die teks en die taaluiting as onaanvaarbaar beskou word. Ou gevestigde en deur die tyd geheiligde norme, soos bv. standaard vervloei wanneer taal in sy "wider concept of competence" bestudeer word. (Edwards 1976:3-4).

## 2. Die Afrikaanse spraakgemeenskap

Alvorens die konsep "Afrikaanse spraakgemeenskap" omskryf kan word, is dit essensieel om die begrip "spraakgemeenskap" self te definieer. Dit is 'n relatief nuwe konsep in Afrikaans, vanweë

die feit dat die sosio-linguistiek as 'n dissipline self min aandag van navorsers ontvang het. In die Engelse vakliteratuur word daar deurgaans na "speech community" verwys, terwyl Duitse sosio-linguiste van "das Sprachgemeinschaft" praat. Claassen en Van Rensburg 1983b) gebruik deurgaans die term "taalgemeenskap" wat om twee redes onbevredigend is: Eerstens is die afwyking van die Engelse en Duitse "speech" en "Sprach" nie te regverdig nie, aangesien dit interlinguistiese terminologie onnodiglik vertroebel. Die term "spraakgemeenskap" word ook om 'n ander rede verkies: Sosio-linguisties gesproke dra die woord "taal" swaar aan negatiewe konnotasies, weens die nou verband wat die Afrikaner tussen homself en die woord gesnoer het. Hier word gedink aan innige verbindings soos "taal-en-kultuur", "taalmonument", "Boere-taal" en die pejoratiewe verwysing van Engelssprekendes na Afrikaans as "the taal".

Die begrip "Afrikaanse spraakgemeenskap" word in die studie in 'n inklusiewe sin gebruik. Dit verwys na die totale aantal moedertaalsprekers van Afrikaans, ongeag velkleur, sosiale stratifikasie of variant wat deur sprekers gebesig word.

### 3. Standaard, gestandaardiseer, Algemeen-beskaaf en variant

Die sosiale sensitiwiteit wat onderliggend is aan die sosio-linguistiek as 'n dissipline, het die wetenskaplike onakkuraatheid van verskeie begrippe omtrent taal en die gemeenskap bloot gelê.

Die begrippe Algemeen-beskaaf en standaardtaal is tans nog alge-

meen in gebruik in Afrikaans, alhoewel daar besliste tekens van verandering is. In haar artikel oor die verskuivende siening in resente sosio-linguistiese literatuur in Afrikaans, sê Coetzee (1982:176) dat die term Algemeen-beskaaf nie meer voorkom nie, terwyl standaardtaal heel sporadies gebruik word. Sy wys voorts op die sosiale implikasies van die soort normering vir die nie-standaardsprekers van die taal, en dat die konsep Algemeen-beskaaf kwetsend en onjuis is.

Die begrippe is egter nog deel van die Afrikaanse eerste taalsyllabus en lê die basis vir die beskouinge omtrent taalvariasie in Afrikaanse taalhandboeke, soos daar later uit die empiriese studie van taalhandboeke sal blyk.

In die studie is helderheid oor die onderlinge verband tussen die gekodifiseerde norm, d.w.s. die sg. standaardvorm, en die variant, van kardinale belang; daarom is dit nodig om 'n ingeligte en wetenskaplik verantwoorde standpunt hieroor in te neem.

As uitgangspunt kan die siening van een van die mees gerespekteerde sosio-linguiste, Joshua Fishman (1972:18-25), omtrent taalvariasie aangehaal word. Die term variant word volgens Fishman nie in 'n evaluerende sin gebruik nie. In die sosio-linguistiek is die een spraakvorm of variant nie per se ondergeskik aan 'n ander nie. Die feit dat 'n objektiewe, nie-emosionele term nodig is om 'n soort taal te beskryf, is reeds 'n aanduiding dat oordele gevel word, wanneer daar oor taal gepraat word.

In hul omvattende studie oor die verband tussen taal en politiek, karakteriseer O'Barr en O'Barr (1976:434) die verskuilde mag wat

in taal opgesluit lê soos volg:

"Language is at the same time a delicate, sophisticated instrument and a blunt tool. It serves as a direct communication and it serves as an issue or a foil, to achieve social and political gains."

#### 4. Normering en stigmatisering

In bogenoemde omvattende bydrae oor die rol wat taal in die politiek speel, word daar telkens gedemonstreer hoe die status van 'n taal in 'n direkte verhouding tot die sosio-politieke mag van die betrokke sprekers staan. Oor die geheel ontwikkel alle tale vanuit 'n nederige variantstatus tot standaardstatus, terwyl twee prosesse hul gelyktydig voltrek: 'n stigmatisering van die ander variante in die spraakgemeenskap, en 'n normeringsproses van die dominante variant. Die stigmatiseringsproses volg 'n verbasend eenselwige patroon: Variant(e) van die onderhorige groep(e) word beskuldig van fonologiese krasheid, illogiese sintaks, beperkte leksikon, 'n onvermoë tot die uitdrukking van abstrakte begrippe, en inkonsekwente spelreëls, aldus O'Barr & O'Barr.

Die ontwikkeling van variant na standaard gaan volgens Ryan & Giles (1982:3-5) gepaard met 'n sosio-politieke ontwikkeling of bewuswording van die betrokke groep. Hulle beskou 'n variant as standaard, wanneer 'n stel norme wat "korrekte" gebruik definieer, gekodifiseer en deur die spraakgemeenskap aanvaar word:

"The norms of the codified language variety is normally




advanced by the power elites of society ... and confirmed via social institutions such as government, schools and the mass media."


Die ontwikkeling van Afrikaans sedert ongeveer 1875 tot 1925 bied dus 'n klassieke voorbeeld van 'n variant (naas die Nederlandse standaardvorm), wat 'n standaardisasie-proses ondergaan het. Ryan & Giles se voorbehoud omtrent die omstandighede, waaronder die proses hom voltrek, is 'n belangrike aanname in hierdie studie, en sal as vertrekpunt dien, wanneer gestandaardiseerde Afrikaans se posisie in verhouding tot ander variante in die spraakgemeenskap in oënskou geneem word:

"Standardization, then, is a characterization of the social treatment of a variety, not a property of the language variant itself."

Die beskouing omtrent die verhouding van variante tot mekaar, word ook deur navorsers vanuit 'n naburige dissipline, die psigolinguistiek ondersteun: Foss en Hakes (1978:5 e.v.) verwerp die siening van die gestandaardiseerde vorm as die suiwer vorm van 'n taal. Hulle stel die twee opponerende sieninge van die onderlinge verhoudinge binne 'n spraakgemeenskap diagrammaties soos volg voor:



Figuur A



Figuur B

Figuur A verteenwoordig die konvensionele model, waarvolgens 'n superieure taalvorm, danksy inherente kwaliteite toonaangewend is, terwyl die ondergeskikte variante posisies van minderwaardigheid beklee vanweë hul swak linguistiese kwaliteite.

Daarteenoor staan die siening, wat deur Figuur B voorgestel word. Hiervolgens is daar geen enkele "suiwer" taal nie, ook nie 'n "ideale" taalvorm nie. In die Afrikaanse konteks staan byvoorbeeld die Bolandse spraakvorm nie nader aan die "suiwer" vorm as Kaaps-Afrikaans nie. Daar kan hoogstens gekonstateer word dat een van die variante, danksy 'n kombinasie magsfaktore in die guns van sy sprekers die mag, en daarom die invloedrykheid het, om tot gestandaardiseerde vorm te ontwikkel.

Die sosio-linguis benader taal dus nie bloot as 'n kode nie, maar as 'n draer van 'n eindeloos verwickelde vorm van sosiale interaksie waardeur stand, status, mag, sosiale beheer en groepidentiteit deur sosio-linguistiese manipulasie en variasie tot uitdrukking kom. In die breë gesien, besit taal dus 'n verbloemde agenda. Dit is dié agenda van Afrikaans wat in die skoolverband in die studie ondersoek sal word.

## 5. BIBLIOGRAFIE

- Coetzee, E Anna  
1982                    "'n Heroriëntering van die begrip  
standaardtaal en 'n voorstudie van die  
ontwikkeling van standaard-Afrikaans  
gedurende die 20e eeu". Tydskrif vir Gees-  
teswetenskappe 22:4
- Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J.  
1983.                    Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van  
taalvariasie in Afrikaans. Kaapstad: H.& R.  
Academica.
- 
- Edwards, A.D.  
1976                    Language in culture and class. London:  
Heineman.
- Foss, Donald J. & Hakes, David T.  
1978                    Psycholinguistics. An introduction to the  
language of psychology. New York: Prentice  
Hall.
- O'Barr, William M. & O'Barr, Jean F. (eds.)  
1976                    Language and politics The Hague: Mouton.

Pêcheut, Michel

1982

Language, semantic and ideology.

(translation: Herbans Nagpal) London: Macmillan.

Ryann, Ellen Bouchard & Giles, Howard (eds.)

1982

Attitudes towards language variation. Social and applied contexts. London: Edward Arnold.

#### VOETNOOT

(1) Afrikaans is veral tydens die opkoms en hoogbloei van Afrikanernasionalisme as 'n soort Goddelike geskenk beskou. 'n Politikus soos D.F.Malan het dikwels die taal opgeneem in die onaan-tasbare alliansie wat bestaan het uit die kerk, die taal en die Afrikanervolk. Die gedagte kan egter in die heel vroegste geskifte oor Afrikaans terug gevind word, soos in Die Afrikaanse volkslied deur A.Pannevis, C.P.Hoogenhout, D.F.du Toit en S.J.du Toit in D.J. Opperman (red.) (1980:6) Groot Verseboek, Kaapstad: Tafelberg.

Die sesde strofe lui sô:

"Want al die nasies het één God  
Hy regel ieder volk syn lot;  
Hy het vir ieder volk syn Taal,  
Syn Land, syn Reg, syn Tyd bepaal  
Wie dit verag, sal syn straf dra:  
O God, beskerm Suid-Afrika!"

(My beklemtoning). Die verband tussen taal en tyd is ook betekenisvol. Daar sal in 'n volgende hoofstuk daarop uitgebrei word.

Die gedagte is egter nog lank nie uitgedien nie. A.P. Treurnicht (1975:35) haal in Credo van 'n Afrikaner, (Tafelberg) in die verband goedkeurend die volgende woorde van Totius aan:

"Dit was Totius wat oor die Afrikaanse Bybelvertaling gesê het dat God daardeur begin het om met die Afrikanervolk in sy eie taal te praat."

## HOOFSTUK 3

### AFRIKANERKONSEPSIES OMTRENT GEKLEURDES EN HUL TAALVARIANTE

#### INHOUDSOPGAWE

1. Die sosiale dimensie van taal	19
2. Historiese taalvooroordele en Afrikanersentrisme in skooltaalmateriaal	20
3. Die onversoenbaarheid van Afrikanernasionalisme en spraakgemeenskaplike eenheid	21
4. Die vervreemding van die gekleurdes en die Afrika- ners van die 19e eeu	22
5. Religieuse verwydering tussen Afrikaners en gekleur- des	23
6. Die Engelssprekendes as 'n faktor in die vervreem- dingsproses	26
7. Negentiende-eeuse standaardisasie en stigmatisering	27
8. Die alliansie tussen taalnasionalisme en politieke nasionalisme	28
9. Taaldiensbaarheid en die Afrikaners se politieke strategieë	29
10. Slotsom	31
11. Bibliografie	33

1. Die sosiale dimensie van taal

In sy boek The ethnic process. An evolutionary concept of language and peoples (1978) argumenteer Levic Jessel dat taal 'n tweeledige funksie het. Afgesien van die sentrale funksie as kommunikasiemiddel, reflekteer taal ook die sosiale en behaviouristiese toestande binne die groep, die groepservaringe, die manier waarop daar gedink word en die breë lewensbeskouing, van waaruit alle gebeure en ervaringe geïnterpreteer word. Naas die kommunikatiewe funksie, besit die taal dus ook 'n veelsydige sosiale dimensie.

In die sin is die taal die draer van die groep se sosiale geskiedenis, en word die werklikheidservaringe in die taallae vasgelê. So word die taal van die gemeenskap 'n eindelose akkumulاسie van groepservaringe en die taal en die letterkunde 'n soort argief van die historiese bewussyn. 'n Grondige studie van 'n taal se leksikon, sy geykte metafore en sy idiome behoort dus veel te openbaar omtrent kontemporêre en historiese waardes. Claus Mueller (1973:25-36) se navorsing omtrent die veranderinge wat die Duitse taal ondergaan het tydens die Nazi-era in Duitsland, en in Oos-Duitsland onder 'n kommunistiese bewind, bied 'n skouspelagtige illustrasie van die verskynsel. (Soortgelyke navorsing oor die linguistiese neerslag wat deur die apartheids-ideologie teweeg gebring is, is 'n saak wat dringende aandag verg, omdat dit 'n primêre stap behoort te wees in die identifi-

kasie van rassistiese taalmateriaal).

Eweneens huisves die letterkunde inligting omtrent sosiale verhoudinge uit vroeër tye, soos wat Jakes Gerwel in sy studie, Literatuur en Apartheid (1983) geïllustreer het.

Tog sal daar moet dieper gekyk word as 'n blote ondersoek na leksikale en idiomatiese uitdrukkings of die inhoudelike. George Lukens (1979:143) meen dat 'n ondersoek na hoe rassistiese taalgebruik etnosentrisme reflekteer, ook die fonologiese en die sintaktiese moet insluit.

## 2. Historiese taalvooroordele en Afrikanersentrisme in skooltaalmateriaal

In die hoofstuk word 'n beknopte oorsig gegee van die die Afrikaner se houding teenoor, en siening van die taal van sy gekleurde taalgenote. Die doel hiervan is om na te gaan in welke mate daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die vermeende taaleksklusiviteit soos dit geopenbaar word in Afrikaanse skoolhandboeke, en die Afrikanergemeenskap se siening van gekleurdes se taal. Die hipotese is dat skoolmateriaal, wat 'n etnosentriese karakter vertoon, die sekondêre produk is van kleurvooroordele wat in die gemeenskap bestaan. Die onderwys, en hier meer spesifiek Afrikaanse taalonderwys, is vanweë die swaar kontrole en die ondubbelsinnige ideologiese inslag, behoudend van aard; as sodanig kan daar redelikerwys verwag word, dat die taal, na inhoud en strekking, die waardes van die gemeenskap getrou sal weerspieël.

In sodanige historiese oorsig is dit wenslik om soms, naas die



sosio-linguistiese, ook die sosio-politieke verhoudinge en patrone in ag te neem. Soos dit in die hoofstuk sal blyk, is dit juis politieke faktore wat ingrypend op die ASG ingewerk het, en die huidige spanninge meegebring het. 'n Stelling van Bollinger (1980:45) som die innige verband op:

"Attitudes toward a form of speech are hardly other than attitudes toward the speakers."

### 3. Die onversoenbaarheid van Afrikanernasionalisme en spraakgemeenskaplike eenheid

In Antonissen (1960: 27) se motivering by die keuse van 1875 "as die aanvangsdatum van 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die Afrikaanse taal en letterkunde soos van die kultuur oor die algemeen", is die "liefde, die groeiende eerbied vir die enigste eie taal (en nasie) by 'n aantal mense". Die insluiting van "nasia" is betekenisvol, omdat taalnasionalisme en volksnasiona- lisme in beide taalbewegings 'n kragtige vennootskap gesluit het, waarin die faktore vir energieke groei opgesluit gelê het. Die opbruisende nasionale gevoel en die trots op 'n eie taal, het mekaar in so 'n mate wedersyds gevoed, dat die twee nasionalismes in 'n groot mate vergroei geraak het.

Die gekleurde komponent van die spraakgemeenskap het buite beide nasionalismes gestaan --- soos die groepe vandag nog 'n ambiva- lente onbetrokkenheid handhaaf. In 'n onderhoud oor hoe gekleur- des Afrikaans sien, as die noue assosiasie met die Afrikaner in gedagte gehou word, sê Jakes Gerwel (1983) "dat die hele kwes- sie van taalstryd en taalgevoelens 'n 'witmens'-kwessie is." Die

posisie het dus die afgelope eeu min verander. Die ongeletterde en politiek onaktiewe groepe gekleurdes van die 19e eeu, sou inderdaad ook die taal- en politieke stryd rondom die eeuwising as 'n "witmenskwessie" afgemaak het.

4. Die vervreemding van die gekleurdes en die Afrikaners van die 19e eeu

Die vraag ontstaan waarom die gekleurdes nie emosioneel, of kultureel, of polities by die Afrikanerbeweging betrokke was nie, aangesien hulle linguisties en in 'n groot mate kultureel, in 'n Afrikaanse wêreld geleef het.

In die deeglik nagevorste Die Afrikaner en sy taal (1964) wys Scholtz daarop dat die stryd tussen De Zuid-Afrikaan (gestig in 1830) en die Commercial Advertiser die kiemsel bevat van verskille wat hom vandag nog in die Suid-Afrikaanse samelewing manifesteer. In die polemieë rondom die vrystelling van die slawe het die redakteur Fairbairn as kampvegter vir die slawe opgetree. Daarmee het die Engelse pers die tradisie begin om vir die nie-wit bevolking as kampvegter teen die Hollands-Afrikaanse gemeenskap op te tree. Scholtz wys op die eerste tekens van verwydering tussen blanke en nie-blanke Afrikaner en haal o.a. die volgende nasionalistiese uitspraak aan: "ons nationaal karakter als Afrikaanders".

Tog blyk dit uit resente navorsing dat Scholtz se interpretasie van die 19e eeuse polarisasie moontlik simplisties is. Die noukeurige navorsing in The shaping of South African society 1652-1820 (1979) onder die redakteurskap van Elphick en Giliomee, lê 'n

ander kiemsel van toekomstige gekleurde-witverhoudinge bloot. In die eerste twee dekades van Britse besetting was die houding van die Afrikaners teenoor die Britse owerhede positief en spontaan, danksy die ekonomiese opbloei wat met die oornam gepaard gegaan het. Wat wel spanning veroorsaak het, was die verskillende benaderinge tot die gekleurde en swart groepe van Afrikaner en Brit. Laasgenoemde groep was onteenseglik meer human in hul benadering tot menseverhoudinge.

In die opsig is die dagboek van die koloniale sekretaris W. Bird, wat later uitgegee is onder die titel State of the Cape Good Hope in 1822, (1823 & 1966a) besonder insiggewend. Bird se persoonlike waarnemings tydens sy uitgebreide reise in die platteland gee 'n vars perspektief op die Afrikaner-gekleurde verhoudinge van die tyd. Hy skryf geskok oor die wesenlik verslagnende toestande, waaronder die vryswartes leef. Wat die hantering van die slawe self betref, strook sy waarnemings met die van ander historiese figure soos dr. John Phillip.

Giliomee (1979: 359-360) in 'n artikel "The structure of European domination at the Cape, 1652-1820" bevestig dat die sosiale stratifikasie op 'n kleurgrondslag in daardie tydperk reeds 'n voldonge feit was. Die dominante groep het na hulself verwys as inwoners, Afrikaners, Christene, witmense of Europeërs --- dus 'n Christelik-Europese normering met die eerste tekens van 'n blank-Afrikaner nasionalisme in wording.

##### 5. Religieuse verwydering tussen Afrikaners en gekleurd

Aanvanklik is daar gediskrimineer op grond van geloofsoortuiging,

wat in die vroeë fase van die nedersetting ook 'n skeiding tussen wit en nie-wit beteken het. Die Christelike norm ondergaan 'n ~~vreemde~~ ontwikkeling aan die einde van die 18e eeu toe die Bataafse regering in 1770 stipuleer dat geen gedoopte slaaf verkoop mag word nie, met die gevolg dat die kersteningsproses teen die begin van die 19e eeu feitlik tot stilstand gekom het. (Marais 1957:168). Bird (1966:349) is 'n waardevolle ooggetuie in die verband. Hy wys op die neiging by nie-Christene om tot die Mohammedaanse geloof oor te gaan --- ten spyte van die feit dat dieselfde 1770-regulasie die Muslim imams verbied het om slawe te besny of om hulle vir die Mohammedaanse geloof oor te wen. Hy vervolg:

"... it is not an unfrequent answer of a slave when asked his motives for turning Musleman, that 'some religion he must have and he is not allowed to turn Christian'"

Bird spreek sy bekommernis uit oor die groeiende populariteit van die Mohammedanisme en die verdelende potensiaal wat daarin opgesluit lê. Hy merk op dat die kleurskeidslyn reeds kommerwekkend is:

"The difference of colour furnishes already but too broad a line of distinction. Add the difference of religion, and the line of demarcation becomes yet wider and deeper."

Bird vrees dus 'n dubbele skeiding tussen Europeër en nie-Europeër: op kleur- en religieuse gronde. Dit moet verder in gedagte gehou word dat Bird hier na die Hollands-Afrikaanse bevolking

verwys, aangesien die klompie Engelse administratiewe beamptes en soldate in daardie stadium geen noemenswaardige impak op die gemeenskap kon gehad het nie.

Dit is dus 'n historiese feit waarmee rekening gehou moet word, dat Afrikaner-eksklusiwiteit diepliggende wortels het. Historiese omstandighede het meegebring dat die begrensing nie alleen op grond van velkleur plaasgevind het nie, maar dat ook die Christelike godsdiens, sedert die Bataafse verbod op die verkoop van gekerstende slawe in 1770, tot 1834 met die gedwonge vrystelling van die slawe, 'n soort blanke prerogatief geword het. Marais (1957:168) haal dokumentasie aan wat aandui dat teen 1800 die Bataafse verbod reeds meegebring het dat die kerkbanke in die Groote Kerk wat vir gekleurdes opsy gesit was, en vir dekades in gebruik was, leeggeloop het.

Dit is ironies dat in 'n era waarin Duitse en Engelse sendinggenootskappe verskeie stasies in die Kaapkolonie gestig het, die Hollandse kerk hom juis aan enige sendingaksie onttrek het. Die taalbegrensende verklarings van die Genootskappers teen 1875, val dus saam met 'n periode in die Afrikaanse kerkgeskiedenis, waartydens die Afrikaner ook sy godsdiens begrensend ervaar. As daar in ag geneem word dat godsdiens 'n sentrale posisie in die 19e eeuse Afrikanersamelewing bekleed het, ontstaan die vraag in hoe 'n mate die bewustelike distansiëring van nie-blankes as potensiële lidmate die sosio-linguistiese distansiëring beïnvloed het. Daar kan slegs gespekuleer word oor die invloed wat die kerklike begrensingsfase op die ontluiking van Afrikanernasionalisme gehad het.

## 6. Die Engelssprekendes as 'n faktor in die vervreemdingsproses.

Scholtz se stelling dat die politieke stryd tussen die twee Europese groepe, die verhouding in die spraakgemeenskap vertroebel het, moet dus gekwalifiseer word. Alhoewel daar spanning ontstaan het rondom die anglisasiebeleid, was daar omstreeks 1840 min sprake van politieke stryd. Spanning het wel bestaan oor die behandeling van nie-blanke groepe, sodat die verskille eerder van lewensbeskoulike as politieke aard was. Gekleurdes leer dus die Engelssprekendes ken as meer aanvaarbare administrateurs en werknemers. Voorts was die Engelse bewindhebbers gretig om hul taal, kultuur en godsdiens aan die nie-Europese groepe oor te dra.

Dit is eers in die laaste kwart van die 19e eeu dat die ontwakende Afrikanernasionalisme die Engelssprekendes polities verontrus, en die gekleurde groepe doelbewus teen Afrikaners opgesweep word. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die voorkeure wat die gekleurdes vir Engelssprekendes as groep toon, oorwegend op humanistiese oorweginge berus.

Daarbenewens moes die aansienlike anglisasieproses wat onder die Afrikaners aan die gang was, gekleurdes bewus maak het van die status wat aan Engels en die Engelse kultuur verbonde was, en dat opwaartse mobiliteit deur Engels loop. Die R.G.N.-ondersoek (Scheffer: 1984) na taalvoorkeure en taalpatrone onder "Kleurlinge", toon 'n besliste swaai van Afrikaans na Engels in die stedelike gebiede. Op die redes hiervoor, in soverre hulle nie klaarblyklik is nie, sal daar elders in die studie ingegaan word.

Dit is egter redelik om aan te neem dat die voorkeure wat in die ondersoek openbaar is, sy beslag ontvang het in die 19e eeuse politieke, sosiale, godsdiens- en taalgeskiedenis.

#### 7. 19e eeuse standaardisasie en stigmatisering

Scholtz (1964: 195) dokumenteer onbedoeld die eerste bewustelike tekens van blanke linguistiese distansiëring. 'n Brief wat moontlik deur Arnoldus Pannevis geskryf is, verskyn in 1874 in De Zuid-Afrikaan. Onder die titel: "Is die Afferkaans wesenlijk een Taal?" skryf hy o.a.:

"Ik denk dat it tyd is om ons Afferkaanse taal te erken.

Al wat ik tot hier toe in it Afferkaans gelees het, is veel meer Hottentots Afferkaans as iets anders. Ons moet

uitvind hoe spreek it beskaafde deel fan ons folk. As

ons dat gevonde het, dan gaat ons die re-els uitvinden..."

Die brief is in meer as een opsig merkwaardig. Die skrywer bemoei hom met 'n tweeledige linguistiese proses in sy poging om Afrikaans erken te kry: Eerstens evalueer hy die geskrewe vorm wat tot in daardie stadium oorwegend gebruik is, en verwerp dit as ongeskik. Die spraakvorm van die gekleurdes word dus implisiet gestigmatiseer. In die tweede plek lê die skrywer 'n breë program van aksie voor ten einde 'n standaardiseringsproses in werking te stel.

Die eksklusiewe toon van die brief val egter op. Die distansiëring van "Hottentots Afferkaans" en die verwysing na "ons" as synde die Afrikaners, openbaar 'n vroeë patroon wat 'n

eeu later wesenlik nie verander het nie.

Scholtz (1964:197) verwys ook na 'n brief van S.J du Toit, waarin hy onderskeid maak tussen Here-, Boere- en Hottentots Afrikaans, en oor 'n standaardisasiebeleid besin:

As ons so een boekie skryf, dan denk ek dit is beste om die middelkoers te hou en die Boere-taal te neem. Buitendien is die regte bevolking van ons land toch mar Boere".

Weer eens distansieer die skrywer hom van die taal van die gekleurdes, skram weg van verhewe boektaal en kies die "Boere-taal". Sy opmerking dat die ware bevolking van die land die Boere is, openbaar die ontluikende nasionale gevoel, wat ook by die vorige skrywer te bespeur was.

#### 8. Die alliansie tussen taalnasionalisme en politieke nasionalisme.

In die saamtrek van kulturele, politieke, religieuse en kleursimbole onder die vlag van 'n etnosentriese, eksklusiewe taalbeweging, soos dit blyk uit 19e eeuse geskrifte in en oor Afrikaans, word dit duidelik dat die Afrikaner die geakkumuleerde geestesgoed van die afgelope eeue as sy eie toegee<sup>e</sup>in het.

Arnoldus Pannevis se aanvanklike motivering vir 'n Bybelvertaling in Afrikaans het nog die behoefte van die gekleurdes in ag geneem, maar met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners word die taalbeweging onherroeplik blank-gesentreer. In die onderskeid wat daar getref is tussen Afrikaners met Hollandse, Engelse en Afrikaanse harte, word die bruiner Afrikaners, met



"Afrikaanse harte", nie in berekening gebring nie.

Die Afrikaanse Taalbewegings lui 'n eeu in, waartydens die taal diensbaar word aan die Afrikanersaak, en waar politieke strategie die Afrikaner dwing om politiek-vervreemdende stappe teenoor sy eie taalgenote te neem.

#### 9. Taaldiensbaarheid en die Afrikaner se politieke strategieë.

Die uitsluiting, wat in die 19e eeu sy beslag ontvang het, neem in die twintigste eeu 'n vaste patroon aan. Die gekleurdes se kulturele diversiteit en komplekse sosiale stratifikasies word gaandeweg volkome geïgnoreer, en hul mede-seggenskap in die evolusie van die taal ontken, terwyl gekleurde variante swaar gestigmatiseer word. So laat as 1969 word die volgende ontstaans-teorie oor Afrikaans beaamend deur 'n prominente hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria, H.J.J.M. van der Merwe, (1969:41) aangehaal. Die aangehaalde persoon is G.S.Nienaber:

"Ons moet die saak waarskynlik so voorstel: die Hotnots het hul eie, laat ons dit noem, plat Afrikaans; ... Die Afrikaanse taal is dan daar gebore waar die Afrikaanse volk gebore is --- op die platteland in die deftige ou Hollandse boerewoninge."

Die verbloemde agenda agter die ontstaansteorieë van Afrikaans is in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek; daarom word volstaan met 'n enkele opmerking wat aansluit by 'n teoretiese standpunt wat reeds in die verband gestel is: Nienaber poog om met die stukkie mitologisering die oorsprong van Afrikaans na edel wortels terug

te voer, en as taalnasionalis en Afrikanernasionalis die gekleurdes af te grens.

Die linguistiese distansiëring van die gekleurdes, wat sy beslag in die 19e eeu ontvang het, en die politieke, fisiese en sosiale distansiëring wat deur apartheidswetgewing 'n lewenswerklikheid geword het, het sodanig deel geword van die Afrikaner se denkpatroon dat gekleurde variante, selfs deur sommige akademici wat hulself as kenners op die gebied beskou, as 'n aparte linguistiese verskynsel beskou word.

Die feit dat die skeiding beskaaf/nie-beskaaf of standaard/nie-standaard nie langs suiwer etniese lyne loop nie, doen nie afbreuk aan die feit nie dat taalstigmatisering in die geheel die gekleurdes die swaarste getref het.

Dit kan geïllustreer word deur na te gaan hoe Kaaps-Afrikaans en Griekwa-Afrikaans deur 'n akademikus, wat klaarblyklik 'n studie van variante gemaak het, gehanteer word. De Klerk (1969), in 'n artikel getitel "Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans", wat ook opgeneem is in die bundel Afrikaans en sy verskeidenheid, stel hom dit ten doel om fonemiese verskille in Afrikaans te identifiseer. Hy lig verskille by die volgende "dialekte" toe: Bolands, Weskus, Noord- en Noordwes-Transvaal, Boesmanland, bryr-variante, Rand, en Sentraal Vrystaat. In die studie van twee en twintig bladsye word die twee gekleurde variante nie eens gemeld nie. Daar is ook geen verduideliking waarom daar slegs op "blanke" variante gekonsentreer word nie; daarom kan daar slegs afleidings gemaak word waarom van die mees markante variante in

Afrikaans nie deel uitmaak van De Klerk se bespreking nie. Die enigste kriterium wat in sy selektiewe keuse van variante sin maak, is die van kleur. Dit is 'n redelike afleiding om te maak dat die politieke apartheidsbestel De Klerk daartoe beweeg het om ook spraakgemeenskaplike apartheid toe te pas, en sodoende die Afrikaans van gekleurdes uit die taalliggaam te verwyder.

Die bedenklike soort akademiese werk, waarvan die wetenskaplike juistheid deur ideologiese oorweginge verwring word, sou na inhoud en strekking sy weg van tersiêre studieterreine na skool-sillabusse kon vind. In die ondersoek wat van senior taalboeke gedoen sal word, sal eventuele beïnvloeding, waar moontlik nagegaan word.

#### 10. Slotsom.

Uit die navorsing van die sosiale en taalgeskiedenis van die vroeë spraakgemeenskap, blyk dit dat sosiale en taalstratifikasie reeds teen die middel van die 19e eeu redelik vas was, en dat klassestratifikasie 'n hoë korrelasie met kleurstratifikasie getoon het. Negentiende-eeuse pogings tot taalstandardisasie verwerp op 'n pertinente wyse die taal van gekleurdes. Die feit dat taalvariasie as 'n kontinuum beskou moet word, en groot grys gebiede moes bestaan het waar blankes en gekleurdes dieselfde variant gepraat het, dui daarop dat die standaardisasieproses ook 'n sosiale distansiëringsproses omsluit het.

In die volgende hoofstuk word die "difference/deficit"-debat in oënskou geneem en nagegaan hoe die internasionale gesprek die ASG

raak. In aansluiting by die 19e eeuse linguistiese distansiëringsproses wat in die hoofstuk geïdentifiseer is, word die konsep proksimaliteitslinguistiek in hoofstuk 4 bekendgestel en op die ASG van toepassing gemaak.

11. BIBLIOGRAFIE

Antónissen, Rob

1960

Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede.

Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Bird, W.

1966

State of the Cape of Good Hope in 1822.

Cape Town: Struik. (Oorspronklike uitgawe:

London: John Murray 1823).

---

Bollinger, Dwight

1980

Language. The loaded weapon. London: Longman.

De Klerk, W.J.

1983

"Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans" in  
G.N. Claassen en M.C.J. van Rensburg,  
Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica.

Elphick, Richard en Giliomee, Herman

1979

The shaping of South African society. 1652-  
1820. Kaapstad: Longmans.

Gerwel, Jakes

1983

"Afrikaans --- 'n toekomspektief."  
Standpunte 165, XXXVI:3 Junie 1983.

Gerwel, J.G.



Van der Merwe, H.J.J.M.

1969

Afrikaans en sy ontwikkeling Pretoria:

Van Schaik.

## HOOFSTUK 4

### DIE "DIFFERENT/DEFICIT"-DEBAT EN PROKSIMALITEITSLINGUISTIEK

#### INHOUDSOPGAWE

1. Ter inleiding	37
2. Die verband tussen sosiale agtergesteldheid en taalafwyking	38
3. Die "difference/deficit"-debat	38
4. Black English en agtergesteldheid	41
5. Die Anne Arbor-hofsaak	42
6. Verbale intimidasie	43
7. Progressiewe benaderinge tot taalstudie in ghetto-skole	44
8. Die Amerikaanse debat en taalvariasie in die ASG	45
9. Die stigmatisering van die spraak van gekleurdes in die ASG	46
10. Proksimaliteitslinguistiek en sosiale afstand	47
11. Etnosentrisme en linguistiese variasie	48
12. Slotsom	49
13. Bibliografie en voetnoot	51



DIE "DIFFERENT/DEFICIT"-DEBAT EN PROKSIMALITEITSLINGUISTIEK

Moetie rai gammattaal gebrykie  
dit issie mooi nie:  
dit dieghreid die coloured mense ---  
of hoe?

wat traai djy  
om 'n coloured culture te create?  
of dink djy is snaaks  
om soe te skryf?  
of hoe?

Traai om ôs liewerster op te lig;  
ôs praat mossie soe nie...?  
of hoe?

(Snyders 1982:3)

Ter inleiding

Die innige verhouding tussen die posisie wat 'n groep in die samelewing bekleed, en die taalvorm wat lede van die groep besig, was die afgelope twee dekades die onderwerp van intense studie in veral Amerika. Insigte is verkry wat ook kan lig werp op die sosio-linguistiese posisie van die gekleurde agtergesteldes in die ASG. Daarom is dit nodig om van die debat wat rondom die onderwerp gevoer is, kennis te neem.

### 1. Die verband tussen sosiale agtergesteldheid en taalafwyking

Die verhouding wat daar bestaan tussen sosiale agtergesteldheid en taalafwyking is deeglik nagevors en gedebatteer deur opvoedkundiges, sosioloë, politici en sosio-linguïste in die Verenigde State van Amerika, waar dit veral gegaan het om die posisie van Black English in verhouding tot Standard English. (voorts B.E. en S.E.). (I) --- 'n kwessie wat op die spits gedryf is deur die Swart Mag-beweging in die sestigerjare. Die Amerikaanse Neger se linguïstiese posisie toon in oorsprong en ontwikkeling soveel ooreenkoms met dié van ons eie gekleurdes se posisie in die ASG, dat dit die studie sal baat om die verloop van die debat kortliks in oënskou te neem, en dan na te gaan in hoe 'n mate die insigte, ten opsigte van variante, op die ASG-situasie toegepas kan word.

### 3. Die "different/deficit"-debat

Die vraag of 'n variant se inherente kwaliteite taalandersheid of taalgebrektheid reflekteer kom so dikwels na vore in die gesprek rondom standaard en variant dat die historiese verloop verken behoort te word.

Wesenlik gaan dit hier om die vraag, waarom die taal van die laerklasleerling hom in sy skolastiese prestasies en in sy algemene sosialiseringproses strem. Twee opponerende teorieë het rondom die kwessie ontwikkel, met Basil Bernstein as die skepper en vernaamste eksponent van die "deficit"-hipotese. In reaksie hierop ontstaan die "different"-hipotese, wat ontstaan het uit die navorsing wat o.a. deur William Labov in die verband gedoen is.

Dittmar (1976:1-26) som die deficit hypothesis, soos geformuleer deur Basil Bernstein, soos volg op: Die spraak van die laer klasse is meer beperk in omvang en nuanse as dié van die middelklas. Bernstein tipeer die spraak van eersgenoemde as restricted, met 'n armoede aan abstrakte denke, terwyl die middelklas oor 'n elaborate speech code beskik. Laasgenoemde kode stel die spreker in staat om hom op 'n relatief komplekse en genuanseerde wyse uit te druk --- 'n vermoë wat die spreker onderskei van die laer klasse. Hierin lê die beslissende rede vir sosiale ongelykheid, sê Bernstein. Die teorie agter Bernstein se onderskeid, lê in die hipotese dat verskillende spraakvorme hul oorsprong het in verskillende psigologiese en sosiale ervarings van die sprekers, terwyl die ervarings op hul beurt weer bepaal word deur die lidmaatskap van 'n bepaalde sosiale klas. Sprekers uit die laer klasse kan slegs toegang verkry tot die hoofstroom van die sosiale lewe, indien hulle oor 'n bepaalde linguistiese vermoë beskik, waarvan die norm deur dominante klas bepaal word.

Daarbenewens maak die middelklas daarop aanspraak dat hul spraakvorm superieur is t.o.v. kwaliteite soos grammatikale korrektheid, die vermoë tot logiese analise en uitdrukkingsvermoë

Bernstein se hipotese is deur sommige navorsers met ontsteltenis verwerp, vanweë die fatalistiese karakter daarvan. Daar is gereedeneer dat, indien die hipotese in die opvoedkunde as 'n geldige beginsel aanvaar word, dit opwaartse mobiliteit van die laerklaskind sou stuit.

Dittmar (1976:93) som sy kritiek op die deficit hypothesis-teorie soos

volg op:

3.1. Die aarselende verbale respons van die laerklaskind word verkeerdelik geïnterpreteer as 'n gebrek aan verbale vermoëns.

3.2. Verbale tekortkominge word gesien as die belangrikste rede vir swak prestasies.

3.3. Die feit dat middelklaskinders beter op skool presteer, word geïnterpreteer as 'n bewys dat middelklasspraakgewoontes 'n voorvereiste vir sukses op skool is.

3.4. Klas- en etniese verskille wat hulle in grammatikale vorme manifesteer, word gelyk gestel aan verskille in kapasiteit om logies te dink.

3.5. Die nabootsing van bepaalde formele spraakpatrone, word verkeerdelik beskou as 'n oefening in logiese denke.

Die aannames wat deur Bernstein gemaak word, word dus deur Dittmar se analise as elitisties ontbloom. Bernstein se hipotese hou dus ernstige morele en sosiale implikasies vir die laerklaskind in.

William Labov (1970:1-43) se reaksie op Bernstein se hipotese is hoofsaaklik gegrond op navorsing onder ghettokinders, waardeur hy die volontwikkelde aard van die kinders se taal probeer bewys het. Labov het in sy eksperimente as uitgangspunt en voorvereiste gestel dat daar na die kinders se taal geluister word, en dat dit as 'n kommunikasiekode beoordeel sal word, en nie in hoe 'n mate dit fonologies, sintakties en grammatikaal van die gestandaardiseerde vorm verskil nie.

Daar is dus probeer om die normale vooroordele wat by die standaardspreekers bestaan, uit te skakel. Daarbenewens het hy ander

veranderlikes, wat negatief kon inwerk, probeer uitskakel. Kinders is op hul gemak gestel deur met hulle in 'n vertroude omgewing te werk. 'n Ander belangrike vernuwing, was die uitsluitlike benutting van onderwysers wat vertrouwd was met die spraak en agtergrond van die kinders. Analises van transkripsies het getoon dat die "deficit" alte dikwels in die luistervaardigheid van die standaardspreker/hoorder gesetel was, terwyl kommunikasie binne die groepe self, in nuanse en subtiliteit, gelykwaardig was aan soortgelyke informele gesprekke onder standaardsprekers.

#### 4. Black English en agtergesteldheid

Die gebruik van die term agtergesteldheid verdien vooraf verduideliking. In die Suid-Afrikaanse konteks, en veral in Afrikaans, is die konsep nog relatief nuut. (Die simplistiese en wetenskaplik onakkurate term agterlikheid word nog algemeen gebruik.) Dit dra in hom om 'n sosiale bewustheid dat armoede en 'n lae ontwikkelingspeil nie op simplistiese wyse aan inherente minderwaardigheid van die groep toegeskryf kan word nie, maar dat 'n stel komplekse faktore vir sodanige toestande verantwoordelik mag wees.

Black English is tot so laat as die middel van die twintigste eeu beskou as 'n gedegenererde vorm van Standard English. Foss & Hakes (1978: 376 e.v.) wys op die mites wat rondom die variant ontstaan het. Verklarings vir die andersheid van B.E. het gewissel van fisiologiese verklarings, bv. dat die dik lippe van die Negers dit vir hul onmoontlik maak om die gesofistikeerde Engelse

klankstelsel te bemeester, tot 'n verklaring dat hul spraak hul inherente luiheid weerspieël. Negers wat in die noordelike streke van Amerika onder blankes leef, praat egter S.E., wat die soort verklarings ontmasker as kwaadwillig en rassisties.

Foss & Hakes bespreek die jongste navorsing wat daarop dui dat die historiese verbintenis met Wes-Afrika en die konglomeraat van swart tale wat deur die slawe gepraat is tot 'n spraakvorm aanleiding gegee het wat sommige linguïste as 'n selfstandige taal beskou, en nie as 'n variant nie.

#### 5. Die Anne Arbor-hofsaak

Dit was die groeiende gevoel dat die hantering van B.E. deur onderwysowerhede in die suidelike state van Amerika onderdrukkend en diskriminerend van aard is, wat aanleiding gegee het tot die Ann Arbor-hofsaak (Vaughn-Cooke 1981: 24 e.v.). In 1979 is in Ann Arbor, Michigan, V.S.A. 'n hofsaak namens elf swart kinders aanhangig gemaak, waarin aangevoer is dat die Ann Arbor School District 'n federale wet oortree het deur hul taalprobleme te verontagsaam. Kwessies wat opgehaal is, was dat die I.K.-toetse en aanlegtoetse ongeldig is, omdat die taal wat in die toetse gebruik is, teen die kinders gediskrimineer het, terwyl hulle algemene linguïstiese andersheid deur die skoolowerhede geïgnoreer of op 'n wyse benader is wat skadelik vir die kinders se algemene ontwikkeling is. Die owerhede se beleid om die leerlinge se spraak te probeer "remedieer" sodat S.E. so gou moontlik benader kan word, sou neerkom op die ignorering en kleinering van die leerlinge se kulturele agtergrond.

Voorts is daar aangevoer dat die onderwysbeleid 'n streep trek deur die leerervaringe van die leerlinge gedurende die eerste ses jaar van hul lewe. Daar is geëis dat die skool 'n beleid implementeer waarvolgens voortgebou sal word op wat die kleuter reeds in die eerste ses jaar van sy lewe geleer het. Deur 'n nuwe linguistiese patroon af te dwing, word die variantsprekers nie alleen hopeloos verwar nie, maar permanent agtergestel.

## 6. Verbale intimidasie

Robert Berdan (1982:77) het na aanleiding van die opspraakwekkende hofsaak 'n eksperiment opgestel om die effek vas te stel van die soort linguistiese beleid, waaraan swart ghettokinders onderwerp word. Vir die doel is van na-graadse S.E.-sprekers vereis om B.E. aan te leer onder omstandighede, soortgelyk aan dié wat in ghettoskole heers. Dieselfde kultureel vyandige klimaat is geskep, waarin groot druk op die studente geplaas is om S.E. te laat vaar en B.E. te bemeester. Na enkele maande het die studente negatiewe reaksies, soortgelyk aan dié wat by ghettokinders voorkom, geopenbaar: gebrekkige intonasie, subvokalisering, stoterige taal, en wilde raaiwerk by die uitspraak van woorde. Die algemene gedrag van die eksperimentele groep het gaandeweg ook sterk ooreenkomste begin toon met dié van swart variantsprekers, wat nie S.E. kan bemeester nie.

Berdan se eksperiment het Amerikaanse opvoedkundiges en sosiolinguiste, wat met ghetto-onderwys te make het, bewus gemaak van 'n nuwe element in taalonderwys, wat Berdan self as verbale

intimidasie bestempel. Daar is 'n nuwe besef dat onderwys vir die kind van die variantspreker in die meeste gevalle 'n traumatiese ervaring is, waarin vertroude kulturele waardes soos beliggaam in sy taal, sistematies uitgewis word. Hy betree 'n fase waarin hy hopeloos verwar word deur die feit dat die spraakvorm wat tuis gebruik word, op skool as verkeerd bestempel word. Die enigste wyse waarop hy aan die trauma en vernedering kan ontsnap, is om hom aan die skool en sy bedrywighele te onttrek.

Die identifikasie van die probleem, het Amerikaanse navorsers die taak gelaat om 'n werkbare taalbeleid te ontwikkel --- 'n taak wat in die stadium nog nie afgehandel is nie. Ten einde 'n beter begrip vir die probleme in die ASG te ontwikkel, is dit egter wenslik dat daar van die internasionale debat rondom die saak kennis geneem word.

#### 7. Progressiewe benaderinge tot taalstudie in Amerikaanse ghettoskole

Uit voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat 'n kindgesentreerde taalprogram vir variantsprekers, onderwysers verg wat nie alleen 'n deeglike taalkennis van die standaard besit nie, maar ook onderleg is in die betrokke variant. Voorts sou die ideale onderwyser homself vertrou maak met die kulturele- en subkulturele uitinge van die betrokke groep.

Janet Castro (1971: 81-108) se program onder ghettokinders beliggaam veel van die nuwe sieninge omtrent taalprogramme wat vir 'n spesifieke sosiale groep ontwerp is. Sy beskryf die proses waardeur sy die vooroordeel en minderwaardigheidsgevoel van die



kinders teenoor hul eie taal eers moes afbreek, voordat hulle kon skep en ervaar. Vir haar hou die outomatiese aanleer van die standaardtaal en die afleer van die eie variant nie alleen 'n verwerping in van die kind se taal nie, maar inderdaad van die kind self, sy gesin en sy agtergrond.

#### 8. Die Amerikaanse debat en taalvariasie in die ASG

In die beskouinge oor Afrikaanse taalvariasie is dit belangrik dat daar verby soortgelyke vooroordele beweeg sal word, in 'n poging om tot 'n suiwer siening van die variant binne die ASG te kom.

Dwight Bolinger in Language. The loaded weapon (1980:48) doen 'n uitspraak oor B.E., wat eweneens geldig is vir t.o.v. Kaaps-Afrikaans:

"In all respects --- as far as it is possible to measure something as complex as a culture's whole means of expression --- Black English is as good a working instrument for communication as any; but it has two faults: it is different and it is black." (my beklemtoning).

Die kommunikasie-aspek moet beklemtoon word, omdat Bolinger nie daarop aanspraak maak dat 'n variant, wat nie in formele situasies gebruik word nie, dieselfde volontwikkeldheid besit as 'n gestandaardiseerde vorm nie, maar dat dit voldoen aan die kommunikatiewe behoeftes van die groep sprekers.

In die sosio-linguistiek het dit nou algemeen aanvaarbaar geword

dat daar weg beweeg word van absolute taalstandaarde wat wesenlik op sosiale vooroordele berus. David Crystal sê in die verband:

"People tend to appeal to a criterion of logic of some sorts when making statements about the way a language is constructed."

Hy wys daarop dat die neiging om sekere tale of variante as logieser, of mooier, of meer kompleks te bestempel, onwetenskaplik is. Dit geld ook vir ander aspekte soos aksent en uitspraak, waar die een vorm nie intrinsiek van 'n hoër orde of aantrekliker kan wees nie. Reaksies op die taal of uitspraak van ander word dus steeds gekleur deur die vooroordele wat spruit uit die eie sosiale agtergrond.

#### 9. Die stigmatisering van die spraak van gekleurdes in die ASG.

In die bespreking van die dinamiese verhouding tussen die gestandaardiseerde taalvorm en die ander variante, is daar verwys na die twee prosesse wat gelyktydig plaasvind: standaardisering en stigmatisering --- prosesse wat hul wel deeglik in die evolusie van die ASG laat geld het, en nog steeds bepalende faktore is in die intergroep-verhoudinge van die spraakgemeenskap.

Dit is moeilik om die twee prosesse van mekaar te skei, vanweë die verstrengelde aard daarvan in enige spraakgemeenskaplike geskiedenis. Die intensiteit waarmee die standaardisasieproses hom voltrek, staan in direkte verhouding tot die mate waarin ander variante gediskrediteer word.

Alvorens die stigmatisering van gekleurde spraakvariante en die

sosio-politieke motivering daaragter ondersoek word, is dit wenslik om die verskynsel self te analiseer en te omskryf.

#### 10. Proksimaliteitslinguistiek en sosiale afstand

Die term proksimaliteitslinguistiek is deur die sosio-linguis Lukens (1979:143-156) geskep om gestalte te gee aan die proses wat hom afspeel tussen spraakgemeenskaplike groepe, waardeur hulle 'n gewenste kommunikatiewe afstand tussen mekaar bewerkstellig. Lukens se teorie omtrent kommunikatiewe afstand onderskei drie linguistiese afstande: die afstand van onverskilligheid, die afstand van vermyding, en die afstand van diskreditering.

In die eerste geval word die eie kultuur eerste gestel, terwyl die buitegroep as 'n probleem gekategoriseer word. (In die geval van die ASG het die Afrikaner sy gekleurde taalgenoot tot probleem verklaar --- die stadium het metaforiese gestalte verkry in taalskeppinge soos Kleurling, Kleurlingprobleem en Kleurlingvraagstuk).

Die tweede stadium, die afstand van vermyding, word bereik wanneer die linguistiese patrone van die dominante groep sodanig beklemtoon word, dat die buitegroep in reaksie daarop tekens van kultuurverwerping begin toon. Sodanige kultuurverwerping kan twee vorme aanneem: 'n beklemtoning van die eie variant, of die beweging na 'n ander taal vir "psycho-social liberation", aldus Lukens. (In die geval van die ASG sal na beide divergerende vorme gekyk word, maar dit is veral die tweede alternatief, waaraan daar aandag gegee sal moet word).

Lukens maak die belangrike waarneming dat beide die dominante en buitengroepede die afstand van vermyding mag skep, deur hul variantverskille te beklemtoon. Terwyl lede van die dominante groep hul superioriteit beklemtoon deur sekere spraakpatrone te aksentueer, sal ondergeskikte groepe juis gestigmatiseerde taal gebruik om groepsidentiteit te versterk.

Die mees drastiese distansiëring, is die afstand van kleinering, wanneer intense intergemeenskaplike stryd ontstaan. Die buitengroep besef dat die dominante groep op onwettige wyse 'n magsposisie verkry het, en soek 'n wyse om dit ongedaan te maak. Die konflik betree nou die versetfase. (Die moontlikheid dat die buitengroep in die ASG tot die fase kan oorgaan, sal in 'n later stadium in die studie ondersoek word, wanneer taaldivergerende kragte onder gekleurdes aandag sal ontvang).

#### 11. Etnosentrisme en linguistiese variasie

Sosio-linguistiese navorsing het die siening dat groeperinge binne 'n spraakgemeenskap uitsluitlik op grond van akkulturasievlakke en linguistiese variasie ontstaan, nou grootliks verwerp. Die etnosentriese kragte binne 'n groep beklemtoon eenvoudig kulturele en linguistiese verskille ten einde 'n marginale groep 'n buitengroep te maak.

Die wyse waarop die proses in die ASG deur die dominante Afrikanerfaksie volvoer is, sal in die studie aandag ontvang, aangesien dit die sentrale ondersoek na die eksklusiewe aard van Afrikaanse skoolhandboeke ten diepste raak.

## 12. Slotsom

Die belangrikste insigte wat uit die debat rondom taalvariasie gekristaliseer het, sou soos volg opgesom kan word:

12.1. Politieke bewegings -- in dié geval die Amerikaanse Swart Magbeweging -- gaan gewoonlik ook gepaard met 'n verhoogde bewustheid t.o.v. die taalsituasie. (Die Afrikaanse Taalbewegings en die verengelsingstendens onder die verstedelike gekleurd is 'n sprekende voorbeeld hiervan).

12.2. Alhoewel die "different/deficit"-debat nog nie beslissend afgeloop het nie, het die "differentness" van variante ten minste erkenning ontvang. Dit het gelei tot die aandrang om taalonderwys te demokratiseer, en in Amerika die bereidheid om B.E. as 'n volwaardige kommunikasiemedium te ondersoek.

12.3. In opvoedkundige kringe is daar 'n groter bewustheid dat die nie-standaardspreker se intrede in die skoolomgewing in die meeste gevalle 'n traumatiese ervaring is, en dat die aanslag op sy taal- en kultuurwêreld kan aanleiding gee tot anti-sosiale gedrag en swak skoolprestasie.

12.4. Kleurvooroordele speel 'n beduidende rol in die stigmatisering van B.E. Die rol wat kleur in die ASG speel, sal in die studie ondersoek moet word, byvoorbeeld 'n afdoende verklaring moet gebied word vir die feit dat 'n Sandveldse of Namakwalandse uitspraak wat oorwegend met blanke sprekers geassosieer word, oor die algemeen as kleurryk bestempel word. Daarteenoor word die Kaaps-Afrikaanse uitspraak wat oorwegend met gekleurde sprekers geassosieer word, as 'n komiese brabbeltaal afgemaak. (1).

12.5. Die navorsing rondom die S.E.-B.E.-kwessie het aan die lig

gebring dat die meeste onderwysers nie akademies onderleg en professioneel opgelei is om taalvariasie op 'n progressiewe wyse te hanteer nie. Die heersende indruk by Amerikaanse onderwysers is dat die standaardtaal nie varieer nie, konteks-vry is en die teenpool van variante is. Die feit dat taalvariasie 'n kontinuum eerder as polariteit reflekteer en dat dit uiteraard die metodiek van taalonderrig beïnvloed, bring belangrike implikasies vir Afrikaanstaalonderrig. Ten einde onderwysers te kweek wat sensitief staan teenoor taalvariasie, sal heelwat navorsing gedoen moet word ten opsigte van fonologiese, leksikale en grammatikale vorme in Afrikaans.

12.6. Die bydraes tot die B.E.-S.E.-debat verteenwoordig literatuur uit verskeie dissiplines: antropologie, sosiologie, politieke ekonomie, linguistiek, dialektologie, historiografie en die opvoedkunde. Dit sou kortsigtig wees om die gesprek rondom variante tot opvoedkundiges en sosio-linguïste te beperk. Taaldestigmatisering kan slegs suksesvol benader word, wanneer die talle fasette van die probleem ten volle nagevors en belig is. Dit mag nie uit die oog verloor word nie dat taalstigmatisering die linguïstiese manifestasie van 'n verwickelde sosiale situasie is.

.....

13. BIBLIOGRAFIE EN VOETNOOT

Berdan, Robert

1980 "Knowledge into practice. Delivering research to teachers" in Marcia Farr Whiteman (ed.): Reactions to Ann Arbor: Vernacular Black English and Education. Virginia: Centre for applied linguistics.

Bolinger, Dwight

1980 Language. The loaded weapon. London: Longman.

Cachet, J. Lion

1980 "Die Afrikaanse Taal" in D.J.Opperman (red.) Groot verseboek Kaapstad: Tafelberg.

Castro, Janet

1971 "Untapped verbal fluency of Black school children" in Eleanor Burke (ed.): The culture of poverty. New York: Simon & Schuster.

Crystal, David

1969 What is linguistics?  
London: Edward Arnold.

Dittmar, N.

1976 Sociolinguistics London: Edward Arnold.

Foss, Donald & Hakes, David T.

1978 Psycholinguistics. An introduction to the Psychology of Language New York: Prentice Hall.

Gerwel, Jakes

- 1983 "Afrikaans --- 'n toekomspektief" in Standpunte 165, Junie 1983 XXXVI:3.
- Ferguson, Charles A.
- 1968 In J.A.Fishman (ed.): Readings in the sociology of language. The Hague: Mouton.
- Judd, Judith
- 1984 "A-level English as she is spoke" in The Argus 2 Augustus 1984.
- Labov, W
- 1970 "The logic of Nonstandard English" in Report on the 20th. annual round table meeting on linguistics and language studies Monograph series on language and linguistics 22, Washington DC.
- Lukens, J.G.
- 1979 "Interethnic conflict and communicative distances" in Howard Giles and Bernard St. Jacques (ed.): Language and ethnic relations. Oxford: Pergamon Press.
- Small, Adam
- 1979 "The place of the Coloured people in South Africa" in Quislings or realists. A documentary study of 'Coloured' politics in South Africa. Johannesburg: Ravan.
- Snyders, Peter
- 1982 'n Ordinary mens. Kaapstad: Tafelberg.



Vaughn-Cooke, Fay Boyd

1980

"Evaluating the language of Black speakers: Implications of the Ann Arbor Decision" in Marcia Farr Whiteman (ed.): Reactions to Ann-Arbor: Vernacular Black English and Education.

#### Voetnoot

(1) In die verband kan kennis geneem word van 'n nuwe sillabus wat in Brittanje teen 1986 in gebruik geneem sal word. (Judith Judd, "A-level English as she is spoke" in The Argus, 2 Augustus 1984). Die "London Examining Board" beplan om die Engels-sillabus vir die sg. "A-levels" drasties te hersien, ten einde die beperkende idees omtrent "correct English" te korrigeer. Die doel daaragter is om leerlinge en die gemeenskap bewus te maak van die feit dat ander variante in eie reg naas "Standard English" leef. 'n Essensiële deel van die eksamen sal bestaan uit die opneem en transskripsie van omgangstaal.

## HOOFSTUK 5

### AFRIKANERHISTORIOGRAFIE EN DIE ONTWIKKELINGSTEORIEË OMTRENT AFRIKAANS

#### INHOUDSOPGAWE

1. Ter inleiding	55
2. Die omstredenheid van die Suid-Afrikaanse werklikheidsbeeld	55
3. Besinning in Afrikanergeledere	56
4. Die taalgeskiedenis as 'n interpolasie in die volksgeskiedenis	57
5. 'n Sosio-linguistiese interpretasie van die polemieë rondom die ontstaansteorieë van Afrikaans	58
6. Gekleurdes se bestendige rol in die 19e en vroeë 20e eeu	59
7. Gekleurdes se reaksie op die polemieë	60
8. 'n Behoefte aan historisiteit en outonimiteit	61
9. Die ontstaan van 'n mite	61
10. Apartheid en taalapartheid	63
11. Bibliografie	66

# AFRIKANERHISTORIOGRAFIE EN DIE ONTWIKKELINGSTEORIEË OMTRENT AFRIKAANS

## 1. Ter inleiding

In die vorige hoofstuk is daar verwys na die verskynsel dat verhewigde politieke en nasionale bewustheid gepaard kan gaan met 'n oplewing op taalgebied, en dat 'n politieke beweging soms die taal of die variant inspan om koherensie en nasionale eenheid te bevorder. Voorts is dit klaarblyklik dat waar 'n taal- en politieke alliansie aangegaan word, sosio-historiese en taalhistoriese weergawes van die verlede gesinchroniseer moet word. In hierdie hoofstuk sal nagegaan word hoe die Afrikaner 'n proto-geskiedenis van die totstandkoming van die volk en taal gekonstrueer het ten einde sy 20e eeuse posisie na eerbare wortels te voer.

## 2. Die omstredenheid van die Suid-Afrikaanse werklikheidsbeeld

In sy jongste publikasie Omstrede Suid-Afrikaanse verlede (1984) besin die historikus F.A. van Jaarsveld oor die toenemende bevraagtekening van die blanksentriese, en meer bepaald die Afrikanersentriese weergawe van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die omstredenheid het veral in die laaste dekade toegeneem en gaan gepaard met die politieke bewuswording van die swart en gekleurde studerende jeug, en historiese navorsing wat lank gehuldigde beskouinge omverwerp.

Ook die vertrekpunte het vermenigvuldig: Terwyl die oorgrote

meerderheid Afrikanerhistorici Afrikanersentries te werk gaan, en die gebeure vanuit 'n Christelik-Nasionale wêreldbeskouing interpreteer, ontwikkel daar naas die tradisionele liberale geskiedskrywing aan Engelsmedium universiteite, die Marxistiese interpretasie met die uitgangspunt dat die geskiedenis <sup>in 'n sekere sin</sup> gereduseer kan word tot 'n nimmereindigende stryd tussen sosio-ekonomiese klasse (1).

### 3. Besinning in Afrikaner-geleedere

André du Toit (1981:41) sê in 'n artikel, waarin hy 'n toekomstperspektief van post-nasionale Afrikanerpolitiek probeer bied, dat alhoewel die nasionale gevoel onder Afrikaners eers omstreeks 1870 ontwaak het, die Afrikanergeskiedskrywing die geskiedenis wat die tyd vooraf gegaan het, begin interpreteer het as 'n soort proto-geskiedenis van die Afrikanernasie. Die interpretasie van die vroeë geskiedenis was 'n poging om vroeëre gebeure in die nasionalistiese paradigma te laat pas.

N.P.van Wyk Louw (1939:56) het reeds meer as vier dekades gelede daarop gewys dat die Afrikaner in sy geskiedskrywing twee dwaalweë volg: Enersyds word die vroeë geskiedenis bevolk deur "edelmanne en vroue", en andersyds word die Trekkers in hul volle historiese besonderheid as model vir die huidige geslag voorgehou.

Selfs F.A.van Jaarsveld (1978) in 'n artikel, "Die Afrikaner: 'n geskiedkundige analise", bevraagteken nou retrospektief die geldigheid van die werklikheidsbeeld, waarbinne die Afrikaner leef. Van Jaarsveld skets 'n somber toekomstbeeld, wat paslik

ingelui word met 'n aanhaling uit Future Shock van Alvin Toffler: "Change is the process by which the future invades our lives", en konstateer: "Die wêreld waarin die oortuiging van die Afrikaner ontstaan het, het onherroeplik verby gegaan." (:32).

Hierdie stelling is des te meer merkwaardig, wanneer daar in ag geneem word dat F.A. van Jaarsveld as een van die hoofargitektheite van die Afrikanerhistoriografie beskou word. Sy geskiedskrywing is nie alleen op die tersiêre terrein as gesaghebbend aanvaar nie, maar ook in Suid-Afrikaanse skole, waar sy handboeke vir dekades reeds gebruik word.

4. Die taalgeskiedenis as 'n interpolasie in die volksgeskiedenis.

Die omstredenheid rondom die Afrikanerweergawe van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing bring die dispuut rondom die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans weer eens na vore.

André du Toit se beskouing dat die Afrikaner die geskiedenis voor 1870 as 'n soort proto-geskiedenis van die Afrikaner begin interpreteer het, laat ontstaan die vraag in hoe 'n mate die teorieë rondom die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie deur die Afrikaneriseringsproses beïnvloed is nie. Gegee die kragtige vennootskap tussen volks- en taalnasionalisme sedert die Eerste Taalbeweging is sodanige beïnvloeding hoog waarskynlik; daarom is dit noodsaaklik om weer eens die vernaamste argumente rondom die kwessie na te gaan.

5. 'n Sosio-linguistiese interpretasie van die polemieë rondom die ontstaans- en ontwikkelingsteorieë van Afrikaans

Dit moet beklemtoon word dat dit hier nie gaan om uitsluitel te gee in die geskil rondom die kwessie nie, maar wel om 'n moontlike verbloemde agenda in die gesprekke oor die onderwerp na die oppervlakte te bring.

Navorsers het, sedert Hesseling se uitsprake geneig om hul in een van twee kampe te plaas: Teenoor die teorieë van historiese taalkundiges wat stelling ingeneem het teen die teorie dat nie-Nederlandse linguistiese invloede verantwoordelik was vir die ontstaan van Afrikaans, staan die beskouing van veral Marius F. Valkhoff, wat met sy boek Studies in Creole and Portuguese with special reference to South Africa (1966) en sy deelname aan die polemieë in Tydskrif vir Geesteswetenskappe (1976) en Standpunte (1968) standpunt ingeneem het teen die teorie dat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans 'n suiwer Germaanse taalevolusie was.

Dit is hier van minder belang watter kant gelyk het in die saak. Ewewigtige navorsers soos J. du Plessis Scholtz en Edith Raidt (1971:154) konstateer immers dat daar nie uitspraak gegee kan word ten opsigte van die belangrikste invloede werksaam in die ontstaan van Afrikaans nie. Teenoor die emosioneel gekleurde argumentasies staan genoemde en ander historiese taalkundiges se empiriese navorsing wat eerder dui op 'n breë spraakgemeenskaplike wordingsproses. Die poging is eerder om puur deskriptief te werk te gaan en die resultate wys dat die ontwikkeling na Afrikaans toe geleidelik onder alle groepe in alle streke plaasgevind het,

en dat geen faktor of groep as oorwegend bewys kan word nie.

Wat egter wel vanuit 'n sosio-linguistiese oogpunt van belang is, is die tendens om moontlike nie-Europese linguistiese invloede te minimaliseer. Dit is veral die emosionele en ongebalanseerde reaksie van H.J.J.M. van der Merwe in sy artikel "Afrikaans 'n Basterkind van Hollands-Kreools-Portugese Fornikasie aan die Kaap!?", (1966-'67:377-394) wat in die verband aandag verdien. Die toon van die stuk gee die indruk dat Van der Merwe aanduidings van nie-Europese invloed as degraderend sou beskou, en dat sy vertrekpunt is om die moontlike aandeel van die Khoikhoi en die Maleise slawe tot die uiterste te minimaliseer.

Valkhoff se beskuldiging dat Afrikanernavorsers 'n "albosen-<sup>die</sup>triese" benadering tot kwessie van die ontstaan van Afrikaans het, kan nie ligtelik afgemaak word nie. Hy sluit sy antwoord (1967:587) op o.a. Van der Merwe se skrywe af met 'n verdoemende opmerking:

"My ander konklusie, dat, behalwe die Blankes, die ander mense van Suid-Afrika, soos die slawe, die Hottentotte en die Kleurlinge, ook aktief bygedra het om die Afrikaanse taal te vorm, deur hul gekreooliseerde Hollands --- dus nie net 'n paar woorde nie --- moes tog eintlik elke Suid-Afrikaanse patriot met vreugde vervul, in plaas van om hom woedend te maak."

6. Gekleurdes se bestendige rol in die 19e en vroeë 20e eeu

Lubbe (1974:8) sê in sy ewewigtige reaksie op die polemie, dat die gekleurde groepe skynbaar min bygedra het tot die linguistiese

omvorming van Nederlands tot Afrikaans, maar voeg daaraan toe dat "die sosio-linguistiese gewig van getalle" nie geïgnoreer kan word nie, in die bestendiging van die taal, veral in die 19e eeu toe die wit deel van die spraakgemeenskap byna geswig het voor die aanslag van anglisasie.

#### 7. Gekleurdes se reaksie op die polemieke

Lubbe voer dus die argument 'n stap verder en wys op die waardevolle bestendigingsfunksie wat die gekleurde deel van die spraakgemeenskap gehad het. Sy opmerking herinner aan die ontroerende verklaring van Adam Small (1978:337):

"Ons was ... Afrikaans voordat die Afrikaner wat vandag die meeste daarop roem dat hy Afrikaans is, dit was. U sal onthou dat Afrikaans eers 'kombuistaal' was, 'n taal wat uit die diepste setel van die kultuur hier by ons dus in tyd van sy vroegste ontstaan, verban is deur die voorvaders van die einste mense wat vandag so 'n trots daarin het om Afrikaans genoem te word."

In Mind your colour. The Coloured stereotype in South African literature (1981:20) beaam February, Small se siening. Na sy mening het die Khoikhoi aanvanklik en die "Cape Coloured" later tot die groei van Afrikaans bygedra, en vervolg dan:

"In the Afrikaner ethos it was important to prove that Afrikaans was essentially a Diets language."

Alhoewel February se siening nie oorspronklik is nie, en die stelling wetenskaplik nie behoorlik gestaaf word nie, is sy



ergerlike reaksie op eksklusivistiese ontstaansteorieë van belang. Saam met ander gekleurde sprekers soos Adam Small en Jakes Gerwel, bevraagteken hy die minimalisering van die gekleurde sprekers se aandeel aan die ontstaan en bestendiging van Afrikaans. Daarbenewens is hulle bewus van die sosio-linguistiese teorie wat onderliggend aan die soort optrede is.

#### 8. 'n Behoefte aan historisiteit en outonomieit

Die vroeë neiging by Afrikaanse taalkundiges om Afrikaanse wortels na die suiwer Diets terug te voer, is 'n algemene verskynsel by jong tale. Ferguson (1968:371-381) verklaar dit as 'n behoefte aan erkenning, historisiteit en outonomieit:

"... many speech communities create and cultivate myths and genealogies concerning their origin and development of their standard varieties in order to de-emphasize the numerous components of more recent vintage that they contain."

Ryan & Giles (1982:3-6) kom in hulle navorsing tot dieselfde slotsom, nl. dat sprekers van 'n gestandaardiseerde variant steeds poog om hul taal na respektabele wortels terug te voer, en gee die voorbeeld van Swart Engelssprekers, wat hulle variant wil terugvoer na Afrika. Blanke navorsers, daarenteen, soek die ontstaan daarvan in die taalverwarring tydens die vroeë slawetydperk.

#### 9. Die ontstaan van 'n mite

Die stigmatisering van gekleurdes se taal kom in van die vroegste

geskryfte oor Afrikaans voor en daarmee gepaardgaande, die begin van die eens aanvaarde mite dat Afrikaans suiwer in sy oorsprong is.

Van die vroegste voorbeelde van mitelogisering kom voor in die gedig Die Afrikaanse Taal deur Lion Cachet (1980:52). In verskeie opsigte bevat die gedig die kiemsel van opvattinge en waardes wat hul vandag nog in die ASG laat geld. Afgesien van die mitelogisering ten opsigte van die oorsprong van die taal, maak die digter 'n besliste onderskeiding tussen die variant wat deur die blankes gepraat word, wat hy klaarblyklik superieur ag, en die taal van die gekleurdes. Die tweede strofe lui soos volg:

Hul skel my uit vir Hotnosmeid,  
Maar ek gee daar nie om;  
want aan my lippies kan jy sien  
van wat geslag ek kom.  
Soet vloei die woordjies uit myn mond;  
dit het ek van myn ma;  
Maar as ek bid, dan hoor jy wel,  
Ek is 'n kind van pa.

Die ontstellendste aspek van die vroeë poging tot 'n ontstaans-teorie is die tekens van distansiëring, wat volgens die Lukens-model, (sien hoofstuk 4) reeds tekens toon dat die magsgroep hulle sterk genoeg ag om die eie variant te beklemtoon, ten koste van die status van die marginale groep en hul variant.

Die werk, en die interpretasie van die werk van <sup>die</sup> G.R.A. het mites tot stand gebring, wat die "albosentriese" ontstaansteorieë ruim

gevoed het. So bevraagteken Jakes Gerwel (1982:40-41) die eksklusivistiese gedagte dat Afrikaans in die Paarl "gebore" is,

"En toe helder gewet dat die verhaal van Afrikaans wat rondom die Paarlse beweging gewef is, nie geskiedenis is nie. In elk geval nie die ware geskiedenis nie, maar hoogstens 'n ideologiese reproduksie van wat die werklike geskiedenis was."

Die metaforiese geboorte- en sterftebeeld, staan nie soseer vir taaltoestande nie, maar dui eerder op die toestand van die volk -- 'n begrensende houding teenoor Afrikaans, wat meegebring het dat die Taalfees in 1975 "die wonder van ons" en nie die "wonder van Afrikaans" gevier het nie, aldus Gerwel. Gerwel is ongetwyfeld bewus daarvan dat serieuze taalhistorici nie die populêre siening huldig nie; dit gaan eerder daarom dat die deursnee leerling van die ASG op skool met hierdie mite in aanraking kom.

Gerwel is na alle waarskynlikheid bewus daarvan dat serieuze taalhistorici hul distansieer van die populêre opvatting omtrent Afrikaans se ontstaan. Hy is egter begaan oor die feit dat die mite in die spraakgemeenskap as 'n feit aanvaar word.

#### 10. Apartheid en taalapartheid

Sowat 'n eeu na die "geboorte" van Afrikaans het die wetlik ondersteunde politieke skeidingsaksies van die dominante Afrikanergroep, 'n populêr aanvaarde sosio-linguistiese mite geskep dat gekleurdes 'n taal praat wat anders is as dié van blankes. Volgens Lukens se proksimaliteitslinguistiese model staan die volgende stelling van Treurnicht (1975:19) volkome binne die

tweede fase, waarin bewustelike distansiëring gesoek word. Verwysende na die Afrikanervolk, sê hy:

"Die taal as die subliemste ervaring van sy sielelewe, lewer onteenseglik bewys daarvan. Dit is nie net die ongeletterde Kleurling wat sy eie taaltjie praat nie, maar die Kleurlingdigters het reeds poësie gelewer wat 'n eie stempel dra en wat deur geen blanke geskryf kon-gewees het nie."

(my beklemtoning).

Treurnicht se siening verdien verdere kommentaar:

Dit is klaarblyklik dat sy stelling omtrent die taalaard van gekleurdes op verskeie gronde vals is. Nie alleen ignoreer hy die taalvariasies wat onder gekleurdes en blankes bestaan nie, maar gee ook te kenne dat Small, Philander en Petersen nie gestandaardiseerde Afrikaans kan skryf nie.

Die soort stereotipering het meegebring dat die deursnee leerling in die ASG die mite van Afrikaans as die unieke skepping van blankes met 'n "Hotnotstaal" wat onafhanklik daarnaas bestaan, as die waarheid ervaar. In die sin is die "albosentriese" teorieë omtrent die ontwikkeling van Afrikaans, enersyds, en die apartheid-siening van taalvariasie in Afrikaans, andersyds, in volmaakte jukstaposisie.

Die interpolasie van die taalgeskiedenis in die Afrikaner-historiese biografie het die drie eeue van spraakgemeenskaplike evolusie van Afrikaans tot 'n volksverhaal begrens.

11. Bibliografie en voetnoot

Cachet, J. Lion

1980 "Die Afrikaanse Taal" in Senior Verseboek  
D.J. Opperman (red.) Kaapstad: Tafelberg.

Du Toit, André

1981 "The Future of post-nationalist Afrikaner  
politics and the history of Afrikaner political  
thinking" in Standpunte 151, Jg.34:1  
Feb. 1981.

Elphick, Richard & Giliomee, Hermann

1979 The shaping of South African society.  
1652-1820. Cape Town: Longmans.

February, V.A.

1981 Mind your colour. The Coloured stereotype in  
South African literature. London: Kegan Paul.

Foss, Donald & Hakes, David T

1978 Psycholinguistics. An introduction to the  
Psychology of Language. New York: Prentice Hall.

Ferguson, Charles A.

1968 In J.A.Fishman (ed.): Readings in the sociology  
of language. The Hague: Mouton.

Gerwel, Jakes

1983 "Afrikaans --- 'n toekomspektief" in  
Standpunte 165 XXXVI:3, Junie 1983.

Louw, N.P.van Wyk

- 1939                    Lojale verset. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Lubbe, H.J.  
1974                    "New light on Afrikaans and Malayo-Portuguese"  
in Tydskrif vir Geesteswetenskappe 14:1  
Maart 1974.
- Raidt, E.H.  
1971                    Afrikaans en sy Europese verlede  
Kaapstad: Nasou.
- Ryan, Ellen Bouchard & Giles, Howard  
1982                    Attitudes to language variation.  
London :Edward Arnold.
- Small, Adam  
1979                    "The place of the Coloured people in South  
Africa" in Quislings or realists. A documenta-  
ry study of 'Coloured' politics in South Africa.  
Johannesburg: Ravan.
- Treurnicht, A.P.  
1975                    Credo van 'n Afrikaner Kaapstad: Tafelberg.
- Valkhoff, Marius F.  
1966                    Studies in Creole and Portuguese with special  
reference to South Africa. Johannesburg:  
Witwatersrand University Press.
- Valkhoff, Marius F.  
1967                    "Afrikaans, Portugees en Kreools -- repliek aan  
H.J.J.M. van der Merwe." Tydskrif vir Geestes-

Valkhoff, Marius F.

1968 "Die diachronie van Portugees en Afrikaans",  
Standpunte XXII:1 Oktober 1968.

Van der Merwe, H.J.J.M.

1966-1967 "Afrikaans 'n Basterkind van Hollands-  
Kreools-Portugese Fornikasie aan die  
Kaap!?" Tydskrif vir Geesteswetenskappe  
6,4 ;7,1.

Van Jaarsveld, F.A.

1984 Omstrede Suid-Afrikaanse verlede.  
Geskiedenis, Ideologie en die historiese  
skuldvraagstuk. Johannesburg: Lex Patria.

Van Jaarsveld, F.A.

1978 "Die Afrikaner: 'n geskiedkundige analise."  
Standpunte 31:5 Oktober 1978.

Voetnoot

(1) 'n Alternatiewe weergawe van die Suid-Afrikaanse geskiedenis word reeds sporadies in Kurrikulumkunde Geskiedenis aan H.O.D.-studente (Universiteit van Kaapstad) gebied, met die gedagte dat dit naas die offisiële sillabus gebruik word. Tydens proefonderwysessies in 1983 en 1984 het sosiaal bewuste studente-onderwysers in D.O.K.-skole (Kleurlingonderwys) soms met die alternatiewe weergawe van 'n gegewe stuk geskiedenis gewerk, terwyl ek as waarnemer in die klasse aanwesig was. Opvallend was die toe-

passing van die beginsels van Paulo Freire (Pedagogy of the oppressed, Harmondsworth: Penguin, 1972 en Cultural action for freedom, Harmondsworth: Penguin, 1972) wat daarop neerkom dat opvoeding begin by die bewusmaking van 'n alternatiewe werklikheid wat in konflik staan met die werklikheid wat deur maghebbers daargestel word.

In samehang hiermee word die leerling van 'n nuwe taal voorsien. Die Whorfiaanse linguistiese relatiwiteitsteorie kom hier ter sprake, nl. dat taal die werklikheidsbeeld determineer. So byvoorbeeld word die reeks oorloë aan die Oosgrens, wat algemeen as die Grensoorloë bekend staan, (vroeër Kafferoorloë), herbenoem tot die Onteieningoorloë. Die drastiese perspektiefverskuiwing wat deur die skepping van nuwe metafore verkry word, is klaarblyklik.



## HOOFSTUK 6

### AFRIKAANS SE "POLITIEKE TAAL", SOOS GEÏLLUSTREER DEUR HANDWOORDE- BOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL SE HANTERING VAN DIE TERME BOER EN KLEURLING

1. Motivering	71
2. Taal en werklikheid	72
3. "Konseptuele skemas" en die eksterne werklikheid	72
4. Die selfvervullende aard van die politieke metafoor	73
5. Die krag van die vals metafoor	74
6. Die omstrede metafoor	74
7. Afrikanersentriese taalmanipulasie	75
8. Die apartheidsideologie en die strukturering van semantiese ruimtes in Afrikaans	76
9. <u>Kleurling</u> en <u>boer</u> as polities gelaaide terme	77
10. Bibliografie	83

AFRIKAANS SE "POLITIEKE TAAL", SOOS GEILLUSTREER DEUR HANDWOORDE-  
BOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL SE HANTERING VAN DIE TERME BOER EN  
KLEURLING

"It is language that evokes most of the political realities people experience" (Edelman 1977:3)

"In politics, more than everywhere else, we have no possibility of distinguishing between being and appearance. In the realm of human affairs, being and appearance are indeed one and the same".

(Arendt 1963:94)

#### 1. Motivering

Die begrip "politieke taal" (political language) word vry algemeen deur sosio-linguïste gebruik wanneer die manipulatiewe krag van taal ter sprake kom. 'n Rewolusionêre skrywer soos Paulo Freire (Cultural action for freedom: 1972) is een van die talle skrywers wat 'n didaktiek ontwerp het, waarvolgens die weg na verandering via 'n "nuwe taal" loop. Begrippe soos taal en kontrole, taal en mag, en taal en politiek staan in die geskifte intiem verbind en reflekteer die algemene aanname dat taal in 'n dinamiese verhouding tot die spraakgemeenskap staan.

In die hoofstuk sal kortliks nagegaan word hoe tale leksikologiese en metaforiese aanpassings maak, ten einde kognitiewe gestalte te gee aan konsepte of ideologieë wat binne 'n gemeenskap ontwikkel. 'n Begrip van die psigo-linguïstiese proses is

noodsaaklik ten einde die veranderinge wat Afrikaans ondergaan het om die apartheidsbeleid te akkomodeer, te verstaan. In 'n later stadium sal dan nagegaan word in welke mate "apartheids-taalelemente" deurgesyer het na die taalmateriaal in skool-handboeke.

## 2. Taal en werklikheid

In hul boek Metaphors we live by (1980:3-8) maak Lakoff en Johnson die stelling dat konsepte nie bloot 'n kwessie van intellek is nie, maar dat hulle grootliks metafories gefundeer is; daarom is ons daaglikse ervaringe wesenlik 'n kwessie van metafoer. Die mens dink werktuiglik langs sekere kanale, wat bepaal word deur die taal self, aangesien kommunikasie dieselfde konseptuele stelsel in werking stel as wat ons gebruik om te dink en te handel.

## 3. "Konseptuele skemas" en die eksterne werklikheid

Lakoff en Johnson se teorie strook met die opvoedkundige filosoof Chet Bowers se insigte, soos uiteen gesit in The influence of language on thought and behaviour. (1982:1-11) Hy spreek besorgdheid uit oor die siening van die leerproses as 'n objektiewe ervaring. Bowers (1982:3) werk met die idee van "conceptual schemes" of "maps", wat opgebou word deur sosialisering en wat bepaal hoe die mens die eksterne wêreld ervaar:

"Students will learn that, what they 'see' and 'read', is based on mental images they already have in place."

Die intieme band tussen taal en die werklikheid is deur Whorf

(1962) in sy bekende linguistiese relatiwiteitsteorie bestendig, en deur talle navorsers verfyn:

Harris (1979:23) formuleer sy konsep van linguistiese relatiwiteit soos volg:

" ... And given that we can only create discourse, and thus express knowledge statements around and with our conceptual schemes, it appears that our thought and knowledge of the world is formulated and bounded more by our perceptions/conceptualizations than by our sensory experiences."

#### 4. Die selfvervullende aard van die politieke metafoor

Die mega-metafore skep dus die wêreld waarbinne ons leef, en bepaal hoe ons die werklikheid ervaar. Metafore soos Gam se geslag, Kleurlingprobleem, Kleurlingvolk gee dus nie taalgestalte aan werklikhede nie, maar word werklikheid danksy die taalgestalte. 'n Metafoor kan dus 'n gids wees tot verdere optrede, wat op sy beurt weer die krag van die metafoor versterk, ten einde die ervaring en die metafoor sinvol te maak. In dié sin kan metafore selfvervullend word.

Wanneer politici of ideoloë dus van 'n Kleurlingvolk praat, word daar nie noodwendig 'n werklikheid omskryf nie; dit kan bloot wees dat 'n werklikheid gewens word. In die onderhawige geval is/was dit vir die Nasionale Party polities wenslik dat die ses gekleurde kulturele groepe deur buitestaanders, en deur die groepe self, as 'n volk beskou sal word.(1). Sodra die metafooriese mite deur propaganda tot "werklikheid" gemaak word, bestaan

daar nou regverdiging vir verdere optrede, wat natuurlik vooraf gegaan word deur die skepping van nuwe metafore om die "werklikheid" uit te bou.

Hierteenoor staan die oorweldigende getuienis van sosioloë dat gekleurdes sosiaal markant gestratifiseer en kultureel gediversieer is.

#### 5. Die krag van die vals metafoor

Lakoff & Johnson (1980: 158) wys daarop dat dit uiters moeilik is om op te tree teen die vals metafoor, omdat daar geen korrelasie is tussen die juistheid en die krag daarvan nie. Deur bv. te verwys na 'n Kleurlingkwessie is die verhoudingsprobleem deur die magshebbers "geïdentifiseer" as een wat in gekleurde geledere ontstaan het. Deur, as verdere voorbeeld, te praat van 'n Kleurlingdrankprobleem word boere, wat drank uitdeel, as gedeeltelike betaling aan arbeiders, van 'n morele skuld onthef. Slegs diegene wat die politieke mag en kundigheid besit, sou die valse metafoor kan omkeer en teen sy skeppers gebruik. In die konteks sou metafore soos boeregewetenloosheid, boeredwelmandelaars of arbeiderslagoffers 'n ander werklikheid daarstel.

#### 6. Die omstrede metafoor

Chet Bowers gebruik die konsep contested metaphor in die monograaf hierbo vermeld. Hy tipeer die metafoor as die soort wat hewige reaksie en protes by die benadeelde groep uitlok. Die "werklikheid" wat deur die soort metafoor geskep word, is volkome in stryd met die ervaarde werklikheid, en is so 'n wesenlike

aantasting van die benadeelde groep se bestaan, dat die geldigheid van die metafoor omstrede bly.

'n Goeie voorbeeld van 'n omstrede metafoor is die benaming Kleurling. (Vanweë die omstredenheid daarvan, word die gebruik daarvan in die studie vermy, en word daar na gekleurdes en gekleurde groepe verwys). Gekleurde studente en sosiaal bewuste persone wat deur die Bevolkingsregistrasiewet gedwing word om as "Kleurling" te registreer, verwys konsekwent na hulself as die sogenaamde Kleurlinge.

## 7. Afrikanersentriese taalmanipulasie

Sedert die eerste onbeholpe stappe tot standaardisering in Afrikaans, nou meer as 'n eeu gelede, is die "Boere-taal", soos S.J. du Toit (Scholtz:1964) in 1875 besluit het, as standaard bestendig. Die standaardiseringsprosesse (die opstel van woordeboeke, spelreëls, ens.) was uitsluitlik in die hande van die Afrikaners, sodat die gekleurde groepe die afgelope eeu, in die positiewe en negatiewe sin aan die ontvangkant was in 'n proses wat hulle ten diepste geraak het en nog steeds raak.

Tot op datum bly die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n blanke organisasie, terwyl die A.T.K.V. by monde van sy hoof-voorsitter Hendrik Conradie, oor gekleurde lidmaatskap soos volg reageer:

"In die stadium sien ons nie die noodsaaklikheid om oor bruin lidmaatskap te besluit nie". (Conradie 1982).

'n Eeu na die aanvang van die Eerste Taalbeweging is daar weinig

gevorder op die weg van groter gekleurde deelgenootskap, vanweë die afwysende houding van die Afrikaners, maar ook vanweë die wyse waarop die taal teen nie-Afrikaners in die spraakgemeenskap ingespan is.

#### 8. Die apartheidsideologie en die strukturering van semantiese ruimtes in Afrikaans

Sedert veral die bewindsoorname in 1948 deur die Nasionale Party was die politieke taal wat aan die apartheidsideologie werklikheidsgestalte moes bied, hoofsaaklik Afrikaans.

Volgens die Whorfiaanse teorie van linguistiese relatiwiteit staan die werklikheidsbelewenis altyd relatief tot die taal; wat die mens sien en hoor, staan in direkte verhouding tot die taalgewoontes van die betrokke groep. (Sy hipotese dat 'n groep wat hulself isoleer, ook geïsoleerde gedagtes sirkuleer, het inderdaad direkte betrekking op die isolasionistiese aard van Afrikanerdenke).

Claus Mueller (1973:25-36) werk binne die Whorf-teorie, maar konsentreer hoofsaaklik op die innige verhouding taal en politieke bewustheid. As studieveld analiseer hy die veranderinge wat die Meyers Lexikon tydens die Nazi-tydperk ondergaan het. Die lywige korpus woorde wat in dié tyd tot die woordeboek toegevoeg is, moes gestalte gee aan die konsep van 'n nuwe Duitsland. 'n Soortgelyke proses het hom in Oos-Duitsland herhaal ná die Tweede Wêreldoorlog. Mueller haal 'n berekening aan dat die aantal nuutgeskepte terme in die 1951-uitgawe van die Duden tien keer meer is as in die Wes-Duitse uitgawe. Die blote feit dat 'n

behoefte ontstaan het vir twee verskillende uitgawes vir 'n spraakgemeenskap wat voor 1945 'n gemeenskaplike woordeboek benut het, gee 'n aanduiding van die mate waarin 'n woordeboek, wat skynbaar 'n wetenskaplike opname van 'n taal se leksikon reflekteer, ideologies gelaai kan word.

#### 9. Kleurling en boer as polities gelaaide konsepte

Mueller se konsep van 'n semantiese ruimte wat deur 'n ideologiese inhoud gevul word, bied treffende metaforiese uitdrukking aan die konsep van taaldiensbaarheid.

Ten einde te demonstreer hoe die semantiek deur ideologie gebruik en misbruik word, is inskrywings onder twee woorde uit die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1979) geselekteer: Die eerste is die term Kleurling, wat deur Jakes Gerwel (1983:22) as "afstootlik" en "onaanvaarbaar" beskryf word. Die ander is die woord boer.

Die vraag of woordeboekmakers bloot opteken wat reeds in die spraakmakende mond bestaan, en of hulle 'n skeppende/ordende rol vervul, is debatteerbaar. Die feit dat beknopte en uitgebreide woordeboek-uitgawes van dieselfde samestellers afkomstig kan wees, impliseer reeds seleksie en daarom subjektiewe ordening. Vir hierdie studie is uitsluitel oor die saak egter nie noodsaaklik nie. Dit gaan eerder om die bestaan van 'n 'amptelike' taalwerklikheid waarbinne die ASG teen wil en dank moet leef -- of divergeer.



### 9.1. Inskrywings onder 'Kleurling'

Die inskrywing onder Kleurling bevat sowat sestien samestellings en ander besonderhede waarvan die meeste òf omstrede metafore bevat, òf antropologiese onjuisthede. Sò word daar verwys na die Slamse, ('n pejoratiewe woord naas die korrekte Maleier,) as behorende tot die "Kleurlinge", 'n term wat per slot van rekening 'n groep van gemengde bloed beskryf. Die kategorisering is dus polities geïnspireer en antropologies onjuis.

#### 9.1.1. 'Kleurling-Afrikaans'

Die samestelling Kleurling-Afrikaans is ewe problematies. Gegee die feit dat die sowat ses kulturele groepe wat deur die wet as "Kleurlinge" geklassifiseer is, sosiaal, antropologies, religieus, wêreldbeskoulik en kultureel oor die wydste moontlike spektrum lê, bestaan daar eenvoudig nie 'n variant wat oorkoepelend as Kleurling-Afrikaans beskryf kan word nie. Hier word 'n linguistiese werklikheid opgeteken wat aan 'n ideologiese gevoelde behoefte gestalte gee. Die term beskryf dus nie 'n werklikheid nie, maar gee gestalte aan 'n gewenste werklikheid, soos dit polities uitgedruk word deur A.P.Treurnicht in Credo van 'n Afrikaner (1975:19):

"Dit is nie net die ongeletterde Kleurling wat sy eie taaltjie praat nie, Maar die Kleurlingdigters het reeds poësie gelewer wat 'n eie stempel dra en wat deur geen blanke geskryf kon gewees het nie."

Die werklikheid wat Treurnicht polities wil skep, is dié van 'n

Kleurlingvolk met 'n eie taal en kultuur, wat strewe na 'n eie tuisland.

#### 9.1.2. Linguistiese ondersteuning vir politieke maneuvres

Die ander samestellings wat in HAT opgeneem is, bevat verskeie konsepte wat taalgestalte aan apartheidstrukture moes verleen, of die gekleurdes stereotipeer as minderwaardig en ondergeskik in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die volgende samestellings verleen linguistiese ondersteuning aan politieke maneuvres deur die Nasionale Party: Kleurlingbevolking, Kleurlingbuurt, Kleurlingkieser, Kleurlingkwessie, Kleurlingonderwys, Kleurlinggras, Kleurlingtipe, en Kleurlingwetsontwerp.

Die ander samestellings lê op die terrein van sosiale kontrole: Kleurling-arbeider, Kleurlingjong, Kleurlingslaaf en Kleurlingvrou. Afgesien van die relatief neutrale Kleurlingvrou, is die ander drie benaminge swaar gestereotipeer. Die samestellings is skynbaar lukraak gekies uit die honderde moontlikes. Die samestellers gee egter 'n voorbeeld van die laagste arbeidsorde, (Kleurlingarbeider), gebruik die benaming, jong, wat onaanvaarbaar en beledigend is, en herinner die gekleurdes en die blankes in die ASG aan 'n tydperk, wat beide groepe liefsal wil vergeet, deur die opname van die woord Kleurlingslaaf. Deur die opname van die drie samestellings word ouer, argaïese sosiale ordes linguisties lewend gehou.

Dit is met teensin dat die skrywer self deel het aan die skep van isolerende begrippe, maar ter illustrasie word enkele voorbeelde

gegee van ander moontlike samestellings wat goedskiks in HAT opgeneem sou kon gewees het: Kleurlingvisser, Kleurlingstudent/dosent/leerlinge/onderwyser en Kleurlingboer.

Opsommenderwys dan: Die samestellings met Kleurling -- wat reeds geblyk het 'n intens omstrede metafoor te wees -- skep dus die linguistiese taalgestalte waarbinne 'n sosio-politieke "werklikheid" daargestel word, terwyl ander inskrywings die indruk skep dat 'n feodale bestel uit vorige eeue nog geldig is. Die feit dat haas al die inskrywings pejoratief of negatief van aard is, dui op taalmanipulasie, of 'n eensydige Afrikanersentriese siening van die "werklikheid".

## 9.2. Inskrywings onder 'boer'

### 9.2.1. Pejoratiewe afleidings

Onder die woord boer (p.104-105) staan sowat vyftig inskrywings, waarvan slegs drie as pejoratief bestempel kan word, nl. boertig, boeragtig en boers -- al drie woorde wat waarskynlik via Nederlands in die Afrikaanse taal opgeneem is. Die lae gebruiksfrekwensie daarvan onder Afrikaners kan moontlik toegeskryf word aan die noue identifikasie wat Afrikaners met die konsep boer toon.

Die woord Boer het in die Suid-Afrikaanse konteks een prominente ongunstige betekenis ontwikkel, nl. as 'n benaming vir 'n polisieman, en kom vry algemeen onder gekleurdes en laerklas Engelsprekende blankes voor. Die betekenis is nie in HAT opgeneem nie.

Afgesien van die dosyne saakname, soos boerbok en boerekos, wat

merendeels neutrale of positiewe gevoelswaardes besit, is enkele idiome opgeneem wat die boer in 'n gunstige lig stel.

### 9.2.2. Begrensende konsepte

'n Ander kategorie van inskrywings, wat besonder relevant vir die studie beskou word, is die groep wat met 'n ideologiese inhoud gelaai is, en waar die taal dienstig word aan Afrikaner-ideologie. Die volgende woorde val in die kategorie: boerebedrieër, boerehater, boereverneuker, Boerenasie, boerevolk, en Boeretaal.

Dit is opvallend dat die samestellings almal op een of ander wyse begrensend werk. Die enigszins paranoïese karakter van die eerste drie samestellings is 'n weerspieëling van die Afrikaner se gevoel dat hy bedreig en gehaat word, terwyl die samestellings met nasie, volk en taal, volk- en taalnasionalisme afgrens en beperk tot 'n Boerebeweging.

Die verklaring vir Boeretaal bevestig die Afrikanersentriese siening van Afrikaans wat sedert die Eerste Taalbeweging algemeen deur Afrikaners gehuldig is, nl. dat Afrikaans die taal is wat deur die Boere gepraat is. Die H.A.T.-verklaring vir Boeretaal lui bloot: "Afrikaans".

'n Meer korrekte definisie sou kennis geneem het van die feit dat die Boeretaal niks meer is nie as die dominante variant in die Afrikaanse spraakgemeenskap. Selfs sodanige definisie sou problematies wees, omdat die konnotasie van 'n landelike karakter wat daaraan kleef, dit onwetenskaplik maak. Daarbenewens is dit te betwyfel of Afrikaanssprekers soos Breyten Breytenbach of Allan

Boesak genoeë sou neem daarmee dat hul besondere spraakvorm as Boeretaal bestempel word.

### 9.3. Slotsom

'n Vergelyking van die inskrywings in HAT onder Kleurling en Boer/boer bring dus die volgende insigte:

Die term Kleurling, waarvan die wetenskaplike juistheid bestry word, word uitgebrei met sowat sestien verwante inskrywings, waarvan die oorweldigende meerderheid pejoratief is, of skeppinge wat gestalte gee aan die politieke maneuvers van die dominante Afrikaners.

Daarteenoor bied die uitgebreide aantal inskrywings onder Boer-/boer die beeld van 'n groep wat hul kultuur en taal tot norm verhef het.

Die feit dat die Afrikaner nie alleen die politieke mag besit nie, maar ook die taal na eie wil kan normeer, het meegebring dat Afrikaans na aard en inhoud diensbaar geword het aan die behoeftes en aspirasies van die Afrikaner.

In hoofstuk 10 waarin twee taalhandboeke vir sosio-linguistiese geskiktheid ondersoek word, sal die neiging om die taal teen ander lede van die ASG in te span, in diepte ondersoek word.

## 10. Bibliografie en voetnoot

Arendt, Hannah

1963 On revolution New York: Viking.

Bowers, Chet

1982 The influence of language on thought and  
behaviour Oregon: University of Oregon.

Conradie, Hendrik

1982 "So kan A.T.K.V. volksdaad verrig". Die Burger  
22 Junie 1982.

Edelman, Murray

1977 Political language New York: Academic  
Press.

Freire, Paulo

1972 Cultural action for freedom.  
Harmondsworth: Penguin.

Gerwel, G.J.

1983 Literatuur en apartheid Bellville: Kampen-  
uitgewers.

Harris, Kevin

1979 Education and knowledge: The structured misre-  
presentation of reality London: Kegan Paul.

Lakoff, George & Johnson, Mark

1980 Metaphors we live by Chicago: University of  
Chicago.

Mueller, Claus

1973                    The politics of communication.  
New York: Oxford University Press.

Scholtz, J. du Plessis

1964                    Die Afrikaner en sy taal. (1806-1875).  
Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery

Treurnicht, A.P.

1975                    Credo van 'n Afrikaner Kaapstad: Tafelberg.

Whorf, Benjamin Lee

1962                    Language, thought and reality. Edited by John  
B.Carroll. Massachusetts: M.I.T. Press.

Voetnoot

(1) Die Erica Theron-kommissie van 1975 wat opdrag ontvang het om in te gaan op kwessies rakende die "Kleurlingbevolkingsgroep" het die gedagte dat die "Kleurlinge" 'n identifiseerbare kultu-rele eenheid vorm, in verskeie aanbevelings verwerp. In die verband is veral aanbeveling 153(a) en (b) ter sake. Ook die sosioloog S.P. Cilliers se standpunt is hier van belang (Appeal to reason, Stellenbosch, University Publishers & Booksellers, 1971).

## HOOFSTUK 7

### DIE SELEKSIE VAN VOORGESKREWE LETTERKUNDE VIR DIE LEERLINGE VAN DIE AFRIKAANSE SPRAAKGEMEENSAP

1. Ter inleiding	86
2. Die Afrikaanse letterkunde en Afrikanerletter- kunde	86
3. Die 1980-skole-boikot in die Wes-Kaap as kulturele versetsaksie	87
4. Die ontvouting van die alternatiewe werklikhede	89
5. Ses verwante Suid-Afrikaanse studies oor skoolhandboeke en voorgeskrewe letterkunde in skole	90
6. Slotsom	98
7. Bibliografie	101



# DIE SELEKSIE VAN VOORGESKREWE LETTERKUNDE VIR DIE LEERLINGE VAN DIE AFRIKAANSE SPRAAKGEMEENSAP

## 1. Ter inleiding

Hoofstuk 7 kan as 'n verkennende en oriënterende studie beskou word wat moet dien as teoretiese fundering vir die empiriese navorsing wat in hoofstukke 8 en 9 gedoen word. Kriteria by die seleksie van voorgeskrewe werke word geformuleer, en relevante studies oor voorgeskrewe letterkunde en skoolhandboeke vir die doel geëvalueer.

## 2. Die Afrikaanse letterkunde en Afrikanerletterkunde

In voorafgaande hoofstukke is die dinamiese sosio-linguistiese verhoudinge wat binne die ASG bestaan, ondersoek. Aandag is geskenk aan die wyse waarop die variant wat deur die Afrikaners gepraat word, danksy die groep se dominante sosio-ekonomiese en sosio-politieke posisie in die ASG, sedert 1875 'n standaardisasieproses ondergaan het. In samehang daarmee is gekleurde variante konsekwent gestigmatiseer, sodat selfs die getalsterke Kaaps-Afrikaanse variant, afgesien van die werk van Adam Small en die resente publikasie van Peter Snyders (1982) nooit as geskrewe vorm ontwikkel het nie.

Die produksie van die Afrikaanse letterkunde, literêre kritiek en die navorsing rondom die taal was die afgelope eeu byna eksklusief 'n Afrikaner-aangeleentheid. Statisties gesproke is dit veilig om te beweer dat die nie-Afrikaner-komponent in die ASG vir minder as 1% van die totale aantal publikasies in Afrikaans

verantwoordelik is. Charles Malan (1982:53) haal in die verband vir Guy Butler aan wat daarop wys dat die plaaslike Engelse letterkunde, in skerp teenstelling met Afrikaans, nie die produk van 'n taal- en rassegroep is nie.

Gekleurdes was dus tradisioneel verbruikers van die geskrewe produksies van Afrikaners. So bv. is in die afgelope veertien jaar in die Senior Sertifikaat voorgeskrewe lys vir die Departement Onderwys en Kultuur (voorheen Kleurlingsake), afgesien van 'n dosyn gedigte, geen werke van gekleurde skrywers opgeneem nie. (Die redes vir die stand van sake sal later ondersoek word).

Die stand van sake het menigvuldige implikasies wat in die studie ondersoek sal word. Een impliksie wat onmiddellik na vore tree, is die kwessie van mag en kontrole oor die potensiële onafhanklike denke van gekleurde groepe, vanweë die uitsluitlike blootstelling aan die letterkundige voortbrengsels van die maghebbende groep in die ASG.

'n Ander gewigtige implikasie is die potensiële taaldivergerende kragte wat by gekleurdes kan ontwikkel, voortspruitende uit die geestelik gebonde linguistiese posisie, waarin hulle hul bevind. Op beide die kwessies sal daar in die studie ingegaan word.

3. Die 1980-skole-boikot in die Wes-Kaap as kulturele versets-aksie

Navorsing op die gebied skoolhandboeke het in die afgelope dekade skerp toegeneem, danksy die groter bewustheid wat by die gemeenskap ontstaan het t.o.v. die onderwys oor die algemeen. Dit was

veral die politieke gebeure sedert 1976 wat die onderwys op die voorgrond gestoot het, as 'n terrein waarop drastiese hervorminge noodsaaklik is.

Die belangrike magsverskuiwing wat tydens die 1976- en 1980-onluste in skole plaasgevind het, het leerlinge aan hoërskole 'n bewustheid gegee van die krag van gesamentlike optrede. Frank Molteno (1983) en Sue Philcox (1984) wat afsonderlike studies van die 1980-onluste in die Kaap gemaak het, kom beide tot die slotsom dat die skoleboikotte 'n periode van merkwaardige bewus-synsgroei by die gekleurde leerlinge as 'n geheel meegebring het. Die "opstand van die kinders" is deur maandelange "awareness programmes" bewus gemaak van onderwysaspekte wat hulle voorheen as onaanraakbaar beskou het: sillabusse, handboeke, voorgeskrewe boeke en ongelyke finansiële toekennings was van die sake wat in die programme aandag ontvang het. Sue Philcox wys daarop dat die sewentigerjare 'n dekade van verzet was wat uitgeloop het op die boikot-aksie van 1980:

"The results of all this were that the 1970's became a period of cultural production in that pupils, resisting the dominant culture, produced alternate or counter or sub cultures."

Kulturele verzet, d.i. die verzet teen die waardes van die dominante gemeenskap, word in die woorde van die politieke filosoof en opvoedkundige Paulo Freire (1970:27):

"the process in which people not as recipients, but as knowing subjects, achieve a deepening awareness both of

the socio-historical reality which shape their lives and their capacity to transform that reality."

'n Kritiese insig in die Suid-Afrikaanse bestel oor die algemeen en in die onderwysopset in besonder, word 'n wins vir die gekleurdes in die slepende boikot wat andersins soveel ontwrigting in die onderwysprogram gebring het, aldus Philcox.

#### 4. Die ontvouing van alternatiewe werklikhede

Ook op tersiëre gebied kan 'n groter betrokkenheid by akademiëci van Engelsmedium inrigtings bespeur word. Die vakhandboekmark wat vir dekades deur Afrikaanssprekende skrywers oorheers is, het ingrypend verander sedert onafhanklike state groter seggenskap oor onderwys sake verkry het. Groter outonomie bring uiteraard ook 'n groter seggenskap mee oor die kardinale strydpunt in die Suid-Afrikaanse onderwysopset, nl. kurrikulering en eksaminering.

Daarbenewens is daar 'n groter bewustheid by akademiëci dat hulle 'n rol te speel het in die hervorming van die onderwysstelsel. Aan die Universiteit van Kaapstad werk 'n groep akademiëci, behorende tot die Centre for African Studies aan 'n reeks boeke om "half-truths" in geskiedenis handboeke reg te stel (Rowley:1984).

In dieselfde artikel van Rowley word berig oor die stigting van 'n komitee, Committee for racism in textbooks, waarby gekleurde en swart ouers, onderwysers, en kinders betrokke is. 'n Komiteelid, mej. Mercia Andrews sê in die onderhoud: "...especially history, geography and Afrikaans literature were riddled with racism, sexism, stereotypes and historical inaccuracies." (My

beklemtoning).

Die doel van die werkwinkels is om onaanvaarbare materiaal te identifiseer en alle betrokkenes skepties in te stel teenoor formele onderwysmateriaal. Onderwysers word aangemoedig om navorsing te doen en hul eie materiaal te skep.

Alvorens daar egter tot 'n empiriese studie van die voorgeskrewe materiaal oorgegaan word, is dit wenslik om van onlangse studies wat op die terrein beweeg, kennis te neem.

5. Ses verwante Suid-Afrikaanse studies oor skoolhandboeke en voorgeskrewe letterkunde in skole

Die beknopte oorsig van verwante navorsing word gegee ten einde hierdie studie met kontemporêre denkrigtings op die terrein te verbind.

Die volgende ses studies is vir die doel geselekteer:

- 5.1. F.E. Auerbach, The power of prejudice (1965).
- 5.2. J.M. du Preez, Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke (1983).
- 5.3. R.Z.J. Bornman, 'n Pedagogiese besinning oor die keuse van Afrikaanse voorgeskrewe boeke vir skoolgebruik. (1982).
- 5.4. J.N.S. du Plessis, Probleme van die voorskrywer. (1981).
- 5.5. Jane Reid, English literature in South African schools: A critique of set books. (1982).
- 5.6. M.B. Schroenen, Moral education through the study of literature in the high school. (1978).

5.1. Auerbach se studie oor vooroordele in skoolhandboeke het reeds twee dekades gelede verskyn en word algemeen beskou as 'n oorspronklike en belangrike werk wat 'n merkbare invloed op die navorsers ná hom gehad het.

Hy gebruik die Unesco-kriteria, soos dit vir skoolhandboeke neergelê is. Die kriteria omvat die volgende aspekte: onpartydigheid, erkenning van ander volkere se kulturele prestasies, die vermyding van feitelike vervalsings en die neerhaling van rasse.

Vervolgens doen hy 'n empiriese studie van Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenisboeke, uitgaande van die hipotese dat hulle geneig is om Afrikaner-sentries in beskouing te wees. Hy identifiseer die volgende buitengroepe: die voor-Christelike beskawing, Rooms Katolieke, filantropie, Engelssprekendes, Britse goewerneurs, Britse sendelinge, swartes, Jode, Mohammedane, Indiërs, Uitlanders en die Russe. Auerbach gebruik die term swartes in 'n oorkoepelende sin, sodat alle nie-blankes daarby ingesluit word.

Hy glo dat 'n regstelling slegs kan geskied wanneer die beheerstelsel oor sillabusse en skoolhandboeke gedemokratiseer word omdat die probleem terug te voer is na Afrikaner-hegemonie.

5.2. Du Preez se navorsing sluit in 'n hoë mate aan by die van Auerbach, alhoewel sy by navraag laat blyk het dat sy, terwyl sy met haar M.A.-skripsie besig was, nie bewus was van sy navorsing nie. Auerbach se navorsing vind wel erkenning in die verwerkte publikasie van die skripsie.

Du Preez ondersoek drie en vyftig skoolhandboeke wat in 1980 en

1981 in swart en blanke skole gebruik is. Die boeke dek vier skoolvakke: Afrikaans, Engels, Geskiedenis en Aardrykskunde. Uit 'n analise van die boeke identifiseer sy twaalf meestersimbole wat die Afrikaner se lewensbeskouing en sy optrede teenoor ander Suid-Afrikaners bepaal. Haar bevindinge bied soveel ondersteuning vir die hipotese, waarop hierdie studie berus, dat die twaalf meestersimbole hier aangehaal word:

- 5.2.1. Wetlike gesag word nie bevraagteken nie.
- 5.2.2. Blankes is meerderwaardig; swartes is minderwaardig.
- 5.2.3. Die Afrikaner het 'n spesiale verhouding tot God.
- 5.2.4. Suid-Afrika behoort regmatiglik aan die Afrikaner.
- 5.2.5. Afrikaners is 'n boerevolk.
- 5.2.6. Suid-Afrika is 'n geteisterde land.
- 5.2.7. Suid-Afrika en die Afrikaner is geïsoleer.
- 5.2.8. Die Afrikaner is militêr vindingryk en sterk.
- 5.2.9. Die Afrikaner word bedreig.
- 5.2.10. Wêreldmening omtrent Suid-Afrika is belangrik.
- 5.2.11. Suid-Afrika is 'n leier in Afrika.
- 5.2.12. Die Afrikaner het 'n Godgegewe taak in Afrika.

Sy kom tot die slotsom dat vreedsame samebestaan in Suid-Afrika slegs moontlik is indien die Afrikaner hom bereid verklaar om die eksklusiewe simboolsisteem waarvolgens hy leef, prys te gee, en saam te werk om 'n gemeenskaplike simbolesisteem te help skep, waarmee al die volkere van Suid-Afrika hul kan identifiseer. Aan die opvoedkundige kant, stel sy voor dat skoolhandboeke van hierdie eksklusiewe Afrikaner-meestersimbole gesuiwer word.

Die studie het met sy verskyning in 1983 aansienlike publisiteit ontvang. Die Committee for Racism in Textbooks, waarna in die hoofstuk verwys is, erken hul skatpligtigheid teenoor die belangrike publikasie. Daarteenoor het die woordvoerders van die Kaapse en Transvaalse onderwysdepartemente geweier om op die bevindinge kommentaar te lewer. 'n Bespreking van die boek onder die voorsitterskap van Jannie Botes is deur die S.A.U.K. T.V. opgeneem, maar nooit uitgesaai nie.

5.3. Teenoor die sosio-politieke benadering van Du Preez, is Bornman (1982) se ondersoek opvoedkundig gefundeer. Sy doen 'n pedagogiese ondersoek van die voorgeskrewe boeke wat sedert 1960 deur die Transvaalse Onderwysdepartement vir st.9- en 10-leerlinge voorgeskryf is. Van haar belangrikste bevindinge is dat geen boeke wat sedert 1960 met die belangrikste literêre pryse bekroon is, voorgeskryf is nie. Voorts blyk dit uit haar ondersoek dat op enkele uitsonderinge na, geen eietydse werk van die afgelope twintig jaar voorgeskryf is nie. Sy kom tot die slotsom dat die polarisering tussen literêre kriteria en ander insprake in daardie stadium onoorbrugbaar was.

Bornman identifiseer vier sentrale norme, waaraan 'n letterkundige werk gemeet word, alvorens dit as voorgeskrewe boek oorweeg word. Wanneer 'n boek in Afrikanerkonteks gesitueer is, kom o.a. die volgende norme ter sprake:

- 5.3.1. Waardes moet ingebed wees in die Christelik-Reformatoriese grondmotief.
- 5.3.2. Gebeure moet hulle binne nasionale verband afspeel.
- 5.3.3. Wet 39 van 1967 (Wet op Onderwys) bepaal o.a. dat geloofs-



oortuiginge van ouers en leerlinge eerbiedig moet word.

5.3.4. Die historiese agtergrond moet erkenning verleen aan Afrikanernasionalisme in integrasie met die Christelike grondmotief.

Wanneer die norme verabsoluteer word, tree v<sup>r</sup>estarring in en word enige nuwe perspektiewe deur 'n refleksaksie afgeweer. (:43).

Die streng bepaling bring mee dat kontemporêre werke geskik geag word vir estetiese ontsluiting, maar ongeskik en selfs skadelik t.o.v. etiese ontsluiting. Dit bring mee dat keurders hul moet verlaat op ouer werke, met die probleem dat die onderrig aan 'n gebrek aan aktualiteit en kontemporaliteit mank gaan. (:69/70)

Die eise wat aan die literêre kunswerk gestel word, soos geïdentifiseer in bogemelde studie, plaas dus bepaalde etiese en sosio-politieke kriteria eerste, terwyl die estetiese eise 'n ondergeskikte plek beklee. Alhoewel effens anders ingeklee, en meer oorkoepelend gestel, vind Bornman se vier norme bevestiging in Du Preez se twaalf meestersimbole: Binne Afrikanerkonteks geld die opperste eis dat slegs "positiewe" van die Afrikanerverlede uitgebeeld word:

"Waar die literêre kunswerk as kulturele uitdrukking beskou word, word die eis vanuit die behoudende perspektief gestel dat die navolgenswaardige en die ideale aspekte van die kultuurskat, asook die idees wat aansluit by die tradisionele en die normatiewe, in die literêre werk uitdrukking moet vind." (:78).

Sommige van Bornman se konkluderende opmerkings is relevant vir

hierdie studie:

Die konflik tussen die behoudende en ontgrensingsmotiewe werk nadelig in op die Afrikaanse letterkunde, afgesien van die nadelige gevolge wat dit het op die leerling se volwassewording.

Ten slotte maak sy die praktiese en redelike voorstel dat seleksiekomitees eerder aan aanvulling as aan uitsluiting moet dink. Toegewings moet na beide kante gemaak word, sodat die gesofistikeerde, ryper leerling die geleentheid sal hê om eietydse literatuur onder leiding te bestudeer.

5.4. Du Plessis (1981) in sy artikel "Probleme van die voorskrywer" formuleer drie standpunte wat as uitgangspunt by die oorweging van die letterkunde as voorgeskrewe letterkunde kan dien:

5.4.1. Die aanwending van suiwer literêre kriteria, ongeag die strekking van die geheel.

5.4.2. In die eerste instansie literêre oorwegings, maar die eindoordeel ook deur die lewensbeskoulike oordele geëvalueer.

5.4.3. 'n Standpunt waarvolgens die lewensbeskoulike so 'n integrerende komponent van die estetiese uitmaak, dat enigiets wat met die lewensbeskoulike bots, ook in die eerste instansie nie esteties ervaar kan word nie.

Hy spreek hom uit teen mense en groepe wat hulle die reg toe-eien om 'n hele gemeenskap by wyse van sensuur die lees te ontsê van 'n stuk wat toevallig sy lewensopvatlike beginsels verloën. Die adolessent behoort 'n beter geleentheid te kry om die problematiek van die lewe in al sy skakerings van goed en kwaad te ervaar. T.o.v. die seksuele wys hy op die ironiese situasie van

'n samelewing wat die adolessent voortydig opwek, terwyl voor- skryfkriteria neig om askese as riglyn te gebruik, asof die kind a-seksueel bly.

Hy onderskryf (:10) 'n aanhaling van Phyllis Bentley ten einde sy eie posisie te onderskryf:

"What is he asking us to laugh at, what he is asking us to hate, what to admire? If he, by the power of his comment, urges us to admire the truly noble, to hate the base, to laugh at the pretensions, his ethics are sound."

Die laaste twee studies ondersoek aspekte van die Engelse voorgeskrewe terrein.

5.5. Schroenen (1978) ondersoek die verband tussen die letterkunde en moraliteit. Soos Du Plessis hierbo, kom hy tot die slotsom dat daar 'n intieme verband daartussen bestaan. Die beste literatuur is nie juis dit a.g.v. die onderwerp nie, maar word bepaal deur die wyse waarop materiaal en onderwerp hanteer word. Net so lê morele waardes in die behandeling van die materiaal.

Daarteenoor stel hy die benadering waarvolgens die letterkunde 'n draer gemaak word van religieuse en politieke oortuiginge. Daarmee sluit Schroenen se studie aan by die ou polemieke rondom die funksionaliteit van die letterkunde, waarvan Ernst van Heerden (1969:172) sê:

"Dit is belangrik om te onthou dat literatuur geen etiese of morele traktaat is nie, in sy wese kan literatuur nie propaganda pro- of kontra- die een of ander standpunt wees nie."

5.6. Die laaste studie, dié van Jane Reid (1982), se ondersoek van die Engelse letterkunde in Suid-Afrikaanse hoërskole besit 'n ander literêr-teoretiese vertrekpunt as dié van Du Plessis en Schroenen. Terwyl genoemde twee navorsers die verband tussen die estetiese, die morele en die lewensbeskoulike ondersoek, fokus Reid op die sosiale funksie van die letterkunde. Terwyl Bornman, Du Plessis en Schroenen se sosiale verwysingsraamwerk beperk is tot die blanke skoolopset, toon Reid se studie 'n groter bewustheid van die feit dat die letterkunde nie in isolasie bestudeer word nie, maar dat interkulturele behoeftes 'n kardinale faktor is -- 'n wins uit haar ervaring van swart onderwys in Nigerië.

Sy gee 'n samevatting van die verskillende funksies wat aan die letterkunde toegeskryf word, wat uiteraard die kriteria by die keuse van voorgeskrewe letterkunde beïnvloed:

5.6.1. Die sg. "akademiese" funksie vloei voort uit die beskouing dat die opvoedkunde 'n nasionale erfenis van hoë kultuur moet bestendig en oordra na die volgende geslag.

5.6.2. 'n Ander meer funksionele benadering is dat die opvoedkunde die kind moet voorberei vir die eise van die werkplek -- 'n populêre siening van die onderwys ontwerp vir die werkersklasse.

5.6.3. Die liberale eis dat die mens in sy totaliteit opgevoed word. Die klem val dus hier op individuele ontwikkeling.

5.6.4. Ten slotte lê die na-oorlogse kurrikulumstudies groter klem op kognitiewe ontwikkeling.

Reid se ondersoek na die wenslikheid van 'n gemeenskaplike kurrikulum vir kinders in 'n verdeelde gemeenskap, is besonder relevant. Sy verwys na die rewolusionêre denker, Paulo Freire wat uitgaan van die standpunt dat 'n kurrikulum gebaseer behoort te word op die behoeftes en kultuur van die mense wat opgevoed moet word. Hy argumenteer dat om die kultuur van 'n ander klas op die massa af te dwing, tot selfkleinering lei, a.g.v. die internalisering van die mening wat die maghebbers van hom het. Sy konstateer dat die Engels Hoër groot ontevredendeid in die hand werk omdat dit elitisties van aard is.

Uit Reid se studie vloei dus twee kwessies wat betrekking op die verhandeling het. In haar oorsig oor kurrikulering is insigte te wen wat ook ter sake is wat die ASG betref:

- i. Daar sal moet nagegaan word in welke mate die Afrikaans sillabusse op skool die linguistiese behoeftes, waardigheid en kulturele tradisies van die verskillende groepe in ag neem.
- ii. Daarbenewens ontstaan die vraag hoe die Afrikaans-kurrikulum hersien behoort te word, ten einde 'n groter konvergerende invloed op die lede van die ASG te hê.

## 6. Slotsom

Alhoewel die ses studies verskillende vertrekpunte besit, en die studieterreine in sommige gevalle drasties verskil, is die ses navorsers dit eens dat die inhoud van skoolhandboeke op een of ander wyse begrensend werk.

Die twee Afrikaanse studies van Bornman en Du Plessis besin oor

die wyse waarop opvoedkundige en estetiese eise by die evaluering van die literêre werk, deur lewensbeskoulike oorweginge opsy geskuif word. Auerbach en Du Preez kom beide tot die slotsom dat Suid-Afrikaanse skoolhandboeke op die geesteswetenskaplike terrein 'n onmiskenbare Afrikanersentriese karakter besit. Schroenen herformuleer die konsep "moral education" as 'n breë begrip wat versoenbaar met die estetika is, en by die seleksie van voorgeskrewe werke tot versoening gebring behoort te word. Ten slotte identifiseer Reid 'n elitistiese benadering tot die seleksie van Engelse voorgeskrewe werke deur bepaalde eksklusiewe waardes te koester, ten koste van die kulturele behoeftes van ander leerlinge. Sy wys op die divergerende invloed wat dit op die benadeeldes kan hê.

Teenoor die studies staan die sosio-kulturele en sosio-politieke aksies in die gemeenskap self. Die tekens van kulturele verwerping en linguistiese divergensie by die gekleurdes bring veranderlikes in die spel wat hervormende maatreëls des te dringender maak.

In die volgende drie hoofstukke sal drie empiriese studies aan die orde kom:

In hoofstuk 8 sal die bloemlesings van D.J. Opperman (Senior Verseboek), en N.P.van Wyk Louw & Ernst Lindenberg (Treknet) aan 'n sosio-linguistiese ondersoek onderwerp word, ten einde vas te stel in welke mate die bloemlesing voldoen aan die eise wat die leerlinge van die A.S.G. redelikerwys daaraan kan stel.

Die Senior Sertifikaat voorgeskrewe lyste (1970-1984) vir die

Departement Onderwys en Kultuur en die Kaaplandse Onderwysdepartement word in hoofstuk 9 nagegaan, met die oog daarop om moontlike voorskryfpatrone te identifiseer, en die implikasies daarvan vir die ASG vas te stel.

In die daarop volgende hoofstuk 10 word gefokus op twee taalhandboeke wat in die skole van die bogemelde departemente gebruik word. Soos die geval met die bloemlesings word die handboeke gemeet aan hul sosio-linguistiese geskiktheid as handleidings wat deur die hele ASG gebruik word.

## 7. BIBLIOGRAFIE

Auerbach, F.E.

1965                    The power of prejudice in South African Education. Kaapstad: Balkema.

Bornman, R.Z.J.

1982                    'n Pedagogiese besinning oor die keuse van Afrikaanse voorgeskrewe boeke vir skool-skoolgebruik Unisa: M.Ed.-tesis.

Du Plessis, J.N.S.

1981                    "Probleme van die voorskrywer" in Die Unie. Julie 1982.

Du Preez, J.M.

1983                    Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke. Alberton: Librarius.

Freire, Paulo

1970                    Cultural action for freedom. Massachusetts: Cambridge.

Louw, N.P. van Wyk & Lindenberg, Ernst

1976                    Treknet Kaapstad: Human & Rousseau.

Malan, Charles

1982                    "Die Suid-Afrikaanse letterkunde en sy sosiale konteks aan die begin van die jare tagtig."



Standpunte 35:4, Aug. 1982.

Molteno, Frank

1983

The schooling of Black South Africans and the 1980 Cape Town students boycotts. Universiteit van Kaapstad: M.A.-tesis.

Opperman, D.J.

1982

Senior Verseboek Kaapstad: Tafelberg.

Philcox, Sue

1984

"Understanding the School Boycotts of 1980. A paper for discussion." Kaapstad: Departement van Opvoedkunde.

Reid, Jane

1982

English literature in South African schools: a critique of setbooks. University of Cape Town: Centre for African Studies.

Rowley, Maggie

1984

"Racism in textbooks examined." The Argus.  
25 Mei 1984.

Schroenen, M.B.

1978

Moral education through the study of prescribed literature, (in particular English literature), in the high school. Unisa: M.Ed.-tesis.

Snyders, Peter

1982

'n Ordinary mens Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, Ernst

1969

Die ander werklikheid: Letterkundige  
beskouings. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

## HOOFSTUK 8

### DIE SOSIO-LINGUISTIESE GESKIKTHEID VAN DIE TWEE BLOEMLESINGS, SENIOR VERSEBOEK EN TREKNET AS VOORGESKREWE WERKE VIR DIE SPRAAKGEMEENSAP

#### INHOUDSOPGAWE

1. Motivering	107
1.1. Verteenwoordigendheid teenoor spraakgemeenskaplike aanvaarbaarheid	107
1.2. Etiese vrae en anomalieë ten opsigte van voorgeskrewe boekelyste	108
2. 'n Sosio-linguistiese analise van <u>Senior Verseboek</u> van D.J. Opperman, in samewerking met H.O.D.-studente (Afrikaans-kurrikulumkunde) aan die Universiteit van Kaapstad	110
2.1. Grondslae vir die ondersoek	110
2.2. Besonderhede omtrent respondente	111
2.3. Getalle	111
2.4. Akademiese kwalifikasies in Afrikaans	112
2.5. Die verteenwoordigendheid van die groep as monster van die ASG	112
2.6. Veranderlikes wat die reaksies van die respondente kon beïnvloed	112
3. Die aard en samestelling van <u>Senior Verseboek</u>	113
4. Prosedure by dataverwerking	115

5. Verwerkte data	116
6. Retrospektiewe evaluasie van potensiële veranderlikes	123
7. Kategorieë van onaanvaarbaarheid	125
8. Implikasies van die bevindinge vir bloemlesers	126
8.1. Etnosentriese poësie in 'n bloemlesing vir die ASG	127
8.2. Geïsoleerde rassistiese terme	129
8.3. Die onaantasbaarheid van die kunswerk teenoor sosiale eise	130
8.4. Ongunstige kleurassosiasies	133
8.5. Sosiaal-bewuste poësie met kontra-produktiewe effekte	135
8.6. Gedigte wat rassestereotipering in die hand werk	136
8.7. Kaaps-Afrikaanse gedigte en rasse-stereotipering	138
8.8. Godsdiensgebonde poësie	139
8.9. Slotsom	140
9. Treknet: 'n sosio-linguistiese evaluasie	142
9.1. Motivering	142
9.2. Die vermyding van Afrikanervolkverse	142
9.3. Omstrede poësie in <u>Treknet</u>	143
9.3.1. Poësie voor 1900	143
9.3.2. Die post-Vryheidsoorlog-era	144
9.3.3. Argafese en beledigende nomenklatuur	144
9.4. Stereotipering	147

9.5. Die afwesigheid van Kaaps-Afrikaanse gedigte	147
9.6. Slotsom	147
10. Bibliografie	149

DIE SOSIO-LINGUISTIESE GESKIKTHEID VAN TWEE BLOEMLESINGS,  
SENIOR VERSEBOEK EN TREKNET AS VOORGESKREWE WERKE VIR DIE SPRAAK-  
GEMEENSKAP.

1. Motivering

Die twee bloemlesings, Senior Verseboek (1982) en Treknet (1976) is twee werke wat in die Eerste Taal Senior Sekondêre kursusse van beide die Departement van Onderwys en Kultuur en die Kaaplandse Onderwysdepartement opvallend dikwels voorgeskryf word. Senior Verseboek is sedert 1970 ag maal vir die KOD voorgeskryf en twaalf maal vir DOK, wat meebring dat sowat 70% van alle st. 9-leerlinge en matrikulante met die bloemlesing kennis gemaak het.

1.1. Verteenwoordigendheid teenoor spraakgemeenskaplike aanvaarbaarheid

Dit is redelik om te verwag dat die gedigte in die twee bloemlesings nie alleen literêr van hoogstaande gehalte sal wees nie, maar dat alle gedigte vir alle kulturele groepe in die spraakgemeenskap aanvaarbaar sal wees. Die geldigheid van so 'n absolute stelling sou in twyfel getrek kon word, op grond van die feit dat bepaalde gedigte die sentimente van bepaalde kulturele groepe vergestalt en dat die weglating daarvan die verteenwoordigende aard van die bloemlesing sal skaad. Daar sou verder geredeneer kan word dat gedigte wat bv. sterker spreek tot die Afrikaner-komponent in die spraakgemeenskap nie vir die ander lede voorgeskryf hoef te word nie.

Die soort redenasie ten gunste van 'n omvattende bloemlesing,

waaruit selektief, volgens kulturele behoefte voorgeskryf word, geskied egter slegs in Afrikanergeledere omdat die poësie-bydrae uit gekleurde geledere uiters beperk is, en die aandrang dan ook relatief swakker is. Daarbenewens ontbreek die behoefte by die gekleurde om 'n "Kleurling"-identiteit of "Kleurling"-variant deur middel van die letterkunde te bestendig; intendeel die stigma wat aan begrippe soos Bruin-Afrikaans, Kleurling-Afrikaans, Kleurlingdigter, Kleurling/Bruin-kultuur, en Kleurling-/Bruin-letterkunde kleef, laat die indruk dat juis die teenoorgestelde behoefte bestaan, nl. om gewoon as mense in en deur Afrikaans te leef. In die hoofstuk Afrikaans se politieke taal is die kwessie reeds volledig bespreek en daarop gewys dat die bogenoemde groep metafore, vanweë hul sosio-politieke en sosio-linguistiese aanvegbaarheid, in die kategorie van fel omstrede metafore val.

Dit moet aanvaar word dat die gemiddelde leerling breër lees as die sowat twintig voorgeskrewe gedigte en dat hy dus ook die gedigte sal lees wat nie tot hom of sy kulturele groep spreek nie. Veel ernstiger egter is die etiek van die saak: Hoe eties is dit om letterkunde aan een kulturele groep voor te skryf in die wete dat die materiaal deur die ander kulturele groepe as aanvegbaar of aanstootlik ervaar mag word?

#### 1.2. Etiese vrae en anomalieë ten opsigte van voorgeskrewe lyste

Die gebruik van aparte voorgeskrewe boekelyste vir lede van dieselfde spraakgemeenskap berus op 'n beginsel wat reëlreg bots met die kriteria vir skoolhandboeke soos neergelê deur die Unes-

co-komitee, en aangehaal deur Frans Auerbach (hoofstuk 7). Die praktyk druis ook in teen die insigte wat Jane Reid (hoofstuk 7) se studie bring, nl. die noodsaaklikheid van 'n gemeenskaplike kurrikulum in 'n verdeelde gemeenskap. Die praktyk werk dus divergerend -- soos alle apartheidsmeganismes.

'n Verdere anomalie in die stelsel is dat die KOD-komitee vir Afrikaans-voorgeskrewe boeke reeds sedert 1977 nie slegs vir Kaapland se blanke leerlinge voorskryf nie, maar ook vir die gekleurde en swart leerlinge van Suidwes-Afrika/Namibia. (Dit is vir dekades reeds die reëling dat die blanke leerlinge van die gebied dieselfde lysste as die leerlinge van Kaapland bestudeer).

Die gebruik van aparte of gesamentlike lysste word dus deur politieke, en nie opvoedkundige oorweginge bepaal nie. In die geval van die Kaapland-Suidwes-Afrika-reëling, waar diverse kulturele groepe soos die Damaras, Basters, Namas, Herero's, "Kleurlinge" en Duitsers saam met Afrikaners uit Kaapland en Suidwes-Afrika, identiese materiaal gebruik, is gesamentlike lysste prakties uitvoerbaar omdat dit polities wenslik beskou word deur die owerhede.

Daarteenoor bots die konsep van gemeenskaplike voorgeskrewe lysste vir die Kaaplandse leerlinge van die ASG met die Nasionale Party se politieke beleid, waarvolgens onderwys en kultuur "eie sake" is.

Dit feit dat die gekleurde en blanke komponente van die spraakgemeenskap deur aparte voorgeskrewe lysste bedien is, kon moontlik



'n invloed uitgeoefen het op die samestelling van die bloemlesings. Soos hierbo gestel, sou bloemlesers kon redeneer dat voorskryfkomitees selektief te werk kan gaan, en op grond daarvan kultuurspesifieke materiaal insluit.

Vervolgens sal die bloemlesing Senior Verseboek aan sosio-linguistiese ondersoek onderwerp word, ten einde te bepaal in hoe 'n mate Opperman in sy seleksie sensitief gestaan het teenoor die behoeftes van die ASG.

## 2. 'n Sosiolinguistiese analise van Senior Verseboek van D.J.

Opperman in samewerking met H.O.D.-studente (Afrikaans-kurrikulumkunde) aan die Universiteit van Kaapstad

Die studie wat met die 1984-kurrikulumkundegroep onderneem is, was daarop ingestel om vas te stel in watter mate die belangrike bloemlesing voldoen aan die sosio-linguistiese eise wat aan 'n werk van die aard gestel kan word.

### 2.1. Grondslae vir die ondersoek

2.1.1. Die identifikasie van gedigte wat as etnosentries, of anders gestel, Afrikanersentries beskou kan word, en wat dus ander lede van die spraakgemeenskap uitsluit.

2.1.2. Die identifikasie van gedigte wat vanweë hul inhoud en strekking aanstoot kan gee aan kulturele of religieuse groepe.

2.1.3. Besware teen 'n betrokke gedig moes kortliks gemotiveer word.

2.1.4. Studente is versoek om onafhanklik te werk en nie die opdrag met mekaar te bespreek nie.

2.1.5. Studente kon die opdrag oor 'n tydperk van twee maande voltooi.

## 2.2. Besonderhede omtrent respondente

Dit is nie vir my gebruiklik om studente op grond van kleur of herkoms te klassifiseer nie omdat dit 'n inherente diskriminerende aksie impliseer. Daarom word die kleuronderskeiding wat in die analise van die data gebruik word, vooraf gemotiveer.

Die respondente sou breedweg in vier kategorieë ingedeel kan word:

2.2.1. Diegene wat vanweë hul agtergrond en opvoeding binne die Afrikanerkultuurwêreld grootgeword het.

2.2.2. 'n Tweede kategorie wat die blanke Engelse skoolstelsel deurloop het, maar vanweë die omgewing waarin hul grootgeword het, of hul oorsprong 'n genoegsame belangstelling in Afrikaans en die Afrikaanse kultuurwêreld toon om dit as vak aan te bied.

2.2.3. 'n Derde kategorie bestaan uit studente wat as "Kleurlinge" geklassifiseer is. Die groep praat hoofsaaklik Afrikaans as huistaal, terwyl ongeveer die helfte van die groep se daaglikse omgangstaal as diglossies beskryf kan word.

2.2.4. Die vierde kategorie word verteenwoordig deur 'n swart Capriviaan met Afrikaans en Nederlands 3 en 'n M.A.-graad in Duits.

## 2.3. Getalle

Gekleurdes: 10

Afrikaners: 6

Engelssprekendes: 3

Swart: 1

#### 2.4. Akademiese kwalifikasies in Afrikaans

Honneurs: 2

Afrikaans en Nederlands 3: 14

Afrikaans en Nederlands 2: 2

Afrikaans en Nederlands I: 2

Totaal: 20

#### 2.5. Die verteenwoordigheid van die groep as monster van die ASG

Afgesien van die twee studente van die Universteit van Stellenbosch en die swart Capriviaanse student, is die studente almal in die Skiereiland gebore en opgevoed. Daar kan dus nie aanspraak gemaak word op 'n verteenwoordigende monster nie. Tog verteenwoordig die groep nie alleen 'n hoogs opgeleide groep binne die ASG nie, maar ook persone wat, danksy die ervaring van 'n oop gemeenskap aan die Universiteit van Kaapstad, toegeneentheid teenoor en subtiële begrip vir ander groepe in die spraakgemeenskap ontwikkel het wat gewoonlik nie die geval in die gesegregeerde Suid-Afrikaanse samelewing is nie.

#### 2.6. Veranderlikes wat die reaksies van respondente kon beïnvloed

Die diversiteit van die groep studente bring mee dat verskeie veranderlikes moontlik in die spel kan kom:

2.6.1. Vanweë die verskillende kulturele agtergronde is voorsien dat die materiaal vanuit verskillende gesigspunte benader sal word. So byvoorbeeld sou die gedigte oor die Tweede Vryheidsoorlog moontlik verskillende reaksies by die vier groepe hierbo geïdentifiseer, kon uitlok.

2.6.2. Die moontlikheid is voorsien dat sommige studente sou oorreageer en 'n hiperkritiese benadering tot die opdrag sou hê. Die response en veral die motiverings sou bestudeer moet word, ten einde vas te stel of oorreaksie wel plaasgevind het.

2.6.3. 'n Ander faktor wat in gedagte gehou behoort te word, is die feit dat die respondente se akademiese vermoëns, asook hul formele kwalifikasies in Afrikaans aansienlik wissel, met twee Honneurs- en twee Afrikaans I-studente aan die pole van die spektrum. Dit kan wel meebring dat gevorderde studente anders reageer, vanweë die feit dat hulle 'n bepaalde gedig binne sy kultuurhistoriese konteks, as 'n produk van sy tyd sou kon evalueer.

Die opdrag aan die studente moet egter in gedagte gehou word; die klem is immers gelê op die gedig as 'n kulturele "verbruikersmiddel" deur die skoolspraakgemeenskap. So beskou, is ook die beperkte en skewe reaksie op 'n gedig geldig. Voorts behoort 'n respondent se reaksie op 'n gedig 'n hoë korrelasie te toon met sy eventuele hantering daarvan in die klassituasie.

Voordat die response van die studente geanaliseer word, is dit nodig om op die opset van die bloemlesing te fokus.

3. Die aard en samestelling van Senior Verseboek

Senior Verseboek (vervolgens SV) verskyn oorspronklik in 1951, en is sedertdien vyf maal bygewerk. (Die vyfde uitgawe het in 1982 verskyn, maar was nie geredelik beskikbaar nie; daarom is die ondersoek op die 1980-uitgawe gebaseer).

In die voorwoord tot die vierde uitgawe skryf Opperman:

"Die Senior Verseboek is saamgestel vir gebruik in die hoërskool. Aansluitend by die hele strewe van die skool, naamlik aanpassing by die normale lewe, is die keuse hier ook so ruim, gevarieerd en verteenwoordigend as moontlik gemaak."

Geoordeel aan die aantal digters (70), en die aantal gedigte (260), kan Opperman met reg aanspraak maak op 'n verteenwoordigende en 'n gevarieërde samestelling. Oorsigtelik beskou, skyn dit of Opperman nie kopieregprobleme gehad het in die saamstelling van die uitgawe nie. Die groter kern van erkende digters is in elk geval goed verteenwoordig.

Uit die eerste tydperk (1870-1900) word die sg. "strydliteratuur" (:1) van die Genootskappers, (S.J. du Toit en C.P. Hoogenhout), asook die geestige werk van Pulvermacher en Pikkedel ingesluit.

Die "volkdigters" van die tweede tydperk, (Eugene Marais, Jan Cilliers, Totius, D.F. Malherbe, C. Louis Leipoldt en C.J. Langenhoven) se bemoeienis met en verwerking van die Tweede Vryheidsoorlog-ervaringe word gereflekteer deur die insluiting van gedigte soos Die Kampsuster (:68), Dis Al (:69), Generaal de Wet (:70), Oom Gert vertel (:82), In die Konsentrasiekamp (:88) en Vredeaand

(:89).

Skeppinge wat die vroeë taalstryd en die trauma van die oorlog reflekteer -- twee episodes in die geskiedenis, waarmee die Afrikaner, met uitsluiting van ander kulturele groepe in die ASG, intens gemoeid was -- vorm 'n inleiding tot sewe dekades van Afrikaanse poësie: van die Twintigers tot die "Tagtigers".

Opperman se doel met die bloemlesing is dus tweeledig: Daar is die klaarblyklike strewe om poësie te selekteer wat bevatlik is vir studente in die senior sekondêre skoolfase. Voorts wil hy, volgens die voorwoord, die studente 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse digkuns gee, wat meebring dat verteenwoordigendheid 'n besliste oorweging by die seleksie van gedigte was.

Die bloemleser gaan dus 'n kompromie aan ten einde te verseker dat die geselekteerde poësie toeganklik vir die teikengroep is, maar gee geen aanduiding of spraakgemeenskaplike belange by hom voorkeur geniet bo die eise van verteenwoordigendheid nie. Die reaksie van die twintig respondente behoort 'n aanduiding te gee in welke mate die bloemlesing aan spraakgemeenskaplike eise voldoen.

#### 4. Prosedure by dataverwerking

Die response is op die volgende wyse geprosesseer:

4.1. Die gemotiveerde besware teen 'n bepaalde gedig is gesintetiseer, sodat dit die houding van die betrokke studente weerspieël.

4.2. Die aantal studente wat beswaar aanteken, word as 'n persentasie van die totaal uitgedruk (en in hakies aangegee in paragraaf 5).

4.3. Waar dit relevant vir die studie is, word op 'n spesifieke reaksie van een van die vier geïdentifiseerde groepe gewys..

## 5. Verwerkte data

5.1. Die Afrikaanse volkslied, S.J. du Toit (:47): Nasieskap te eng en eksklusief gedefinieer. (100%).

5.2. Transvaalse Vryheidslied, C.P. Hoogenhout (:50): Eksklusiewe Transvaalse sentimente. Strofe 4:1 is as neerhalend en beledigend bestempel: "Bestorm deur Kaffer, Leeu en Brit". (100%).

5.3. Die Stem van Suid Afrika, C.J. Langenhoven (:100): Eksklusiewe Afrikanersentimente. (100%).

5.4. Generaal de Wet, Jan F.E. Cilliers (:70): Eksklusiewe Afrikanersentimente. (95%).

5.5. Die beeld van oom Paul, Toon van den Heever (:105): Eksklusiewe Afrikanersentimente. (95%).

5.6. Die grote trek, C.J. Langenhoven (:99): Eksklusiewe Afrikanersentimente. (90%).

5.7. Vooruitgang, C.P. Hoogenhout (:49): Beswaar teen reël 17: "Hollands sal vanself wel kome,/ Afrikaans is Hotnotstaal." (90%).

- 5.8. Jopie Fourie, Jan F.E. Cilliers (:70): Eksklusiewe Afrika-nersentimente. (90%).
- 5.9. Die Afrikaanse Taal, J.Lion Cachet (:52): Beswaar veral teen die reëls: "Hulle skel my uit vir Hotnotsmeid,/ Maar ek gee daar nie om;/ Want aan my lippies kan jy sien/ van wat geslag ek kom." (strofe 2:1-4). (80%).
- 5.10. Louis Trichardt se einde, C.M.van den Heever (:130): Die meeste besware het op een reël gefokus: "geen sluwe owerheid of swartes kon ons vermurwe...". (:130). Al die blanke Engelssprekendes het hier gereageer en sommige het pertinent kaspie gemaak teen "sluwe owerheid" as verwysende na die Engelse koloniale owerhede. Daar was ook besware dat die gedig 'Afrikaner-gesentreerd' is. (80%).
- 5.11. Vergewe en vergeet, Totius (:72): Die gedig is veral deur gekleurde studente as Afrikanersentries uitgesonder, terwyl blanke studente die insluiting van die gedig as 'n oprakeling van die ou Boer-Britvete beskou het wat liefs weggelaat kan word. (70%).
- 5.12. Ons toekomstige volkslied, C.P.Hoogenhout (:49): Eksklusief tot die Afikanervolk gerig. (70%).
- 5.13. Die vishoring, Uys Krige (:155): Besware teen verouderde aanspreekvorme: "Dag Basie! Dag my Merrem!" (strofe 1:1) en "Hier's tji alweer tjou Kaffertjie!" (strofe 5:17). Daarbenewens is gevoel dat die wyse waarop die karakters uitgebeeld word, die "jollie Hotnot"-stereotipe by die jong lesers kan versterk.



(55%).

5.14. Oom Gert vertel, C.L.Leipoldt (:82): In die gedig is een uitdrukking as onaanvaarbaar en afstootlik bestempel: "Ja Bennie was 'n egte witmenskind -- " (:84) (55%).

5.15. Die tante, Barend Toerien (:227): 'n Groep studente het die gedig verwerp op grond van die volgende reëls:

"Sy golf in haar geblomde rok  
hoewel sy calvinisties soos 'n stok  
orent staan, vierkantig vasgeplant, afkeurend nie-raaksien die  
bondels bruinmense (soms aangeklam)  
wat kleef om  
winkelstoepe (haar jong spit in die tuin)..."  
(strofe 3:1-5)

Een groep studente wat oor die algemeen die akademies swakker seksie van die groep verteenwoordig, het die beskrywing gewoon gesien as onaanvaarbare stereotipering van gekleurdes, terwyl diegene wat letterkundig meer onderleg is, nie beswaar het teen die uitbeelding as sodanig nie, maar dat die ondiskriminerende jong leser en die swak geskoolde onderwyser die betrokke fragment sal interpreteer as 'n rassistiese beskouing van "bruinmense". Hulle bevraagteken dus die vermoë van die ongeleide leser of die swak begeleide leser om die fragment te lees as 'n aanklag teen die onverdraagsame, rassistiese houding van die vrou. (50%).

5.16. Waarom is ek tog 'n gewone man, M.M.Walters (:245): Twee afsonderlike fragmente het beswaar uitgelok. Die eerste is geïnterpreteer as 'n uiting van wit meerderwaardigheid:

"My dogter se vel is wit en fyn  
en daaroor verheug ek my."

(strofe 3:1-2)

Die tweede fragment lui so:

"Ek stap dankbaar deur my land  
my deel van Afrika."

(strofe 6:5-6)

Veral gekleurde studente het die reëls as 'aanmatigend' en  
'verwaand' bestempel. (50%)

5.17. Ou Flenterkatiera, W.E.G.Louw (:161): Besware was van twee-  
ledige aard: die stereotipering van die gekleurde as 'n versuk-  
kelde alkoholis, en die benaminge jongmeid en oumeid.

(45%)

5.18. Die veles, S.V.Petersen (:206): Alhoewel die mense wat in  
die gedig beskryf word, nie noodwendig as gekleurdes geïdentifi-  
seer kan word nie, het 80% van die gekleurde studente die gedig  
onaanvaarbaar gevind op grond van die feit dat dit die gekleurde  
stereotipeer. Afgesien van een honneursstudent wat die gedig op  
dieselfde gronde afgekeur het, het die blanke studente die gedig  
sonder kommentaar verby gegaan. (45%)

5.19. Uit: Joernaal van Jorik: Kamera, D.J.Opperman (:178): Die  
beswaar was teen die volgende twee fragmente, as sou dit stereo-  
tipering in die hand werk:

"Bruinmense met tamaties en kropslaai..." (strofe 8:1) en

"Hy hoor die karretjie met groot geraas

van wiele en perdepote om die hoek,  
en die Maleier sy vals beueltjie blaas  
en skree: 'Kabeljou, galjoen en snoek''

(strofe 9)

Daar is ook besware teen die gebruik van die benaming Koelie.  
(strofe 11:4). Die besware was hoofsaaklik van gekleurdes.(30%).

5.20. Die kampsuster, Jan F.E. Cilliers (:68): Eksklusiewe Afrikaner-  
sentimente. (25%).

5.21. In die konsentrasiekamp, C. Louis Leipoldt (:88): Eksklu-  
siewe Afrikanersentimente. (25%).

5.22. Naweekpas, Antjie Krog (:257): Die besware het hoofsaaklik  
van die gekleurdes gekom. Die algemene gevoel van hierdie groep  
was dat<sup>dit</sup> na 'n "blanke" oorlog verwys. (25%).

5.23. Twee perde, T.J.Haarhoff (:116): Die swart-boos-, wit-goed-  
assosiasie is as kwetsend ervaar. (25%).

5.24. Bede, S.V.Petersen (:205): Gekleurde studente het geprotes-  
teer teen die gelate toon in die gedig. Die volgende reëls is  
aangehaal as die beliggaming van 'n verwerplike konsep:

"Dan weet ek tog, dis u besluit  
die vloekstraf van 'n donker huid." (25%)

5.25. Gevalle Zoeloe-indoena, C.M. van den Heever (:127): Beswaar  
teen die woord Zoeloemeid (reël 22). Die swart student uit Caprivi  
verwys na 'n insident aan die Universiteit van Zoeloeland toe  
studente by prof. Jan Senekal beswaar gemaak het teen die gedig

op grond van die woorde "opruiend, kwaai en wild". (reël 20). Hulle het daarop gewys dat die Zoeloe-leërs juis besonder gedissiplineer was en dat die voorstelling 'n verwringing van die geskiedkundige feite verteenwoordig. (20%).

5.26. April 1660, Dan Sleigh (:266): Stereotipering van die gekleurde as 'n vuil daggaroker. (20%).

5.27. Blokhuis,gedagtewisseling, Olga Kirsch (strofe 1:1): Beswaar teen die gebruik van die woord meidjie, asook die gelate aanvaarding wat in die volgende reëls beliggaam word:

"Jy wis

dat God die God van blanke kinders is?" (20%).

5.28. O wye en droewe land, N.P.van Wyk Louw (:136): Sommige studente het Afrikaner-nasionalistiese sentimente in die visioene van die spreker herken. (15%).

5.29. Die storie van Koenraad Fiet, C. Louis Leipoldt (:92): Die besware het gegaan om die woord jong in: "Sê vir jou jong hy moet probeer vanaand Patrysvlei haal." (strofe 4:19) (15%).

5.30. O verre berge, Theo Wassenaar (:104): Besware teen die woord kafferstrooise (strofe2:4). Die woord is in die 1982-uitgawe van S.V. verander na ronde strooise wat beteken dat daar sedert die 1978-uitgawe 'n poging aangewend is om gedigte in die bloemlesing van aanstootlike taal te suiwer (1). (Die verandering is toevallig opgemerk; geen vergelykende studie is in die verband gedoen nie). (15%).

5.31. Rosa Rosarum, A.G. Visser (:110): Die beswaar was teen die blank-rein-assosiasie in die volgende reëls:

"Kom waar die lelie -- die blanke, die reine --  
skugter haar bloeisels ontbloot aan die maan,"

(strofe 3:1-2) (10%).

5.32. Die persentasie beswaarmakers in die onderstaande groep gedigte is so onbeduidend, dat hulle slegs vir kennisname in die lys opgeneem word:

5.32.1. Om boer te wees, W.E.G. Louw (:116).

5.32.2. Dis al, Jan F.E. Cilliers (:69).

5.32.3. Doemanie, Adam Small (:234).

5.32.4. Huisbesoek, I.L. de Villiers (:268).

5.32.5. Aan die graf van 'n onbekende boerseun, J.R.L. van Bruggen (:109)

5.32.6. Nagwag, D.J. Opperman (:183).

5.32.7. Wie need'rig op, C.M. van den Heever (:126).

5.32.8. Gedigte met 'n sterk Bybelse verwysingsraamwerk, soos dié van W.E.G. Louw.

5.33. Die volgende gedigte is ook deur individuele studente onaanvaarbaar gevind, maar die meegaande motiverings dui op skewe interpretasies:

5.33.1. Tramode, Uys Krige (:149): Afrikanersentimente.

5.33.2. 'n Paternoster vir Suid-Afrika, Lina Spies (:260): Die respondent het in die swart skeerders en wit skape rasisme bespeur.

5.33.3. Lied van die fietsers, Antjie Krog (:256): Die beswaar

was geleë in die feit dat die bruin fietser uitgesonder is.

5.33.4. Notas gemaak by 'n geslotebaantelevisiedemonstrasie,  
Stephan Bouwer (:250): 'n Engelssprekende respondent het beswaar  
gemaak teen die slotreëls:

"Ons kinders dop nog steeds Engels:  
dit gaan goed met ons volk."

5.33.5. Die bokser, Ernst van Heerden (:190): Die volgende reël is  
na die mening van die respondent irriterend omdat dit kleur  
onnodiglik beklemtoon:

"waar wit bors vier teen wit bors staan."

(strofe 2:1).

Die besware sou afgemaak kan word as hipersensitief; tog is dit  
belangrik om in gedagte te hou dat die respondente uiteindelik in  
klaskamers tereg sal kom, waar die ideologiese probleme wat die  
onderwyser met 'n bepaalde gedig het, deur klassikale bespreking  
geamplifiseer word.

## 6. 'n Retrospektiewe evaluasie van potensiële veranderlikes

In 2.6 is daar melding gemaak van drie faktore wat die uitslag  
van die ondersoek moontlik kon beïnvloed: die diverse kulturele  
agtergronde, 'n oorreaksie by sommige studente en die aanmerklike  
verskille in akademiese vermoëns wat die benadering tot 'n  
bepaalde kunswerk noodwendig beïnvloed.

6.1. Ná die verwerking van die data is die resultate met die  
respondente bespreek. Besware in gedigte is aangetoon. Uit hul

reaksie het 'n belangrike vierde veranderlike na vore gekom. Die omvang van die opdrag -- die lees van 260 gedigte -- het meegebring dat gedigte nie altyd met die vereiste deeglikheid gelees is nie. Daar was algemene instemming onder respondente dat die gereflekteerde persentasies te konserwatief is. Die waarneming kort die nodige wetenskaplike fundering maar behoort nietemin in gedagte gehou word wanneer die persentasies oorweeg word.

6.2. Onder die Afrikanerstudente het 'n ander verskynsel uitgekristalliseer: terwyl een van die honneursstudente sowat veertig gedigte met besondere sensitiwiteit uitgelig en sy besware gemotiveer het, het 'n ander student slegs nege gedigte onaanvaarbaar gevind. Ter motivering voer hy aan:

"Myns insiens is dit jammer dat gedigte of enige ander genre of kunswerk geselekteer of gesensureer behoort te word op grond van morele of politieke oorweginge. Die alles oorheersende kriterium behoort die estetiese gehalte te wees."

Die feit dat eg. student sosio-polities genuanseerd en progressief dink, terwyl die tweede student as konserwatief op die gebied bestempel sou kan word, kan moontlik vir die uiteenlopende reaksies verantwoordelik wees. Wanneer die student se bogestelde motivering noukeurig bestudeer word, ontstaan die vraag of die lewensbeskoulike nie tog voor die estetika gestel is nie, en dat die estetiese eise as 'n skans opgewerp word teen die verandering/eliminasië van elemente in die letterkunde wat sy lewensbeskouing ondersteun.

Dit skyn asof die reaksies van die twee studente die kern verteenwoordig van die meer omvangryke debat wat in die onmiddellike toekoms onder Afrikaanse akademici en opvoedkundiges -- bruin en wit -- gevoer sal moet word.

## 7. Kategorieë van onaanvaarbaarheid

Ten einde in beginsel oor aanstootlikhede in die bloemlesing te praat, was dit wenslik om die gedigte onder kategorieë te bring.

Die volgende ses kategorieë is geïdentifiseer:

7.1. Poësie wat inhoudelik te eng, etnosentries en Afrikaner-eksklusief van opset is, en wat dus sentimente omvat wat die gekleurdes in die ASG uitsluit. Onder die groep val veral die werk van die Patriotdigters en sommige gedigte uit die tydperk onmiddellik ná die Tweede Vryheidsoorlog.

7.2. Gedigte wat, afgesien van enkele geïsoleerde woorde, geheel en al aanvaarbaar is. 'n Voorbeeld hiervan is Oom Gert vertel van C. Louis Leipoldt (:82) wat problematies word, a.g.v. die reël:

"Ja, Bennie was 'n egte witmenskind."

7.3. Gedigte wat kleurverwysings bevat wat op sigself nie as rassisties opgevat kan word nie, maar wat onhoudbare konnotasies in die huidige sosio-politieke bestel ontwikkel. Hier gaan dit om gedigte soos Twee perde van T.J. Haarhoff (:116).

7.4. Poësie wat oor die lyding en verontregting van gekleurdes handel, maar vanweë die hantering van die stof net groter frustrasie en pyn teweeg bring. Bede (:205) van S.V. Petersen is



'n voorbeeld van die soort gedig.

7.5. Gedigte wat rasse-stereotipering versterk, soos Die veles van S.V.Petersen (:206).

7.6. Gedigte wat verbintnisse met die Christelike godsdiens vertoon. Die reaksie kom uiteraard hoofsaaklik van die Maleise studente.

Die kategorieë van onaanvaarbaarheid sal in die volgende afdeling in groter besonderheid bespreek word.

## 8. Implikasies van die bevindinge vir bloemlesers

By die samestelling van 'n bloemlesing werk die bloemleser volgens selfopgelegde kriteria. Seleksie kan geskied op grond van 'n verteenwoordigende keuse uit 'n bepaalde era, of daar kan gekonsentreer word op 'n skrywersgroep, 'n beweging, 'n tema of 'n hele aantal temas.

Opperman streef in S.V. na 'n verteenwoordigende keuse wat al die fases en die werk van belangrikste digtersfigure weerspieël. Dit bring mee dat hy homself daartoe verbind om die Afrikaanse poësie vanaf die vroegste Patriotuitinge tot die jongste werk deur die sg. Tagtigers in die bloemlesing op 'n verteenwoordigende basis te reflekteer.

Die afdeling word gewy aan 'n ondersoek na die implikasies wat die bevindinge op 'n eventuele hersamestelling van S.V. behoort te hê, asook op enige toekomstige bloemlesings vir skoolgebruik. Vir die doel sal daar in groter diepte op die ses

geïdentifiseerde kategorieë ingegaan word.

### 8.1. Etnosentriese poësie in 'n bloemlesing vir die ASG.

Sowat veertien gedigte is deur respondente as etnosentriës bestempel, in die sin dat dit Afrikanersentimente vertroetel. Gedigte wat deur minder as 25% van die respondente in die kategorie geplaas is, word hier weggelaat. Die persentasie wat na elke gedig volg, dui die persentasie respondente aan wat die gedig op bostaande gronde onaanvaarbaar gevind het:

- 8.1.1. Die Afrikaanse volkslied, 100%.
- 8.1.2. Transvaalse vryheidslied, 100%.
- 8.1.3. Die stem van Suid Afrika, 100%.
- 8.1.4. Generaal de Wet, 95%.
- 8.1.5. Die grote trek, 95%.
- 8.1.6. Die beeld van oom Paul, 95%.
- 8.1.7. Jopie Fourie, 90%.
- 8.1.8. Louis Trichardt se einde, 80%.
- 8.1.9. Vergewe en vergeet, 70%.
- 8.1.10. Ons toekomstige volkslied, 70%.
- 8.1.11. Waarom is ek tog 'n gewone man?, 50%.
- 8.1.12. Die kampsuster, 25%.
- 8.1.13. In die konsentrasiekamp, 25%.
- 8.1.14. Naweekpas, 25%.

Dit is betekenisvol dat die oorweldigende meerderheid van die gedigte uit die eerste veertig jaar van die Afrikaanse literêre tradisie kom. Slegs Naweekpas en Waarom is ek tog 'n gewone man?

val buite die era.

Die vraag ontstaan of die groep gedigte in hul geheel uit die bloemlesing geweer moet word. Sonder die gedigte sal die bloemlesing se aanspraak op verteenwoordigendheid verval. Die gedigte uit die Patriot-era is om literêr-historiese redes uniek en daarom belangrik, maar terselfdertyd is die heftigste stemming juis teen die gedigte. Spraakgemeenskaplike eise bring dus mee dat die patriotverse verwyder sal word en, waar moontlik, deur ander sosiaal aanvaarbare verse uit die era vervang word.

Die ander twee gedigte, Waarom is ek tog 'n gewone man? en Naweekpas is minder problematies. Die oorspronklike insluiting van eersgenoemde gedig is allesins onverstaanbaar. Afgesien van die middelmatigheid daarvan as kunswerk, lê dit tematies buite die ervaringsveld van hoërskoolleerlinge. Daarteenoor is Naweekpas met sy skitterende metafore, 'n gedig van hoë gehalte, en sou die weglating daarvan die bloemlesing armer laat. Daarbenewens is dit nie so konteks gebonde as die Vryheids-oorloggedigte nie.

Die Stem van Suid-Afrika is deur al die respondente op grond van sy Afrikanersentriese sentimente verwerp. Die gedig, met sy klinkende Trekkermetafore is ondubbelsinnig 'n Afrikanervolkslied. 'n Reël soos "Waar en trou as Afrikaners -- kinders van Suid-Afrika" laat geen twyfel oor wie se "stem" hier gehoor word nie. Die fel omstrede posisie wat die gedig in S.V. bekleed, plaas uiteraard ook 'n vraag agter die geskiktheid daarvan as 'n nasionale volkslied.

Uit die voorgeskrewe lysie vir D.O.K. en K.O.D. blyk dit dat nie

een van die bogemelde omstrede gedigte vir gekleurdes voorgeskryf is nie, terwyl die betrokke gedigte in totaal slegs 9 keer vir blanke leerlinge voorgeskryf is. Dit laat ontstaan die verdere vraag of dit hoegenaamd nodig om hulle uit S.V. te verwyder. Die behoud van die gedigte bly om twee redes egter onaanvaarbaar. In die eerste plek word die bundel in sy geheel beskikbaar gestel en kan redelikerwys verwag word dat leerling wyer as die bloot voorgeskrewe gedigte sal lees. 'n Tweede en meer gewigtige beswaar is eties van aard: Die leerlinge van die ASG word op die manier aan 'n verdeelde ervaring blootgestel wat die tweespalt in die gemeenskap vererger, terwyl die betrokke gedigte slegs kan meewerk om etnosentriese sentimente by Afrikanerleerlinge te verskerp.

Die bloemleser behoort hom in verband met die groep gedigte, af te vra of die verlies aan 'n verteenwoordigende keuse opweeg teen die sosiale implikasies wat die insluiting daarvan vir die spraakgemeenskap het.

8.2. Die geïsoleerde rassistiese term, benaming of verwysing in 'n andersins aanvaarbare gedig

In hierdie kategorie van omstrede gedigte gaan dit om die gebruik van oorwegend argaïese aanspreekvorme en ander benaminge wat as rassisties of onaanvaarbaar deur sommige lede van die ASG ervaar word. Die volgende lys is deur die respondente geïdentifiseer as onaanvaarbaar:

Hotnotstaal, jong (in die betekenis van 'n gekleurde man), meid,

jongmeid, oumeid, Koelies, Zoeloemaid, kafferstrooise, kaffer, witmenskind, meidjie en bruinmense.

Uit die response het dit geblyk dat die aanwesigheid van een van die gewraakte woorde 'n andersins aanvaarbare gedig in die omstrede kategorie plaas. Van die gedigte wat 25% en hoër op die omstredenheidslys staan, val nege gedigte in die groep. Die vier wat laer as 25% geregistreer het, word volledigheidshalwe by die lys gevoeg:

- 8.2.1. Die Transvaalse Vryheidslied, 100%
- 8.2.2. Vooruitgang, 90%
- 8.2.3. Die Afrikaanse -taal, 80%
- 8.2.4. Die vishoring, 55%
- 8.2.5. Oom Gert vertel, 55%
- 8.2.6. Die tante, 50%
- 8.2.7. Waarom is ek tog 'n gewone man?, 50%
- 8.2.8. Ou Flenterkatiera, 45%
- 8.2.9. Uit:Joernaal van Jorik: Kamera, 30%
- 8.2.10. Blokhuis, 20%
- 8.2.11. Die gevalle Zoeloe-indoena, 15%
- 8.2.12. Die storie van Koenraad Fiet, 15%
- 8.2.13. O verre berge, 15%

8.3. Die onaantasbaarheid van die kunswerk teenoor sosiale eise

By die Skrywerskringsimposium by die Universiteit van Wes-Kaapland oor die onderwerp "Rassisme in skoolhandboeke en die sensurering daarvan" (12 September 1984), het verskeie sprekers, o.a. Richard Rive, Petra Grütter en Abraham de Vries hulle sterk

uitgespreek teen die versnippering of verandering van ou tekste om by die eise van die samelewing aan te pas. Jakes Gerwel in sy hoedanigheid as gespreksleier het die sprekers ondersteun en daaraan toegevoeg dat tekste belangrike sosiale dokumente is waaraan nie gepeuter behoort te word nie. Dit is 'n standpunt waarmee die meeste letterkundiges waarskynlik akkoord sal gaan.

Andersyds is daar die eis van gekleurdes dat kwetsende benaminge, verwysings en insinuasies nie in skoolhandboeke opgeneem sal word nie. Abraham de Vries (1984) sê hieroor:

"Want boeke is, by alles wat dit ook nóg is, deel van die daaglikse werklikheid. Dit is 'n ding wat jy saamvat huis toe. En hoekom moet 'n kind in 'n boek 'n baas saamvat huis toe en daarmee saam dus die hele ou bestel van baas en klaas?"

Daar is dus die twee teenstrydige eise: die suiwer literêre eis dat niemand, behalwe die kunstenaar veranderinge aan 'n werk sal aanbring nie, en die spraakgemeenskaplike eis dat dit wat voorgeskryf word, tot die voordeel en geestelike ontwikkeling van al die kinders van die spraakgemeenskap sal wees.

Die vraag ontstaan wat die bloemleser te doen staan, betreffende die literêr hoog aangeskrewe gedigte wat in die kategorie val. 'n Gedig soos Oom Gert vertel bevat 'n enkele onaanvaarbare reël: "Ja, Bennie was 'n egte witmenskind --".

In hoe 'n mate word die waaragtigheid en outensiteit van die gedig geskaad indien die reël verander word tot: "Ja, Bennie was 'n liewe kind", of iets dergeliks?

Aan die ander kant toon 'n sosio-linguistiese ondersoek van Die gevalle Zoeloe-indoena dat die verwydering van 'n aanstootlike woord nie noodwendig die gedig aanvaarbaar maak nie. Twee geslagte leerlinge het met die gedig kennis gemaak en dit moontlik ervaar as 'n simpatieke siening van die Zoeloe-volk tydens een van die 19e eeuse swart-wit botsings in Natal.

Zoeloe-studente ervaar egter die gedig anders. Afgesien van die onaanvaarbare Zoeloemeid, maak Zoeloe-studente beswaar teen twee ander sake: die uitbeelding van die impi's as "opruierend, kwaai en wild" en die slotreël: "Hier waar jy was, sal skape wei." Die swart respondent het my mondeling meegedeel dat die omstrede reël in 'n derdejaarsklas van prof. Jan Senekal aan die Universiteit van Zoeloeland ter sprake gekom het. Aangesien die Zoeloes uitsluitlik beesboere is, is die reël geïnterpreteer as 'n digtersprofesie dat die betrokke gebied eendag deur die skaaptroppe van blanke boere bewei sal word. Die oënskynlik simpatieke beskouing van 'n gestorwe krygsman word dus volkome vernietig deur die stereotipering van die Zoeloe-soldaat as ongedissiplineer, en die blank-imperialistiese implikasies wat in die slotreël opgesluit lê.

Oppervlakkige selfsensurering kan dus nutteloos en selfs gevaarlik wees. Die verwydering van die woord Zoeloemeid sou die bloemleser kan verlei om te glo dat die "gesuiwerde" gedig in die wyer sosiale konteks aanvaarbaar sal wees.

Die kwessie verg 'n diepgaande studie waartydens die literêre,

opvoedkundige, spraakgemeenskaplike, en sosiale implikasies in oorweging geneem behoort te word.

#### 8.4. Ongunstige kleurassosiasies

Onder die derde kategorie ressorteer die groep gedigte wat met kleurassosiasies werk en intrinsiek nie rassisties is nie, maar wat binne die sosiale bestel, waarin hulle gelees en geïnterpreteer word, onhoudbare konnotasies ontwikkel.

Twee gedigte waarteen besware ingebring is, val in die kategorie, t.w. Twee perde (fragment) van T.J. Haarhoff (:116) (25%) en Rosa rosarum van A.G. Visser (:110) (10%).

Twee perde kan as voorbeeld dien van die soort kleurproblematiek:

Twee perde trek die siel se wa;  
Die een is swart en nors en kwaai,  
Geneig tot oproer en lawaai  
Gereed om steeds te veel te vra;  
  
Die ander wit en rein en stil,  
gehoorsaam as die menner stuur,  
En sterk om innerlike vuur  
Te temper soos die Meester wil.

Ali M. Mazrui in "The racial boundries of the English language: an African perspective" (1975) beskou die swart-boos-, wit-goed-assosiasie as kultuurgebonde:

"In some ways most deeply structured into the language is the notion that black is evil. To some extent the



notion has its origin in the Europeanization of Christianity. As Christianity became a religion whose chief champions were white people, angels gradually became white and the devil black" (:75).

Mazrui verwys na voorbeelde waar president Julius Nyerere fragmente in Shakespeare-dramas wat hy in Swahili vertaal het, gewysig het ten einde die swart-boos-assosiasie te vermy. In die geval is dokumentêre en historiese akkuraatheid dus ingeboet vir die korreksie van rassistiese verwysinge in die letterkunde.

In die lig van Mazrui se siening dat kleurassosiasies kultuurgebonde is en dus verander kan word, is Haarhoff en ook Visser se onderhawige gedigte ongewens op grond daarvan dat die swart-boos-assosiasie versterk word -- 'n assosiasie wat binne die Suid-Afrikaanse bestel noodwendig negatiewe rassestereotipering in die hand moet werk.

Visser se Rosa rosarum bevat die reëls:

"Kom waar die lelie -- die blanke, die reine  
skugter haar boesem ontbloom aan die maan."

(strofe 3:1-2).

Vanweë die semantiese waarde wat die woord blanke noodwendig in die Suid-Afrikaanse apartheidsbestel ontwikkel het, was dit onvermydelik dat die betekenis waarin dit hierbo gebruik is, deur assosiasie besmet geword het. Hierdie geval bevestig weer eens hoe (hiper)-sensitief die sosio-linguistiese meetapparaat van die ASG-lede geword het.

## 8.5. Sosiaal-bewuste poësie met kontra-produktiewe effekte

Die kategorie gedigte staan simpatiek teenoor die lyding en verontregting van gekleurdtes, maar weens die hantering van die stof bring dit eintlik groter verwarring en frustrasie by die verontregtes.

Gedigte wat in die kategorie val, is:

8.5.1. Bede, S.V.Petersen (25%).

8.5.2. Blokhuis, Olga Kirsch (20%).

In Bede was dit die skynbaar gelate aanvaarding van die gekleurde se "lot" wat protes uitgelok het. Dit is die algemene toon, maar veral die volgende reëls wat die gedig onaanvaarbaar maak:

"Dan weet ek tog, dis u besluit,  
die vloekstraf van 'n donker huid,"

(strofe 3:4-5)

Die blokhuis, gedagtewisseling werk met 'n wrang soort ironie wat kulmineer in die reëls:

"Hoe sê jou donker oë dan? Jy wis  
dat God die God van blanke kinders is...?"

Eie ervaring het geleer dat die letterkundig ongeskoolde hoërskoolleerling subtiele ironie, sonder kundige leiding, op sigwaarde aanvaar omdat die letterkundige konvensie vir hom vreemd is. Die potensiële versterking van godsdienstige mites by blanke leerlinge en die verwarring en verbittering by gekleurde leerlinge, danksy die skewe interpretasie van die gedig, is klaarblyklik. Die onaanvaarbare woord meidjie (reël 1) kan wel vervang word met meisie, maar die moontlike waninterpretasie van die ironisering is nie beheerbaar nie; daarom moet die gedig liefers uit die bloemlesing gelaat word.

## 8.6. Gedigte wat rassestereotipering in die hand werk

Die volgende gedigte val in die kategorie:

- 8.6.1. Die vishoring (:155) (55%)
- 8.6.2. Die tante (:245) (50%)
- 8.6.3. Ou Flenterkatiera (:161) (45%)
- 8.6.4. Die veles (:206) (45%)
- 8.6.5. Joernaal van Jorik (:178) (30%)
- 8.6.6. April 1660 (:266) (:20)

Al ses die gedigte bevat in een of ander vorm 'n beeld van gekleurdes as persone op die laagste sosiale trap: die "jollie Hotnot"-visverkoper (Die vishoring), "bondels bruinmense" (Die tante), 'n versukkelde ou skaapwagter (Ou Flenterkatiera), verwerde verworpenes (Die veles), venters (Joernaal van Jorik) en Herrie as daggaroker en leeglêer (April 1660).

Vir die buitestaander kan die besware as ongeregverdig voorkom. Poësie word uit verband aangehaal en ironisering misgekyk. Die letterkunde word in die skool egter selde deur onderlegde letterkundiges bedryf.

Die jong ongevormde leser se gebrekkige interpretasie van 'n kunswerk bring mee dat die teks dikwels op sigwaarde aanvaar word. Grepe word uit verband geruk en ironisering waninterpreteer. Literêre konvensie verval gedeeltelik in die sin dat die bedoeling van die digter van minder belang word. Die kunswerk verloor sy outonomie en, in die taal van Dekonstruksie, word dit herskep deur 'n tyd-ruimtelik gebonde leser. Die gebrekkige in-

terpretasie van die hoërskoolleerling kan dus nie gewoon as ongeldig afgemaak word nie. Dit gaan hier dus nie om die reaksie van die ideale leser nie, maar die literêr ongevormde persoon wat die kunswerk sonder die konvensionele litêre gereedskap moet benader.

Dit val veral op by die beswaar teen Die tante, waarin die kritiek juis teen die onverdraagsame, ongenaakbare lewenshouding van die vrou gerig is. Terwyl die gedig bevrydend behoort te werk in die hande van 'n kundige, literêr onderlegde onderwyser, kan dit onder die verkeerde leiding net verdere rasse-stereotipering in die hand werk.

In Die veles is dit die stereotipering van die werkersklas, (Petersen verwys nie spesifiek na gekleurdes nie), as losbandige, kortsigtige soort mense, waarteen beswaar aangeteken word. Dit is betekenisvol dat die ander Petersen-gedig, Riversdal, wat handel oor die gesellige bedrywighede van wasvroue by die rivier, geen beswaar uitgelok het nie. Die verskil lê egter hierin dat die uitbeelding van die vroue nie alleen waardigheid aan hulle as mense gee nie, maar aan die werk self geldigheid verleen. Voorts bevat die gedig 'n subtiele, maar skerp stuk sosiale kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing:

"Bietjie-bietjie skinder

met skuinsweg 'n skimp

En plek-plek 'n luide geskater

By duusman se wasgoed

vuil in die water." (strofe 2)

Ook die gebruik van die ongunstige duusman wat tradisioneel deur die gekleurde gebruik is, wanneer hy hom teenoor die witman wil handhaaf, dra by tot die indruk dat die lewensblye vroue, mense in eie reg is.

Beide gedigte, Die veles en Riversdal handel dus oor werkers; tog is die oordeel van die respondente dat slegs eersgenoemde gedig stereotipeer. Die hantering van die onderwerp bepaal dus in 'n hoër mate of dit vir die leser aanvaarbaar is.

#### 8.7. Kaaps-Afrikaanse gedigte en rasse-stereotipering

Die onbestredenheid van die twee Kaaps-Afrikaanse gedigte Oor monnemente gepraat (:222) en Doemanie (:234) is enigszins verrassend, veral in die lig van die bevindinge van Kay McCormick. (2) 'n Moontlike verklaring vir die aanvaarbaarheid van die Kaaps-Afrikaanse gedigte is dat beide 'n skerp satiriese inslag besit en dat die teken in albei gevalle die blanke Establishment is. Hier word die variant nie gelê in die mond van die gekleurde harlekyn-tipe nie, maar word dit draer van 'n effektiewe aanval op voos blanke waardes. Indien die hipotese korrek is dat dit nie soseer gaan om die spraakvorm nie, maar om wat gesê word, het dit gewigtige implikasies vir die bloemleser.

Opperman se seleksie van Small-gedigte kan op die gronde bevraagteken word. Van die drie ingeslote gedigte, Doemanie, Exodus en Pad is slegs eersgenoemde in Kaaps-Afrikaans. Gegee die feit dat Small se belangrikste letterkundige bydrae in die Kaaps-Afrikaanse variant geskryf is, kan die keuse in elk geval nie as verteen-

woordigend beskou word nie. Voorts behoort die unieke bydrae van Small groter erkenning te geniet deur sy aandeel tot die bloemlesing minstens te verdubbel. Sy poësie gee immers skrapse, maar belangrike gestalte aan die frustrasies van die gekleurde komponent van die ASG in 'n variant wat deur 'n beduidende persentasie van die Skiereilandse gekleurdes gepraat word.

Verdere ondersoek na die gebruik van Kaaps-Afrikaanse poësie is klaarblyklik nodig.

8.8. Gedigte wat verbintnisse met 'n spesifieke godsdiens toon

S.V. bevat vyftien gedigte wat Bybelse stof as grondmateriaal gebruik, t.w. Psalm 8 (:78), Psalm 130 (:79), Ek sal opstaan en na my vader gaan (:160), Avondmaal (:163), Maria (Louw:163), Golgota (:164), Opstanding (:164), Maria (Eybers:165), Hagar (:168), Adam en Eva (:216), Die erfenis van Israel (:207) en Die wandelende Jood (:207).

Daarbenewens is ses gedigte ingesluit waarin God as Heer aangespreek word, waardeur 'n Christelike karakter aan die gebede gegee word. Van die vyftien gedigte is ses gebaseer op Oud-Testamentiese stof: die twee psalms, Hagar, Adam en Eva, Die erfenis van Israel en Die wandelende Jood -- gegewe waarmee die Moslem- en Joodse studente kan identifiseer.

Een respondent het die insluiting van die Christelike gedigte bevraagteken, op grond daarvan dat hulle studente van ander gelowe affronteer. Terwyl die Oud-Testamentiese gedigte 'n same-

snoerende effek op leerlinge behoort te hê, is die teenoorgestelde waar van die gedigte wat die Nieu-Testamentiese stof as basis het. By die oorweging van godsdienstige gedigte vir 'n bloemlesing, kan die argument in gedagte gehou te word.

## 9. Slotsom

Senior Verseboek: 'n produk van sy tyd

Uit die ondersoek van S.V. blyk dit dus dat die bloemlesing, sosio-linguisties gesproke, ernstige tekortkominge bevat.

Die primêre rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die omstandighede waaronder dit sy beslag in 1951 ontvang het: Die bloemlesing is vyf en dertig jaar gelede vir die eerste keer saamgestel. Sentimente, menseverhoudinge en ideologieë van die vyftigerjare het in die teken gestaan van 'n stuwende en optimistiese Afrikanernasionalisme. Op die politieke front is gewerk aan 'n drasties nuwe politieke bestel, gebaseer op Afrikanerpolitieke dominasie. (Die politieke vervreemding tussen Afrikaners en gekleurdes as gevolg van die apartheidsmaatreëls, het ook 'n spraakgemeenskaplike verwydering teweeg gebring waarvan die erns eers in die nugterder sewentigerjare, na die politieke euforie van die vyftiger- en sestigerjare, besef is).

Opperman se eerste uitgawe staan in die teken van sy tyd. Die bloemlesing met sy Afrikanersentriese karakter, gee die indruk dat dit in die eerste plek saamgestel is vir die Afrikanerleerling. Daarbenewens bevat S.V. 'n aansienlike hoeveelheid gedigte wat as gevolg van onaanvaarbare nomenklatuur, onhoudbare konnota-

sies en stereotipering van gekleurdes nooit ingesluit moes gewees het nie.

Opeenvolgende S.V.-uitgawes is gemoderniseer en aangepas in die sin dat bywerkings gedoen is ten einde kennis te neem van nuwe poësie. Met Opperman se verslegtende gezondheidstoestand is bywerkings nie meer deur homself gedoen nie. So byvoorbeeld is die taak wat die vierde uitgawe betref, aan G. Marais (inspekteur van onderwys), H.J.R. Hammann (skoolhoof) en myself opgedra. Retrospektief beskou, kom dit voor of die drie persone nie sosiolinguisties onderleg was om die opdrag na wense uit te voer nie. Ook wat die vyfde bywerking betref, is die taak gedelegeer.

S.V. ontstaan dus in 'n tydperk waarin die Afrikaner hom besig hou met 'n grandiose politieke begrensingsaksie. Die politieke distansiëringsproses vind sy parallel in 'n taalbegrensingsaksie wat ook sy invloed op Senior Verseboek skyn te gehad het.

Die studie van Senior Verseboek het waardevolle insigte verskaf aangaande relevante sosio-linguistiese kriteria by die samestelling van 'n bloemlesing wat sal laat reg geskied aan al die taalgenote in die spraakgemeenskap. Op grond daarvan sou 'n tentatiewe evaluasie van enige ander bundel gemaak kan word.

Die leemtes wat die ondersoek van S.V. blootgelê het, laat ontstaan die vraag in hoe 'n mate ander skoolbloemlesings aan die eise van die ASG beantwoord. Voorts het die studie insigte gebring wat met vrug by die ondersoek van ander bloemlesings benut kan word; op grond daarvan is besluit om die ander populêre bloemlesing in die voorgeskrewe lysie van die DOK en KOD aan die



hand van die neergelegde kriteria te ondersoek.

## 9. TREKNET: 'N SOSIO-LINGUISTIESE EVALUASIE.

### 9.1. Motivering

Daar is op 'n ondersoek van Treknet besluit, vanweë die populariteit daarvan op die voorgeskrewe lysie van KOD en DOK. Daarbenewens het die bloemlesing vyftien jaar ná Senior Verseboek verskyn wat moontlik klemverskuiwings kon meebring.

Treknet (1976) verskyn vir die eerste keer in 1966, word hersien in 1973 en weer in 1976. Die bloemlesing verskil dus van S.V. in die belangrike opsig dat dit sy beslag ontvang in 'n heel ander denkklimaat; terwyl S.V. saamgestel is tydens die euforiese fase in die Afrikaner se geskiedenis, ná die 1948-oorwinning, verskyn Treknet ná die Sharpville-onluste. Die volksluim is soberder.

### 9.2. Die vermyding van Afrikaner-volksverse

Een van die opvallendste verskille in die benadering van die samestellers lê in die sensitiewe benutting van poësie uit die tydperk 1875-1900. Louw en Lindenberg selekteer ligte humoristiese poësie: 'n vyftiental anonieme stukkie volkspoësie, Steweltjies van Sannie (:6), Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het (:8), Op Hartebeesfontein (:13) en Nuttige resepte (:19).

Daarteenoor gebruik Opperman die swaarwigtige nasionale verse van S.J. du Toit, C.P. Hoogenhout en Lion Cachet, en in ligter trant, Pulvermacher se Dopper Joris en synseiltjie en Pikkedel se

Hartebeesfontein. Van die gedigte in S.V. wat die hewigste kritiek van die respondente ontvang het, is dus afwesig in Treknet.

### 9.3. Omstrede poësie in Treknet

Daar sal vervolgens, aan hand van die insigte verwerf uit die S.V.-ondersoek, 'n lys van omstrede gedigte uit Treknet opgestel word:

#### 9.3.1. Die poësie voor 1900

Die gedig Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het (:8) is 'n besonder problematiese keuse. Gemeet aan die kriteria, neergelê deur die respondente, is die gedig onaanvaarbaar.

Dit bevat:

9.3.1.1. argaïese nomenklatuur: "My liewe basies, glo vir my...", en 9.3.1.2. die stereotipering van die Griekwas as naïef en komies.

In 1984 is die gedig egter deur 'n geskiedenisonderwyser in 'n Mitchelpleinse skool gebruik om koloniale uitbuiting te dramatiseer. Dit is vervolgens ook deur die onderwyser en sy klas voor onderwysstudente van die Universiteit van Kaapstad opgevoer. Deur stemtoon en gebaar is die aksente verskuif en is die gedig met 'n ander betekenis herlaai. Terwyl die gedig in die KOD-klaskamer gevestigde houdings t.o.v. gekleurdes versterk, is die gedig deur die groep as 'n sosiale dokument hanteer.

Persoonlik is die ver-ironiseerde dramatisering van die vertroude stuk poësie as 'n kultuurskok ervaar. Dit het egter 'n belangrike insig tuisgebring, nl. dat die Afrikaanse taal en letterkunde in die hande van 'n sosiaal-bewuste en literêr-onderlegde persoon

verdoemende getuigenis omtrent Afrikaans, menseverhoudinge en die geskiedenis kan lewer.

### 9.3.2. Die post-Vryheidsoorlog-era

Wat gedigte uit die onmiddellike post-Vryheidsoorlog-era betref, lyk die Treknet-keuses sensitiewer as dié van S.V. Minder gedigte oor oorlogsleed en -verbittering is ingesluit, terwyl dié wat wel gekies is, 'n sekere universele kwaliteit besit: Dis al (:22), Vrede-aand (fragment, :37) en 'n Nuwe liedjie op 'n ou deuntjie (:36). Die uitsondering in die kategorie is Vergewe en vergeet (:27) met sy bitter ondertoon wat in der waarheid die titel van die gedig weerspreek. Die gedig is dan ook deur 70% van die S.V.-respondente afgewys.

Van Cilliers is twee gedigte ingesluit wat weggelaat behoort te word: Jopie Fourie (Cilliers: 24) is in die S.V.-opname deur 90% van die respondente as Afrikanersentries afgekeur. Kruger (Cilliers: 25) met sy heldevererende toon, moet op dieselfde gronde as ongeskik beskou word.

In die Leipoldt-seleksie is drie ander gedigte wat in die huidige tydsgewrig ongewenste bloemlesingmateriaal geword het:

Die insluiting van die literêr onbeduidende Dingaan, die Zoeloe is op literêre gronde skaars te regverdig. Daarbenewens bevat dit 'n kru karakterisering van Dingaan wat volkere-verhoudinge kan skaad:

"Dingaan, die Zoeloe was 'n duiwel;  
Handlanger van die hel was hy!

Hy het ons mens hard geteister,  
Windmaker in sy dwing'landy."

Die ander twee gedigte behoort, vanweë die onaanvaarbare benaminge, in 'n ander kategorie:

### 9.3.3. Argafese en beledigende nomenklatuur

In die S.V.-ondersoek was daar 'n duidelike uitspraak teen spesiale benaminge vir gekleurde of swart seuns (klonkies), meisies (kleinmeide), vroue (meide), mans (jonge) en die disfemistiese Slamaaier vir Maleiers. Daarbenewens is die (argafese) aanspreekvorme vir blankes eweneens verwerp: baas, nôï, kleinnôï en kleinbaas. Die etniese benaminge kaffer en hotnot val ook in die kategorie van beledigende benaminge.

Gemeet aan die kriteria is die volgende gedigte omstrede:

9.3.3.1. Outa Adam en ek (:42) : outa en baas (reël 6).

9.3.3.2. Die Slamaaier-winkel (:44) : Slamaaier.

9.3.3.3. Kaalvoet klonkie (:66) : klonkie.

9.3.3.4. Die wagttertjie stap (:68) : kaffertjie (strofe 1 r.3), klong (strofe 3 r.3) en klein jong (strofe 7 r.3).

9.3.3.5. Die gevalle Zoeloe-indoena (:69) : Zoeloemaid (strofe 1 r.22) Vergelyk die kommentaar op die gedig in die S.V.-bespreking.

9.3.3.6. Ou Flenterkatiera (:72) : jongmeid en ou-meid. Daarbenewens is die gedig nie vry te spreek van stereotiperings van die

gekleurde nie. Die uitbeelding van die ou man as 'n versukkelde, ambisielose kneg kan leerlinge negatief beïnvloed deurdat dit die vals beeld van gekleurdes as werkersklasmense kan versterk. (Ver-gelyk die reaksie op die gedig in die S.V.-ondersoek).

9.3.3.7. Joernaal van Jorik (:120). In die hoofstuk is verwys na die werksaamhede van die "Committee for racism in textbooks". Die groep sonder die woord skepsel uit as een van die onaanvaarbare benaminge vir nie-blankes. In die fragment uit Joernaal van Jorik word na swart mynwerkers verwys:

"En nou waar miershoopkamers en rotstuine  
staan, en skepsels koekepanne laai"

9.3.3.8. Oestyd (:126): In die lig van die voorafgaande, toon die gedig ernstige tekortkominge. Afgesien van benaminge soos jong (strofe 6 r.2), Basie (strofe 11 r.1) en Tatta (strofe 19 r.1), koester die gedig 'n geïmpliseerde blanke superioriteit en gekleurde inferioriteit. Dit blyk ten beste uit 'n geheelindruk van die gedig, maar kulmineer in die volgende reëls:

"Dis Sneebergkom se Boerseun dié  
wat aan die speerpunt ry  
en elke sekelarm ver  
vêr agter hom laat wei."

(strofe 20)

9.3.3.9. Jeug (:134) : Ook dié sensitiewe gedig, waarin 'n vervloë wêreld uitgebeeld word, en waarin die klem juis op innige menseverhoudinge val, skep probleme vanweë die gebruik van outa (strofe 1 r.3 en strofe 3 r.1).

#### 9.4. Stereotipering

Twee gedigte val uitsluitlik in die kategorie: Bede (Petersen: 113) en Die Tante (Toerien: 134). Beide gedigte verskyn ook in S.V. en is in die bespreking van die bloemlesing behandel.

#### 9.5. Die afwesigheid van Kaaps-Afrikaanse gedigte

'n Leemte in Treknet is die afwesigheid van gedigte in Kaaps-Afrikaans. Die moontlikheid bestaan dat leerlinge wat die bloemlesing gebruik, die Afrikaans-eindeksamen kan aflê sonder om bewus te wees van die bestaan van poësie in die Kaapse tongval. Hierdeur maak die bloemlesers hulle op 'n indirekte wyse skuldig aan stigmatisering van die variant.

#### 9.6. Slotsom

In die ondersoek na Senior Verseboek is ag en dertig gedigte deur 10% of meer van die respondente op spraakgemeenskaplike gronde onaanvaarbaar gevind. Drie en twintig gedigte is deur 25% of meer van die studente as ongewens beskou, terwyl 50% sestien gedigte afgekeur het.

Daarteenoor bevat Treknet hoogstens vyftien gedigte waarteen beswaar ingebring sou kan word. Voorts is dit opmerklik dat meer as 50% uit die groep bloot gediskwalifiseer word op grond van die teenwoordigheid van argaïese nomenklatuur, terwyl die gedigte andersins volkome aanvaarbaar is.

In die geheel gesien staan die samestellers van Treknet veel meer

sensitief teenoor die behoeftes van die ASG as Opperman en sy medewerkers. In die S.V.-samestelling is dit veral die disproporsioneel groot Afrikanersentriese komponent wat die besware teen die bloemlesing so omvangryk gemaak het. Die bloemlesing gee die indruk dat dit vir Opperman eerder om 'n junior uitgawe van die Groot-verseboek gaan, as om 'n versameling poësie waarmee al die leerlinge van die ASG kan identifiseer.

Wat toekomstige uitgawes van Treknet en veral Senior verseboek betref, behoort daar gedink te word in terme van hersamestellings, eerder as bywerkings. Daarbenewens het dit noodsaaklik geword dat gekleurdes 'n groter aandeel verkry in die samestelling van bloemlesings.

## 10. Bibliografie en voetnote

Mazrui, Ali M.

1975 "The racial boundries of the English language: an African perspective" in Jean Guy Savard & Richard Vigueault, Multilingual political systems, problems and solutions. Quebec: Les Presses de L'Université.

Louw, N.P. van Wyk & Lindenberg, E.

1976 Treknet Kaapstad: Tafelberg.

Opperman, D.J.

1983 Senior Verseboek Kaapstad: Human & Rousseau

### Voetnote

(1) Dit val nie binne die opdrag om na te gaan in welke mate die twee uitgawes van mekaar verskil nie. Wat wel van belang is, is dat in die geval van die onderhawige gedig 'n beginselbesluit geneem is om 'n verandering aan te bring aan die werk van 'n gestorwe digter. Die kwessie is bespreek op 'n simposium gereël deur die Skrywerskring in September 1984 by die Universiteit van Wes-Kaapland. By die geleentheid het dit gegaan om die rassistiese elemente in die Afrikaanse letterkunde op skool. Alhoewel verteenwoordigers van uitgewerye teenwoordig was, kon geen uitsluitel verkry word oor die vraag of aan gestorwe skrywers se werk verander mag word sonder die toestemming van die begunstigdes nie.



(2) Mc Cormick, lektrise in die Departement Engels aan die Universiteit van Kaapstad se bandonderhoude met 'n wye verskeidenheid gekleurdes laat blyk dat die geskrewe vorm van Kaaps-Afrikaans ongewild is by sprekers daarvan. In my gesprekke met Mc Cormick is dit egter duidelik dat geen geskrewe materiaal in die onderhoude getoets is nie.

Haar bevindinge moet ook bevraagteken word in die lig van die feit dat Kaaps-Afrikaans van tyd tot tyd in die tydskrif Grass Roots gebruik word.

Die onderstaande anonieme strydgedig uit die Augustus 1984-uitgawe is geskryf in 'n robuuste Kaaps-Afrikaans en bewys dat die geskrewe vorm bestaansreg besit. Dit skyn egter of die satiriese/kritiese inslag 'n integrale deel van die skryftradisie geword het:

Vote? Vir Wie and For What?

Hulle raak short van staff op die

Border

VOTE! VOTE! VOTE!

is ons eerste

GENERAL ORDER

'n Paar ouens wil hulle income

met R43000 increase

terwyl ons wages vir

GST, RENT, ELECTRIC, WATER

EN BUSFARE

DECREASE

Nou sê die government ons moet  
vote

VIR WIE EN FOR WHAT

Al die jare het ons gevote vir  
M.P., C.R.C. en die  
Mismanagement Committee

Nou kom die PCP en die Freedom  
Party  
met 'n splinternuwe LP (Produced  
by the NP)  
"New Deal"

Everytime word ons gepromise van  
'n better life  
New Deal en Changes  
is maar net nog 'n  
HELL OF 'n LIVING DIE

Ons bly in sementblokke en  
stalhouke  
somer so aaneen  
Ja, net soos treintrokke  
net slaap en gou weer rush  
in die cattle trucks om die  
next shift te maak

## HOOFSTUK 9

'N ONDERSOEK NA DIE INHOUD EN AARD VAN DIE AFRIKAANS EERSTE TAAL  
VOORGESKREWE LYTE (SENIOR SERTIFIKAAT, 1970-1985) VIR DIE DEPAR-  
TEMENT ONDERWYS EN KULTUUR EN DIE KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

### INHOUDSOPGAWE

1. Ter inleiding	154
2. 'n Tentatiewe stel norme vir voorgeskrewe werke vir die leerlinge van die ASG	155
3. Frekwensielyste vir die DOK en KOD	157
4. Frekwensielys vir die Departement Onderwys en Kultuur (1970-1985)	157
5. Frekwensielys vir die Kaapse Onderwysdepartement (1970-1985)	160
6. 'n Vergelykende ondersoek na die moontlike tendense en patrone in die twee lyste voorgeskrewe boeke	162
7. Oorvleuelende materiaal	163
7.1. Gemeenskaplike titels	163
7.2. Verskille en ooreenkomste in die departementele keuses	164
8. Die verbloemde agenda werksaam tydens seleksie uit die oeuvres van skrywers	166

8.1. Karel Schoeman se "onbetrokke beeld"	169
8.1.1. <u>By fakkellig</u> : die geïgnoreerde parallel	167
8.2. Elsa Joubert die "reisverhaalskryfster"	169
8.2.1. <u>Bonga</u> en die Ontugwet	169
8.2.2. <u>Ons wag op die kaptein</u> : 'n vroeë verkenning van die 'nuwe' Afrika	170
8.2.3. <u>Die swerfjare van Poppie Nongena</u>	171
8.3. Voorgeskrewe seleksies uit die werke van D.J. Opperman	173
8.3.1. <u>Joernaal van Jorik</u>	174
8.3.2. <u>Vergelegen</u> : botsende werklikhede	175
8.3.3. <u>Voëlvry</u>	180
8.4. F.A. Venter as skrywer binne die Afrikaner-historiografiese werklikheid	180
8.4.1. <u>Swart Pelgrim</u> en die Swart tuislandbeleid	182
9. Afrikanerpolitiek en die seleksie van voorgeskrewe werke	185
9.1. <u>Bart Nel</u> se verdelende kwaliteit	185
9.2. <u>Die pluimsaad waai ver</u> en die Louw-Verwoerd-vete	185
10. Slotsom	186
11. Bibliografie en voetnoot	189

'N ONDERSOEK NA DIE INHOUD EN AARD VAN DIE AFRIKAANS EERSTE TAAL VOORGESKREWE LYTE (SENIOR SERTIFIKAAT, 1970-1985) VIR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR EN DIE KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

## 1. Ter inleiding

Die ontwikkeling van twee afsonderlike onderwysstelsels vir gekleurde en blanke leerlinge, in ooreenstemming met die beleid van afsonderlike ontwikkeling, het meegebring dat die ASG-leerlinge wat onder die betrokke departemente ressorteer binne twee verskillende stelsels opgevoed word. Alhoewel die Afrikaans sillabusse wat deur die twee departemente gebruik word, gebaseer is op die kernsillabus van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, en haas identies is, word afsonderlike voorgeskrewe lyste gebruik. Die lyste word in beide gevalle deur 'n komitee, bestaande uit senior onderwysers en inspekteurs opgestel.

Sedert 1977 skryf die komitee van die KOD ook vir die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika/Namibia voor, wat daarop neerkom dat die KOD-lyste in hul geheel oorgeneem word. (Die anomalie wat deur die reëling ontstaan, is reeds in hoofstuk 8 bespreek).

In die hoofstuk sal die letterkunde wat die afgelope sestien jaar (1970-1985) vir die Kaaplandse leerlinge van die ASG voorgeskryf is, aan 'n sosio-linguistiese ondersoek onderwerp word. Moontlike voorskryfpatrone en tendense sal nagegaan word, ten einde vas te stel in welke mate voorskryfkomitees volgens 'n verbloemde agenda optree en watter sosio-linguistiese implikasies die aparte lyste inhou.

2. 'n Tentatiewe stel norme vir voorgeskrewe werke vir die leerlinge van die Afrikaanse spraakgemeenskap

Dit spreek vanself dat, waar literêre, kulturele, opvoedkundige en spraakgemeenskaplike eise in een werk konvergeer, belangebotsings kan ontstaan. In hoofstuk 7 het die navorsing van Hanneke du Preez (Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke) en R.Z.J. Bornman ('n Pedagogiese besinning oor die keuse van voorgeskrewe boeke vir skoolgebruik) in albei gevalle daarop gedui dat waar die Afrikaanse literêre kunswerk as 'n kulturele uitdrukking ervaar word, die kulturele voorkeur geniet bo ander insprake. Sodanige benadering kan meebring dat die propagandistiese "waarde" van 'n werk hoër gestel word as die estetiese, sodat voorgeskrewe keuses die gevaar loop om gereduseer te word tot ideologiese traktate, waarvan die hoofdoel is om 'n bepaalde lewensbeskouing by leerlinge te bestendig.

Uit die bevindinge van die navorsers aangehaal in hoofstuk 7, blyk dit dat, waar dit om letterkunde gaan, die primêre eis die van letterkundige gehalte is. In die tweede plek kan die sosiale kriteria soos geformuleer deur UNESCO waaraan skoolhandboeke behoort te voldoen, as uitgangspunt gebruik kan word, wanneer 'n stel kriteria vir die ASG opgestel word. Dit kan as 'n ere-kode beskou word omdat die gesindheid van die voorskrywers, en nie 'n stel reëls nie, sal bepaal wat voorgeskryf sal word.

Die kode wat volg, stipuleer nie slegs wat uitgesluit moet word nie, maar ook die soort werk wat, ter bevordering van

gemeenskaplike en spraakgemeenskaplike harmonie ingesluit behoort te word:

2.1. Die neerhaling of benadeling van enige godsdiens, godsfiguur of godsdienstige groep moet vermy word. Dit behoort as 'n pluspunt beskou te word, indien die hantering van 'n vreemde religie die leser met agting en begrip daarvoor vervul.

2.2. Dit behoort as 'n pluspunt beskou te word, indien 'n werk die leser bewus maak van die rykdom en skoonheid van ander kulture.

2.3. Werke moet 'n morele inslag besit. Hiermee word bedoel dat die effek wat die kunswerk op die leser het, morele waardes wat deur die gemiddelde persoon in die gemeenskap onderskryf word, sal bestendig. Hier is die waarskuwing van Kenneth Clarke (1946:129) egter tydig en van pas:

"Art and morals are indeed most closely connected, but the morals of a work of art are to be found less in its ostensible subject than in its means of treatment."

2.4. Werke behoort steeds oorweeg te word met die behoeftes van die Afrikaanse spraakgemeenskap in gedagte. Dit het implikasies ten opsigte van die inhoudelike, sowel as ten opsigte van die bekendstelling van al die geskrewe Afrikaanse variante.

Die geskikte voorgeskrewe werk is dus van hoë letterkundige gehalte, dit koester harmoniese spraakgemeenskaplike en gemeenskaplike verhoudinge deur sensitief te staan teenoor die kulturele waardes van ander groepe, en dit is moreel in die sin dat die effek daarvan opheffend en veredelend op die leser inwerk.

### 3. Frekwensielyste vir die DOK en KOD

Ten einde 'n geheelbeeld van die voorgeskrewe werke vir die periode 1970 tot 1985 te verkry, is die boeke wat vir die twee departemente in st.9 en 10 voorgeskryf is, afsonderlik alfabeties georden. Die inligting is verkry uit die amptelike bulletins van die departemente: die Onderwysbulletin (DOK) en Die Kaapse Onderwysgaset (KOD). Fotostatiese afdrukke van die lysste is op legger. Dit is gebruiklik om alle wysiginge in die lysste in die twee bulletins te publiseer. Die twee publikasies is dan ook vir moontlike veranderinge nagegaan.

### 4. Frekwensielys vir die Departement Onderwys en Kultuur (1970-1985)

Die jaartal agter elke inskrywing dui die jaar/jare aan waarin die werk voorgeskryf is.

- Barnard, Chris: Pa, maak vir my 'n vlieër, Pa. (Tafelberg): 1980.
- Bekker, P.: Trap sag terwyl jy hardloop (Tafelberg): 1984.
- Bekker, Johann: 'n Tradisie van die Vermeulens (H & R): 1985.
- Bosman, F.C.L. (red.): Vier uitgesoekte eenbedrywe (A.P.B.): 1970.
- Breytenbach & Hauptfleisch : Die kleiner kosmos (Academica): 1984.
- Buning, Tj. & Strydom, S.(red.): Op die voorpunt (Perskor): 1974.
- Cloete, T.T.: Vyfling (Nas.Boek): 1971, 1975.
- De Klerk, W.Å.: Die uur van verlange (Tafelberg): 1974.
- De Jager, J.: Allegaartjie (De Jager: (HAUM): 1983.
- De Wit, A.: Orpheus in de Dessa (Van Kampen): 1977.
- Du Plessis, P.G.(red.): Halfee (Tafelberg): 1977.



Elsschot, W.: Kaas (Balkema): 1970.

Elsschot, W.: Tsjip (Academica): 1983.

Grovè, A.P.(red.): Trekvoëls (Perskor): 1976.

Haantjies, J.(red.): Nederlandse Jeugdverhalen (A.P.B.): 1970.

Hendricks, P.G.: Werktuig van Adonia (H.& R.): 1982.

Joubert, Elsa: Suid van die wind (Tafelberg): 1974.

Kielblock, Karel: Die vete (Tafelberg): 1982.

Krige, Uys: Sol y sombra (Van Schaik): 1975, 1978, 1979.

Krige, Uys: Sout van die aarde (HAUM): 1970, 1982.

Langenhoven, C.J.: "... die erwe van ons vaad're (Tafelberg): 1972.

Langenhoven, C.J.: Loeloeraai (Tafelberg): 1972.

Lategan, F.V.: Dekade (Tafelberg): 1974.

Le Roux, M. Somernagdroom (Tafelberg): 1984.

Louw, George: 'n Skip is ons beloof (Tafelberg): 1974.

Louw, N.P.van Wyk: Germanicus (Nas.Boek): 1972, 1982.

Louw, N.P. van Wyk & Lindenberg, Ernst: Treknet (H.& R.): 1970, 1971.

Louw, N.P. van Wyk: Raka (Nas.Boek): 1973, 1978.

Louw, N.P. van Wyk : Dias (Tafelberg): 1976, 1979, 1983.

Louw, N.P. van Wyk : Dagboek van 'n soldaat (Perskor): 1977.

Malherbe, F.E.J.(red.): Bellen blazen (Nas.Boek): 1971, 1980.

Malherbe, F.E.J.(red.): Blou en grys (Tafelberg) :1981.

Muller, Elize: Die wilde loot (Tafelberg): 1981, 1983.

Nienaber, P.J.(red.): Digters en digkuns (Perskor): 1980.

Naeff, Top: Klein avontuur (Van Schaik): 1978, 1982.

Opperman, D.J.: Senior Verseboek (Nas. Boek): 1972, 1975, 1976, 1977, 1977, 1979, 1981, 1982, 1983, 1984, 1985.

Opperman, D.J.: Periandros van Korinthe (skooluitgawe) (Nas.

Boek): 1973, 1981, 1985.

Opperman, D.J.: Joernaal van Jorik (Tafelberg): 1974.

Rabie, J.: 'n Haan vir Elounda (H. & R.): 1975.

Rabie, J.: Waar jy sterwe (H. & R.): 1979.

Sauerman, Greta: Die lelie van Sebulon (HAUM): 1970, 1985.

Schoeman, Karel: Lig in die donker (H. & R.): 1972.

Schoeman, Karel: Die hart van die son (H. & R.): 1973, 1978, 1979.

Schoeman, Karel: By fakkellig (H. & R.): 1980, 1985.

Schoeman, Karel: Die walskonings (H. & R.): 1981.

Smuts, J.P. & van Rensburg, F.I.J. (red.): Mosaïek (HAUM): 1971, 1985.

Smuts, J.P. (red.): Kompas (HAUM): 1981.

Streuvelds, Steyn: De Oogst (Romantica): 1975, 1985.

Strydom, S & Buning Tj. (red.): De man met de zilveren hoed (A.P.B.): 1972.

Van Eeden, F.: De kleine Johannes (Van Schaik): 1976, 1979.

Van Melle, J.: Bart Nel (Van Schaik): 1973.

Van Niekerk, Dolf: Die son struikel (Tafelberg): 1980, 1984

Venter, F.A.: Gelofteland (Tafelberg): 1970.

Venter, F.A.: Wurfjoernaal (Tafelberg): 1971.

Venter, F.A.: Die rentmeesters (Tafelberg): 1972.

Venter, F.A.: Man van Cirene (Tafelberg): 1971, 1975, 1978, 1983.

Venter, F.A.: Swart pelgrim (skooluitgawe) (Tafelberg): 1973, 1976.

Venter, F.A.: Bedoelde land (Tafelberg): 1976.

5. Frekwensielys vir die Kaapse Onderwysdepartement. Afrikaans voorgeskrewe boeke vir st.9 en 10. (1970-1985).

Boudier-Bakker, Ina en De Wit, Augusta: Twee Nederlandse novellen (Van Schaik): 1970, 1983.

Bosman, F.C.L.(red.): Vier uitgesoekte eenbedrywe (A.P.B.): 1970.

Brink, AndréP.: Olé (H.& R.): 1970.

Boudier-Bakker, Ina: Springvloed (Van Schaik): 1970.

Buning, Tj. (red.): Uit ons digkuns (Van Schaik): 1973.

Barnard, Chris: Chriskras (Tafelberg): 1975.

Botha, Elize (red.): Afrikaanse Essayiste (H. & R.): 1975.

Bordewijk, F.: Karakter (Academica): 1975.

Bakker, Piet: Ciske de Rat (Varia): 1980.

Cloete, T.T. (red.): Vyfling (Nasionale Boekhandel): 1970,1985.

Cervantes: Don Quixote (Brink-vertaling) (H. & R.): 1983.

De Vries, Theun: Kenau (Van Schaik): 1975,1984.

Elsschot, Willem: Kaas (Academica): 1972,1981.

Grovè, A.P. (red.): Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns (Tafelberg): 1977, 1978, 1982, 1985.

Grovè, De Pauw en Steyn (red.): Nederlandse verhale van ons eie tyd: 1983.

Heese, Marie: Die uurwerk kantel (Tafelberg): 1980,1984.

Joubert, Elsa: Suid van die wind (Tafelberg): 1970.

Joubert, Elsa: Bonga (Tafelberg): 1976.

Krige, Uys (red.) Keur uit die verhale van J. Van Melle (Van Schaik): 1977.

Langenhoven, C.J.: ... die erwe van ons vaad're (Tafelberg): 1973.

- Langenhoven, C.J.: Al skrywend (Tafelberg): 1973.
- Louw, George: 'n Skip is ons beloof (Tafelberg): 1974.
- Louw, N.P. van Wyk en Lindenberg, E.: Treknet (H. & R.): 1970, 1971, 1974, 1977, 1982, 1983.
- Louw, N.P. van Wyk: Germanicus (Tafelberg): 1972, 1976, 1982.
- Louw, N.P. van Wyk: Raka (Tafelberg): 1974, 1979, 1984.
- Louw, N.P. van Wyk: Dagboek van 'n soldaat (APB): 1976.
- Louw, N.P. van Wyk: Die Pluimsaad waai ver (H. & R.): 1983.
- Malherbe, F.E.J.(red.): Bellen Blazen (Tafelberg): 1970, 1976, 1979, 1985
- Malherbe, F.E.J.(red.): Moderne Afrikaanse verhaalkuns (Tafelberg): 1972.
- M.E.R. e.a.: Kwartet (Nasionale Boekhandel): 1982.
- Minco, Marga: Het bittere kruid (Varia): 1976.
- Nienaber-Luitingh, M.(red.): Digters en digsoorte: 1975.
- Opperman, D.J.(red.): Senior Verseboek (Tafelberg): 1972, 1976, 1978, 1980, 1981, 1983, 1984, 1985.
- Opperman, D.J.: Periandros van Korinthe (Tafelberg): 1973, 1978.
- Opperman, D.J.: Joernaal van Jorik (Nas.Boek): 1980, 1983.
- Rousseau, Ina: Soutsjokolade (Tafelberg): 1983.
- Scharten-Antink, M.: De Jeugd van Francesco Campana (Van Schaik): 1970, 1979, 1984.
- Smuts, J.P.(red.): Kompas (HAUM): 1971, 1975.
- Streuvels, Stijn: De oogst (HAUM): 1973.
- Schoonees, P.C. (red.): Uit de Nederlandse verhaalkunst (Van Schaik): 1973.
- Schiller, Friedrich: Maria Stuart (Afrikaanse vertaling: Karel Schoeman) (H.& R.): 1977.

- Shakespeare, W.: Koning Lear (Afrikaanse vertaling: Uys Krige) (H.A.U.M.): 1977.
- Schoeman, Karel: By Fakkellig (H.& R.): 1974, 1978.
- Smuts, J.P. en Van Rensburg (red.): Mosafek (HAUM): 1983.
- Smuts, J.P. en Ria (red.): Pylvak (Tafelberg): 1985.
- Spies, Jan: Pilatus tot molshoop (Perskor): 1981.
- Terlouw, Jan: Oorlogswinter :1978.
- Vandeloop, Jos: Het gevaar (Van Schaik): 1976.
- Van der Leeuw, Aart: De kleine Roedolf (Van Schaik): 1972.
- Van der Merwe, I.W.: Boerneef, 'n Keur uit sy prosa: 1971.
- Van Hoeck, Jozef: Voorlopig vonnis (Academica): 1982, 1985.
- Van Maanen, Willem: De Onrustzaaier (Academica): 1978, 1984.
- Van Melle, J.: Bart Nel (Van Schaik): 1979, 1985.
- Van Niekerk, A.A.J.: Soos twee windswaels (HAUM): 1982.
- Van Tonder, Morkel: Die sneeu bly altyd wit (Tafelberg): 1980.
- Van Zyl, A.M. (red.): Kort geding (Nasou): 1975, 1981.

6. 'n Vergelykende ondersoek na moontlike tendense en patrone in die twee lyste voorgeskrewe boeke

'n Vergelykende ondersoek na die twee lyste stel die volgende vrae aan die orde:

6.1. In watter mate word van dieselfde materiaal gebruik gemaak, en waarom is die betrokke materiaal in beide lyste opgeneem?

6.2. Kan die verskille in die lyste gemotiveer word, of anders gestel: kan die opstel van aparte lyste op enige gronde regverdig word?

6.3. Hoe moet die keuses beoordeel word as in ag geneem word dat die

seleksieterrein oor die grootste deel van die Afrikaanse letterkunde strek?

## 7. Oorvleuelende materiaal

### 7.1. Gemeenskaplike titels

- 7.1.1. Vier uitgesoekte eenbedrywe, F.C.L. Bosman (red.).
- 7.1.2. Vyfling, T.T. Cloete (red.).
- 7.1.3. Kaas, Willem Elsschot.
- 7.1.4. Suid van die wind, Elsa Joubert.
- 7.1.5. Treknet, N.P. van Wyk Louw & Ernst Lindenberg (red.).
- 7.1.6. Germanicus, N.P. van Wyk Louw.
- 7.1.7. Raka, N.P. van Wyk Louw.
- 7.1.8. Dagboek van 'n sodaat, N.P. van Wyk Louw.
- 7.1.9. 'n Skip is ons beloof, George Louw.
- 7.1.10. Bellen Blazen, F.E.J. Malherbe (red.).
- 7.1.11. Die vrou op die skuit, Elize Muller.
- 7.1.12. Senior Verseboek, D.J. Opperman (red.).
- 7.1.13. Periandros van Korinthe, (skooluitgawe), D.J. Opperman.
- 7.1.14. Joernaal van Jorik, D.J. Opperman.
- 7.1.15. By fakkellig, Karel Schoeman.
- 7.1.16. Mosafek, D.P. Smuts & F.I.J. van Rensburg (red.).
- 7.1.17. Kompas, D.P. Smuts (red.).
- 7.1.18. Bart Nel, J. van Melle.
- 7.1.19. ... die erwe van ons vaad're, C.J. Langenhoven.
- 7.1.20. De Oogst, Steyn Streuvels.

'n Beduidende persentasie van die twintig gemeenskaplike titels

bestaan uit werke wat tot die klassieke in die Afrikaanse letterkunde behoort: dramas van Opperman en Van Wyk Louw, twee romans van Van Melle en Muller, asook die prosa-, poësie- en eenbedryf versamelings van Malherbe, Cloete, Smuts, Van Rensburg, en Bosman. Van Karel Schoeman is die hoogaangeskrewe By fakkellig teenwoordig.

## 7.2. Verskille en ooreenkomste in die departementele keuses

Beide lyste bevat ag en vyftig afsonderlike titels, waarvan veertig dus van mekaar verskil. In die lig van die amptelike regeringsbeleid, waarvolgens die noodsaaklikheid aan aparte skole ontspring uit die behoefte aan kulturele diversifikasie, is die lyste ondersoek, ten einde manifestasies van die teorie te vind. Volgens die politieke filosofie van die regerende party behoort die "andersheid" van die "Kleurlinge" uitdrukking te vind in 'n eie skoolstelsel wat gestalte sal gee aan die aspirasies van die "Kleurlingvolk". (Vergelyk hoofstuk 6: Afrikaans se politieke taal).

'n Toets waaraan vier volwassenes onderwerp is, het die omruilbaarheid van die lyste afdoende bewys. Die persone het almal Afrikaans en Nederlands 3, maar gee nie onderwys nie, en kon dus nie die boeke uit resente voorgeskrewe lyste herken nie. Die versoek was om die lyste te identifiseer en die evaluasie te motiveer. Een respondent het die DOK-lys verkeerdelik as die blanke lys aangewys op grond van die dominansie van Venter-werke. Die ander drie kon nie 'n gemotiveerde oordeel vel nie. Wanneer die lyste langs mekaar geplaas word, is dit inderdaad onmoontlik

om die DOK- of KOD-lyste op grond van "eiesoortige" doelmatigheid te identifiseer.

Die omruilbaarheid van die twee lyste lei die navorser tot twee moontlike konklusies:

7.2.1. Die groep leerlinge wat as "Kleurlinge" geklassifiseer word, het geen behoefte om, via die Afrikaanse letterkunde, uitdrukking aan 'n eie volksaard te gee nie. Hulle wil die letterkunde eenvoudig met die ander lede van die ASG deel. Die eenselwigheid van die voorgeskrewe lyste gee uitdrukking aan die wens om dieselfde letterkundige ervaring te deel.

7.2.2. Vanweë die feit dat die skeppers van die formele Afrikaanse letterkunde haas uitsluitlik tot die Afrikanergroep behoort, het gekleurdes geen keuse as om hul van "Afrikanerletterkunde" te bedien nie. Dit sluit aan by die gedagte wat Hein Willemsse (1984), dosent in die Afrikaans-Nederlandsdepartement van die Universiteit van Wes-Kaapland in 'n koerantonderhoud geopper het. Daarin onderskei hy tussen taalbesit en letterkunde-besit. Terwyl die gekleurde die Afrikaanse taal as sy eie beskou, ervaar hy die letterkunde as behorende tot die Afrikaner. Hoewel die gemiddelde gekleurde wegstrem van Afrikanersentriese letterkunde, is hy dus 'n magtelose vennoot in die ASG.

7.2.3. Die verbloemde agenda, waarvolgens hierdie seleksie van die DOK-voorgeskrewe werke plaasvind, bring mee dat "eiesoortige" letterkundige behoeftes by die gekleurdes geïgnoreer word, ten einde die groep binne die Afrikaner se geestelike dampkring te hou. Leerlinge onder albei stelsels maak kennis met letterkunde



wat aan identiese literêre kriteria onderworpe is, omdat die beheer oor voorgeskrewe letterkunde deel is van 'n omvangryker beheerstelsel.

Daar is die verdere moontlikheid dat die gelykheid wat in die lysie aangetref word, te wyte is aan 'n kombinasie van bogenoemde faktore.

Uitgaande van die hipotese dat die keuse van Afrikaanse voorgeskrewe letterkunde onderworpe is aan die eise van die apartheidsideologie, sal die twee lysie vir moontlike tendense geëvalueer word.

By 'n vlugtige deurlees van die lysie is die grondig konserwatiewe karakter daarvan reeds uit die titels opvallend: Werke wat in die afgelope twee dekades, vanweë hul prikkelende probleemstelling en verkenning van Suid-Afrikaanse samelewing, die aandag van die Afrikaanse lesers geniet het, is feitlik volkome afwesig. Die stelling kan geïllustreer word, deur die oeuvres van sommige prominente skrywers na te gaan. Die ondersoek wat volg, moet as 'n steekproef, eerder as 'n omvattende studie van die selektiewe benutting van die Afrikaanse letterkunde, beskou word.

8. Die verbloemde agenda werksaam tydens die seleksie uit die oeuvres van skrywers

'n Volledige ondersoek van die lysie teen die agtergrond van die Afrikaanse letterkunde sou 'n omvangryke taak wees wat buite die opdrag van die studie val; daarom is op die oeuvres van enkele

prominente Afrikaanse skrywers besluit.

Die <sup>§</sup>verbloemde agenda werksaam manifesteer hom op 'n markante wyse in die hantering van die volgende skrywers se werke: Karel Schoeman, Elsa Joubert, D.J. Opperman, F.A. Venter en N.P. van Wyk Louw, maar die ondersoek sou kon uitgebrei word na skrywers soos André P. Brink, Chris Barnard en Bartho Smit. In die loop van die bespreking sal ook na ander geaffekteerde skrywers verwys word.

### 8.1. Karel Schoeman se "onbetrokke" beeld

Schoeman is relatief tot ander Sestigters goed verteenwoordig op die voorgeskrewe lysie van die DOK en KOD. Vier van sy werke is gesamentlik nege maal voorgeskryf, t.w. Lig in die donker (1972), Die hart van die son (1973, 1978, 1979), By fakkellig (1978, 1979, 1980 en 1985) en Die walskonings (1981) Slegs een werk By Fakkellig (1978) is deur KOD voorgeskryf (1974, 1978). Wat hier opval, is dat al die werke buite Suid-Afrika afspeel. Dit gaan hier oor die lewensbeskrywings van Rembrandt (Lig in die donker), Shakespeare (Die hart van die son) en die Strauss-broers (Die walskonings) onderskeidelik, terwyl By fakkellig Ierland van die 17e eeu as agtergrond het.

#### 8.1.1. By fakkellig: die geïgnoreerde parallel

By fakkellig vorm weliswaar "'n parallel met die Suid-Afrikaanse rassiespanninge in die sestigerjare" (Kannemeyer, 1983:530), maar dit bly nietemin indirekte en vae kommentaar. Dit is wel deeglik gedemonstreer tydens 'n bespreking van die boek in 1978, by die

Onderwysersentrum in Mowbray, Kaapstad. Die meerderheid van die onderwysers teenwoordig wat in die stadium reeds die roman met leerlinge behandel het, was nie bewus van die toespelinge op die Suid-Afrikaanse situasie nie. Die vraag is of die voorskryfkomitee die roman ten volle verstaan het toe dit voorgeskryf is.

Dit is egter betekenisvol dat die KOD-vraestel vir die Senior Sertifikaat-eksamen (1978) geen aanduiding gegee het dat die dubbelvlakkigheid wel bestaan nie. Hieruit kan twee moontlike afleidings gemaak word: Of die opsteller van die vraestel was onbewus van die verwysings na die Suid-Afrikaanse parallel, of die betekenis van die kunswerk is doelbewus verdraai ten einde die ongunstige sosiale kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing te verbloem. Daardeur word 'n kunswerk wat 'n kritiese ingesteldheid by die leerlinge kon laat ontwikkel, verwater tot 'n enkeldimensionele historiese roman oor 'n veraf stryd tussen 'n heldhaftige Ierland en 'n arrogante, imperialistiese Engeland. Indien die tweede afleiding korrek is, sou dit 'n demonstrasie wees van hoe die literêre werk diensbaar gemaak word aan ideologiese eise.

Dit is betekenisvol dat Waar jy sterwe van Jan Rabie wat in 1979 vir DOK voorgeskryf was, teruggetrek is en met Die hart van die son vervang is. Waar jy sterwe word bestempel as "'n waardige bydrae tot die 'roots'-verkenning in die hedendaagse literatuur" (Kannemeyer 1983:343) en handel oor 'n gekleurde se stryd om sosiale aanpassing in 'n vroeg 19e eeuse samelewing. Die soms pynlike ondersoek van die oer-ASG is, getrou aan die algemene patroon, vervang met Schoeman se saai roman oor die lewe van

Shakespeare. Hier word nie 'n oordeel uitgespreek oor die vervanging van Waar jy sterwe nie, maar oor die irrelevante werk waardeur dit vervang is.

## 8.2. Elsa Joubert die "reisverhaalskryfster"

Joubert beskryf haarself as 'n persoon wat diep betrokke by Afrika is. Sy spreek selfs kritiek uit op die soort betrokkenheid van die Sestigters (1974):

"In die sestigerjare, na onafhanklikheid, kry ons wel in die Afrikaanse literatuur 'n nuwe sterk opbloei wat ons ken as die Sestiger-beweging, maar dit blyk dat die beweging hom as't ware wegkeer van Afrika, en hom terugwend -- geheel en al teenstrydig met wat hom vooraf gegaan het -- na Europa."

Joubert was aanvanklik om haar reisverhale bekend, maar retrospektief gesien blyk hulle voorstudies te wees vir haar romans wat uit die bodem van Afrika ontspring.

Van Joubert is twee werke voorgeskryf: die erg verouderde reisverhaal, Suid van die wind (1970, KOD en 1974, DOK) en Bonga (1976, KOD). Dit is die eenmalige benutting van Bonga wat hier aandag verdien.

### 8.2.1. Bonga en die Ontugwet

Ervare taalonderwysers het die klassikale behandeling van Bonga as opwindend beskou, en by 'n bespreking daarvan by die Onder-

wysersentrum (1976) was die algemene gevoel dat die boek weer voorgeskryf moet word.

Uit 'n gesprek met dr. G. van Lill in 1979, die destydse voorsitter van die KOD-voorgeskrewe boekekomitee, blyk dit dat enkele besware van ouers dit vir die Departement onmoontlik gemaak het om dit weer voor te skryf. Die besware het gesentreer rondom die verhouding van die "halfbloed" Bonga met die blanke meisie, Inacia Maria, terwyl die konsentriese sirkels op die voorblad 'n beswaarmaker aan vroulike borste laat dink het. Die beswaar teen die boek is egter nie op morele gronde nie, maar ideologies gefundeer. Die hipersensitiewe reaksie wanneer besware van die konserwatiewe vleuel in die gemeenskap kom, gee 'n betroubare aanduiding waar die sentimente van die departementele amptenare self lê.

8.2.2. Ons wag op die kaptein -- 'n vroeë verkenning <sup>van</sup> die "nuwe" Afrika

Die voorskryfpatroon wat hom by die Schoeman-oeuvre openbaar het, is ook hier sigbaar. Ons wag op die kaptein (1963) was met sy verskyning twee dekades gelede 'n belangrike stuk verkenning van die aard van die swart-witkonfrontasie in Afrika. Met inagneming van die sensitiwiteit van die voorskryfkomitees vir situasies wat indruis teen die Wet op Gemengde Huwelike, is dit moontlik dat die prominente posisie van die basterkinders uit Ana-Paula se man se eerste huwelik, die novelle as 'n moontlike voorgeskrewe werk uitgeskakel het. Die kennismaking met die werk in die sestigerjare sou 'n paar duisend matrieks perspektief gebied het op die

spanninge en onderstrome wat met die dekolonisasie-fase gepaard gegaan het. Deur die werk in die stadium voor te skryf, sou sinneloos wees, aangesien die dekolonisasie-proses reeds voltrek is, en dus geskiedenis is. Die geleentheid om die werk voor te skryf, is daarom onherroeplik verby. Daarteenoor is Die swerfjare van Poppie Nongena in die stadium nog relevant.

### Die swerfjare van Poppie Nongena

Die swerfjare van Poppie Nongena (1978) het reeds sewe jaar gelede verskyn en moes, vanweë die publisiteit wat dit in die media geniet het, deur die voorskryfkomitees oorweeg gewees het. Tog is hierdie belangrike roman tot op datum nog nie in een van die voorgeskrewe lyste opgeneem nie.

Die swerfjare van Poppie Nongena verhaal die lewe van onreg en lyding van 'n swart vrou, vasgevang in die Groepsgebiedewet wat dreig om haar lewe te vernietig. Die grootse vertelling het as agtergrond die 1960- en 1976-opstande en bied 'n waardevolle perspektief op die vervreemding tussen twee geslagte van swartmense. Aan die einde van die roman besin sy:

"Die kinders sal moet sien lat hulle regkom ... Want dis nou uit my hande uit geneem, dis nou oorgegee in die hande van my kinders. Dis nou my kinders wat voortgaan."

In sy konkluderende evaluasie van Poppie sê Kannemeyer (1983:321):

"Met Die swerfjare van Poppie Nongena slaag Elsa

Joubert daarin om met die gebruik van die swartman se Afrikaans 'n beeld van verontregting op te bou wat terselfdertyd 'n felle aanklag is teen die wetgewing waardeur mense in 'n stelsel ingedwing word. Meer as haar ander simboliese en 'Afrika'-romans en haar goedge-skrewe reisverhale is hierdie roman haar wesentlike bydrae tot die Afrikaanse literatuur."

Die winste wat die voorskryf van Poppie kon bring, is dus veelvuldig: In die hoofstuk oor standaard en variant (hoofstuk 4) is daarop gewys dat opvoedkundiges wêreldwyd na maniere soek om gelykberegtiging vir die variante in spraakgemeenskappe te verkry. Sosio-linguïste en psigo-linguïste is dit eens dat die erkenning en bevordering van variantsprekers se spraakvorm, ook ander sosiale, psigologiese en opvoedkundige winste afwerp. Die klassikale behandeling van Poppie kon, afgesien van die bogemelde winste, die gemeenskaplike draagwydte van Afrikaans betekenisvol verbreed.

Min boeke het die Suid-Afrikaanse leserspubliek aangegryp soos die roman. Die talle positiewe resensies en polemieke wat rondom die stuk "faction" (Brink 1978) gepubliseer is, was dit ten minste eens oor die literêre meriete en sosiale belangrikheid van die werk.

Johannes Degenaar (1978) sê in sy evaluasie van die roman:

"Elsa Joubert het veral een groot bydrae tot die Afrikaner se politieke bewuswording gelewer. Sy het dit vir ons onmoontlik gemaak om in die toekoms verontskul-

digend te beweer: Maar ons het nooit geweet dat dit die ware toedrag van sake is nie en dat ons wette so gewelddadig op mense se lewens inwerk nie."

Dit spreek vanself dat die werk ook aan die gekleurde leerlinge insigte kan bied waardeur hulle die verwarrende sosio-politieke strominge van die tyd beter kan verstaan, en die onreg aan hulself beter kan artikuleer.

Dit is dié lewensbelangrike insigte wat deur die voorskryfkomitees van die leerlinge weerhou word. Daar sou aangevoer kon word dat die sosio-politieke impak van die roman onpeilbaar is en dat die boek te midde in die Suid-Afrikaanse politiek staan. Dit is egter ironies dat dieselfde argument verval, wanneer werke met 'n 'n regse politieke vertrekpunt voorgeskryf word. (Die kwessie sal verder gevoer word tydens die bespreking van F.A. Venter se bydrae tot die voorgeskrewe lyste).

Joubert se belangrikste romans, uit 'n literêre en sosiale oogpunt, word dus, soos dié van Schoeman, geïgnoreer, terwyl mindere reisverhale en irrelevante biografieë van die twee skrywers as powere plaasvervangers aan die leerlinge gebied word. Ten einde aan te toon dat die selektiewe hantering van die Schoeman- en Joubert-oeuvres deel uitmaak van 'n meesterpatroon, sal die selektiewe benutting van twee ander prominente skrywers, nl. D.J. Opperman en F.A. Venter ondersoek word.

### 8.3. Voorgeskrewe seleksies uit die werke van D.J. Opperman

Van Opperman is die drama Periandros van Korinthe (1956) vyf keer



voorgeskryf (DOK: 1973, 1981, 1985; KOD: 1973, 1978), terwyl die epiiese gedig Joernaal van Jorik (1949) drie keer in die lysste van die departemente opgeneem is (DOK: 1974 en KOD: 1980, 1983). Daarteenoor is sy twee dramas Vergelegen (1956) en Voëlvry (1968) tot in die stadium nog nie vir Afrikaans Eerste Taal-leerlinge voorgeskryf nie. Die vraag ontstaan waarom Periandros by herhaling voorgeskryf word, Vergelegen en Voëlvry geïgnoreer word, terwyl Joernaal van Jorik vir die DOK vyf en twintig jaar en vir die KOD een en dertig jaar na sy verskyning in 1949, vir die eerste keer voorgeskryf word.

Al vier werke sou as "betrokke" bestempel kan word in die sin dat hulle met toespelinge op, parallelle met, of ontginnings van die Suid-Afrikaanse geskiedenis kommentaar lewer op die Afrikaner se bestaan in Afrika. Vanuit 'n sosio-politieke oogpunt sou Periandros se betrokkenheid as periferies bestempel kan word. Kannemeyer (1983:135) merk op dat die "eietydse problematiek van die hedendaagse sakeman en sy eie opvattinge oor die wisselende wese van die digter" deur Opperman betrek word. Hoewel die besinning rondom regverdige regering op Suid-Afrika van toepassing gemaak kan word, is die vraag filosofies en universeel van aard.

### 8.3.1. Joernaal van Jorik

Daarteenoor gaan dit in Joernaal van Jorik om "die moderne Afrikaner soos hy gevorm is deur sowel ons hele geskiedenis as deur twintig eeue wêreldgeskiedenis." (Kannemeyer 1980:113). Kannemeyer beskou Joernaal van Jorik as een van die hoogtepunte van die Afrikaanse letterkunde wat "in knopvorm die geskiedenis en

dilemma van die Afrikaner" bevat (:119). Daarom ontstaan die dringende vraag waarom die besondere literêre ervaring vir drie dekades van leerlinge weerhou is.

In die laat sestiger- en die sewentigerjare was dit die gebruik dat onderwysers werke via lede van die voorskryfkomitee vir oorweging voorlê. Indertyd is o.a. Joernaal van Jorik en Raka deur my, via mnr. J.H. Uys, destydse skoolhoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad, voorgestel. Die besware van die komitee was tweeledig: Die liefdesverhouding tussen Jorik en sy vriendin is te suggestief vir klassikale onderrig, en die verpersoonliking van God en duiwel in die figure Manuel en Dabor kan indruis teen die religieuse opvattinge van leerlinge en onderwysers. Navrae by verskeie onderwysers wat die werk in 1980 behandel het, het 'n baie positiewe reaksie tot gevolg gehad. Die digte, maar hoogs ontleedbare struktuur daarvan, maak dit 'n opwindende stuk literatuur vir klassikale ontleding.

Die sedelike maatstaf waarmee Joernaal van Jorik vir dertig jaar gemeet is, is ook aangelê ten opsigte van Raka wat eers drie en dertig jaar na sy verskyning in 1941, vir leerlinge van die ASG voorgeskryf is. Die beswaar teen Raka was dat dit suggestiewe beskrywings bevat. Dit is ironies dat die werk die afgelope ses jaar selfs vir st.8-leerlinge voorgeskryf word.

### 8.3.2. Vegelegen: botsende werklikhede

Vergelegen verskyn sewe jaar na Joernaal van Jorik. Soos Elsa Joubert se reisverhale as verkenningstogte vir die daarop volgende 'Afrika'-romans dien, beweeg Opperman van die universele in

Periandros van Korinthe na die besondere in Vergelegen. A.P. Grové(1974: 100) sê van Vergelegen:

"In 'n sekere sin sou mens hierdie drama kan beskou as 'n vervolg op Periandros van Korinthe. Waar hy in sy vorige stuk die kragte probeer peil het wat die Wes-Europese mens gevorm het, spits hy hom toe op die Suid-Afrikaanse geskiedenis en besin hy hom op die vorm wat die Wes-Europese beskawing in hierdie land aanneem."

Vergelegen wat nou reeds vir drie dekades onbenut vir skoolgebruik lê, sny maatskaplike, sosio-politieke en religieuse kwesies aan wat vanuit 'n ander era pertinente kommentaar lewer en perspektief verleen op die huidige Suid-Afrikaanse situasie.

Kritici is dit eens dat die historiografiese stramien waarop die drama uitgewerk is, suiwer is -- en terselfdertyd ook in stryd met die populêre opvattinge omtrent Willem Adriaan van der Stel, soos die goewerneur in skoolgeskiedenis-handboeke voorgestel word. Rob Antonissen (1974:205) merk in die verband op dat Van der Stel nog altyd voorgestel is as 'n volksvyand. Hy verwys na die "kleurpolitieke opset van al die toneelskrywende Van der Stel-verbruikers ... want soos so dikwels reeds gebeur het, is historici ook in hierdie geval en ook wat historiese waaragtigheid betref, deur 'n digter verby gestreef."

Kannemeyer (1983:139) verwys ook na vyf romansiers en dramaturge wat die Van der Stel-geskiedenis as grondstof gebruik het, en vervolg dan:

"Met Vergelegen (1956) lewer hy 'n werk wat, in verge-

lyking met ander werke oor hierdie tydvak in ons geskiedenis, deur die fyner verwerking van die historiese bronne (met Leo Fouché se uitgawe van Het Dagboek van Adam Tas as uitgangspunt), ruimer probleemstelling en genuanseerder karaktertekening 'n veel groter kunswerk is."

In Vergelegen skep Opperman dus 'n veel verwickelder beeld van Van der Stel as waaraan die gemiddelde leerling voorgestel word. So byvoorbeeld word die feit dat Van der Stel van gemengde afkoms was, en die daarmee gepaardgaande spanning, in die geskiedenis-handboeke wat deur die twee departemente gebruik word, verswyg. Daarbenewens word die vryburgers in die drama ontbloot as kleinburgerlik en alte dikwels onsuier in hul optrede en motiewe.

In die lig van die C.N.O.-geïnspireerde kriteria wat by die keuse van voorgeskrewe boeke geld [en wat deur die aangehaalde navorsing van veral Bornman (1982) en Du Preez (1983) in hoofstuk 7 gekwalifiseer is], sou een of 'n kombinasie van die onderstaande feitlikhede, karakteriserings of vooruitwysings tot die diskwalifikasie van Vergelegen gelei het:

8.3.2.1. Die feit dat 'n "Kleurling" in een stadium van die geskiedenis oor blankes geregeer het. Die vryburgers verwys spottend na hom as "Willem Koffieboon" (:23 en :25).

8.3.2.2. Die Van der Stel-figuur word as 'n nie-Christen gekarakteriseer. Hy stel belang in Oosterse gelowe en staan oor die algemeen sinies teenoor kerklike sake. (:5, :66, :87).

8.3.2.3. Van der Stel se verwysing na strooptogte deur Van der Heiden en Huisinga op "die krale van die Hottentotte." (:12 en ook :86).

8.3.2.4.. Die grootskaalse onderlinge omkoperij en korrupsie. (:17).

8.3.2.5. Die eerlike blootlegging van die eienaar-slaafverhoudinge. In een stadium sê Van der Heiden:

"Ek bewe nog. Ek het vanoggend oor die agterwiel 'n slaaf gelooi. Die goed het waarlikwaar geen siel." (:23).

8.3.2.6. Die karakterisering van ds. Kalden as 'n korrupte meeloper. (:32).

8.3.2.7.. Van der Stel se progressiewe siening van arbeidsverhoudinge:

"As julle hom behandel sonder aansien van die huid, sal hy nooit van julle plase na Vergelegen vlug." (:84).

8.3.2.8. Van der Stel se visioen van 'n geïntegreerde Suid-Afrikaanse volk:

"Ons word in hierdie land nog een groot volk uit baie volke saam.

In my is reeds verbind die Ooste en die Weste" (:86).

8.3.2.9. Van Heiden se volkerebeskouing wat heenwys na die twintigste eeuse apartheidsideologie. Die opmerking van Van der Heiden sou by die verskyning van Vergelegen in 1956 waarskynlik nie as 'n diskwalifikasie gewees het nie. In die huidige politieke

klimaat kan so 'n eksplisiete verklaring embarrasserend wees:

"Ons suiwer blankes van Europa leef apart  
en anders as die geel rasse of die swart."

8.3.2.10. Die aansny van die kleurkwessie deur Van der Stel:

"God, waarom moet ek baster op die aarde wees?  
Waarom hul aanstote en belastering altyd vrees?"

Vergelegen bevat dus 'n reeks elemente wat dit onaanvaarbaar maak by departementele voorskrywers:

In die eerste plek is in die drama 'n ontmitologiserende proses werksaam. Teenoor die Afrikanerhistoriografiese weergawe van heroïese vryburgers en 'n korrupte Van der Stel, herskep Opperman 'n histories meer akkurate weergawe van die goewerneur en die vryburgers. Afgesien van 'n blik op sy korrupte administrasie kom ander fasette van die man na vore: sy ruimer, meer liberale kyk op sake, sy vrydenkende gees, ('n feit wat, saam met die feit dat hy 'n gekleurde was, sorgvuldig uit geskiedenisboeke gehou word), en sy meer progressiewe benadering tot kleurverhoudinge.

Teenoor Van der Stel skep Opperman die vryburgers en ander amptenare in al hul boerse benepenheid. Aspekte wat in die skoolgeskiedenisboeke verswyg word, word in die lig gestel: die plundertogte deur die vryburgers en die harde meester-slaafverhoudinge wat aan die Kaap geheers het. Ds. Kalden word geskets as 'n integriteitlose en oneerlike man.

Vir die voorskrywer wat slegs met 'n Afrikaner-historiografiese weergawe van die geskiedenis bekend is, is die Opperman-weergawe

vals en leuenagtig.

### 8.3.3. Voëlvry

'n Soortgelyke ondersoek sou na die redes vir die afwesigheid van Voëlvry op die voorgeskrewe lysste gedoen kon word. Hier skyn dit weer eens asof die botsing van twee verskillende weergawes van die werklikheid 'n kunswerk vir die voorskrywers onaanvaarbaar maak. Van der Walt (1974: 182) sê van van die Opperman-weergawe van die Trigaardt-trek wat as grondstof vir die drama gebruik word, dat sover hy kon vasstel, die feitelike basis van die drama histories korrek is. Die heroïese figure uit die Afrikaanse geskiedenisboeke ontvang menslike dimensies en word met al hul swakhede ten tonele gevoer. Voorskrywers sou sonder moeite kon aantoon dat "die goeie in die volkskarakter" deur die weergawe van die Trigaardt-trek "afgetakel" word.

Op die wyse word van die belangrikste literêre ervarings in Afrikaans van leerlinge van die ASG weerhou, omdat die weergawe skynbaar nie strook met die paradigma van die Afrikaner as 'n suiwer, heroïese volk nie.

Teenoor die verwerping van Opperman se twee historiese dramas as moontlike voorgeskrewe werke, staan die uitsonderlike gewildheid van die F.A. Venter-romans.

### 8.4. F.A. Venter as skrywer binne die Afrikaner-historiografiese werklikheid

Geen skrywer op die DOK- en KOD-lyste geniet die gewildheid van die prosateur F.A. Venter nie.

Op die KOD-lyste is hy veral gewild tydens die sestigerjare: Swart Pelgrim (1964), Geknelde land (1964), Swart Pelgrim (1967), Offerland (1968) en Offerland (1969). In die sewentigerjare geniet hy groter aansien op die st.8-lyste: Wit Oemfaan (1970 en 1971), Werfjoernaal (1972), Geknelde land (1974), Offerland (1976), Die middag voel na warm as (1978) en Kambro-kind (1983).

Vir DOK is statistiek vir st.9 en 10 slegs vanaf 1970 volledig beskikbaar. Geen biblioteek in Kaapstad of die betrokke departement beskik oor 'n volledige reeks van die Onderwysbulletin waarin die lyste verskyn nie.

Dit is waarskynlik dat die gewildheid van Venter op die KOD-lyste in die sestigerjare ook vir die DOK-lyste sou geld. Sedert 1970 egter word Venter soos volg voorgeskryf: Gelofteland (1970), Werfjoernaal (1971), Die rentmeesters (1972), Man van Cirene (1971, 1975, 1978, 1983), Swartpelgrim (1973 en 1976) en Bedoelde land (1976). In statistiese terme beteken dit dat 10% van alle boeke wat sedert 1970 in st.9 en 10 in die departement voorgeskryf is, uit die pen van Venter gekom het.

Die disproporsionele benutting van Venter-werke laat ontstaan die vraag waarom die skrywer so gewild by voorskrywers was. Aangesien die vergaderings van die komitees agter geslote deure plaasvind, en komiteelede dus nie oor verrigtinge kan praat nie, kon inligting nie uit die oord verkry word nie.

Soos reeds aangedui, is die belangrike Afrikaanse dramas, Vergelegen en Voëlvry van Opperman nooit voorgeskryf nie, waarskynlik



vanweë die botsende werklikheidsweergawes van die Afrikaner-historiografie, enersyds, en die ontmitologiseerde werklikheid, soos dit in hierdie historiese dramas tot stand kom, andersyds.

Daarteenoor skryf Venter volkome binne 'n historiografiese werklikheid, wat strook en aansluit by die Nasionale Party-ideologie van die sestigerjare. Van Venter se tetralogie, Geknelde land (1960), Offerland (1963), Gelofteland (1966), en Bedoelde land (1968) sê Kannemeyer (1983:54) dat die boeke "geen verrassende nuwe kyk op die geskiedenis gee nie." Voorts wys hy op die "tradisionele hantering van die historiese boustof." Venter se geskiedenisbeskouing strook dan ook met dié van tradisionele Afrikanergeskiedskrywers soos F.A. van Jaarsveld. (Sien in die verband hoofstuk 5: "Afrikanerhistoriografie en die ontwikkelingsteorieë omtrent Afrikaans").

Die Venter-weergawe van die Groot Trek-saga is beperk in die sin dat dit steeds 'n Afrikanersentriese interpretasie van vier dekades Suid-Afrikaanse geskiedenis is. Die konsep Onteieningsoorloë (Wars of Dispossession) as plaasvervanger vir die Kaffer-/Grensoorloë wat die navorser tydens 'n geskiedeniswaarnemingsklas in 'n DOK-skool gehoor het, en onoffisieel toenemend gebruik word, ontsluit die moontlikheid van 'n ander weergawe van die stuk geskiedenis. Dit dui op 'n veelkantiger kyk op die historiese gebeure wat Venter se werk mis.

#### 8.4.1. Swart Pelgrim en die Swart Tuislandbeleid

Kannemeyer (1983:53,54) in sy evaluasie van Swart pelgrim (1958,

hersiene uitgawe) verwys na die talle gebreke wat in die roman voorkom: uiterlike geweldtonele, die manipulering van karakters, oorvereenvoudigde teenstellings tussen karakters en sentimentaliteit. Literêr beoordeel, is Swart pelgrim 'n middelmatige werk; daarom is die volgehoue gewildheid daarvan by die voorskrywers enigszins bevreemdend. Dit sou moontlik wees om 'n aansienlike lys romans op te stel wat deur kritici hoër aangeslaan word as Swart Pelgrim, vanuit 'n opvoedkundige oogpunt geskik is, en tog nie voorgeskryf word nie.

Die populariteit van Swart pelgrim kan moontlik verklaar word deur die sosio-politieke boodskap daarin vervat, te lees teen die agtergrond van die Verwoerdiaanse era, waartydens dit ontstaan het. Sedert die vyftigerjare visualiseer die Nasionale Party, onder die dinamiese leiding van dr. Hendrik Verwoerd, eers as Minister van Naturellesake en later as eerste minister, afsonderlike swart state wat die stroom swartes na die "blanke" stede binne dekades sou omkeer. Die sukses van die beleid sou daarvan afhang of die toestroming inderdaad gestuit kon word.

Swart pelgrim handel oor 'n swartman wat die stad as 'n bose omgewing ervaar. Hy kry 'n denkbeeld van wat op hom wag, as hy familie en kennis in 'n verworde toestand aantref. Na vele ontnugteringe keer hy fisies en geestelik gebroke terug na sy tuiste --- "a sadder and a wiser man".

Die boodskap is onmiskenbaar: die swartman kan homself nie handhaaf in 'n Westerse stedelike omgewing nie; daarom is die blanke tuislandbeleid 'n logiese simpatieke oplossing vir die swartman

se dilemma.

Die subtiele, (onbewustelike?) ondersteuning van die destydse politieke ideologie is Freudiaans van aard, in die sin dat die skrywer aan die Verwoerdiaanse droom poëtiese gestalte gee, terwyl die voorskrywers in die roman literêre bevestiging vind vir gehuldigde politieke oortuiginge.

So beskou, is Swart pelgrim weinig meer as 'n literêr ingeklede propagandastuk. Daar kan slegs bespiegel word of die roman ooit voorgeskryf sou gewees het, indien die hoofkarakter Kolisile in die stad sou floreer het en sy gesin hulle by hom aangesluit het.

Venter se gewildheid by voorskryfkomitees moet gesien word teen die agtergrond van die Sestiger-beweging, waarvan hy hom openlik gedistansieer het. Sy uitsprake oor die Sestigers en die Sestiger-letterkunde het gestrook met dié van die Afrikaanse kerke en die konserwatiewe vleuel van die literêre Establishment:

Ek is bevrees dat die Sestigers steeds sal vereensaam binne hul eie landpale omdat hulle kuns te eensydig en daarom nie volkome waar kan wees nie (1967:11).

Venter se gewildheid lê daarin dat sy werk 'n weergawe van 'n wêreld is wat ooreenstem met die breë volksentimente van die Afrikaner. Sy romans is gerusstellend: hulle bevestig en versterk die blank gesentreerde historiese werklikheid. Haas geen ander Afrikaanse skrywer van redelike formaat staan so volkome binne die Christelik-Nasionale tradisie nie.

## 9. Afrikanerpolitiek en die seleksie van voorgeskrewe werke

In teenstelling met die Engelse voorgeskrewe lysie, met hul sterk internasionale karakter (1), ontstaan Afrikaanse letterkunde uitsluitlik op Suid-Afrikaanse bodem en is die omstandighede waaronder dit soms ontstaan, onontwarbaar vervleg met die politieke strominge en onderstrominge van die tyd. Die intieme verhouding het hom veral gemanifesteer in die vroeë fases van die Afrikaanse letterkunde toe die taalstryd in noue alliansie met die politieke stryd gevoer is, en met die opkoms van die Sestigters toe die harmonieuse verhouding tussen skrywer en Establishment finaal verbreek is.

### 9.1. Bart Nel se "verdelende" kwaliteit

'n Vroeë werk wat 'n politieke verleentheid vir voorskrywers geword het, is die uitnemende roman Bart Nel (1942). Kannemeyer (1983:305) bestempel dit as die "voortreflikste tradisionele roman in Afrikaans".

Dit is daarom bevreemdend dat die werk wat in 1942 verskyn het, eers in 1979 vir die eerste maal voorgeskryf is -- sewe en dertig jaar nadat dit verskyn het. By navraag in die sewentigerjare het die toenmalige voorsitter van die KOD-voorskryfkomitee, dr. G.J. van Lill in sy persoonlike hoedanigheid my meegedeel dat die roman weens die uitbeelding van 'n stryd in Afrikanergeleedere, 'n verdelende effek kan hê deurdat dit 'n half vergete kwessie weer kan oophark.

### 9.2. Die pluimsaad waai ver en die Louw-Verwoerd-vete

In die geval van die Die pluimsaad waai ver (1972), 'n opdragstuk vir die eerste Republiekfees, het die ideologiese verskille tussen N.P. van Wyk Louw en H.F. Verwoerd openbare kennis geword toe laasgenoemde die drama "om politieke en nasionale redes" gekritiseer het (Kannemeyer 1983:265). Dit het waarskynlik meegebring dat die drama wat besonder goed ontvang is deur onderwysers en skoliere, eers in 1983, nege jaar na sy verskyning en sewentien jaar na die Republiekfeesopvoering, voorgeskryf is.

By navraag in 1978 het bogemelde oud-voorsitter van die voorskryfkomitee laat blyk dat die drama polities te sensitief was en dat daar bedenkinge kan wees oor die konsepsie van volkskap, soos dit in die drama verbeeld is. Hierdie insident demonstreer hoe politieke druk kan bepaal wat uiteindelik aan leerlinge voorgelê word.

## 10. Slotsom

Die ondersoek sou uitgebrei kon word om die verwaarlosing van die Sestigters se werk te ondersoek; dog die afgelope studie was voldoende om 'n verbloemde agenda in beide departementele lysste bloot te lê.

10.1. Hieruit blyk dat politieke en ideologiese oorweginge 'n deurslaggewende rol speel, wanneer werke uit bepaalde skrywers se oeuvre geselekteer word. Die tendens het veral duidelik geblyk in die wyse, waarop diep betrokke werke van Karel Schoeman en D.J. Opperman vermy word, en van hulle werke geselekteer word wat universele kwessies aanspreek of minder krities staan teenoor gebreke by die Afrikaner.

10.2. Daarteenoor domineer die werk van 'n "volkskrywer" soos F.A. Venter die voorgeskrewe lyste. Die populariteit is nie soseer aan die literêre gehalte van sy prosa toe te skryf nie, as aan die feit dat sy Trekkerromans en Swart pelgrim volkome binne die blank geskepte historiografiese en ideologiese werklikheid ontstaan het. Venter se werk verleen literêre gestalte aan politieke gevormde konseptuele raamwerke.

10.3. Voorts vernietig 'n ondersoek van die DOK- en KOD-lyste die mite dat afsonderlike lyste nodig is, ten einde voorsiening te maak vir unieke kulturele behoeftes. Uit die uitruilbaarheid van die lyste blyk dit dat die behoefte nie bestaan nie, of, indien dit bestaan sou bestaan, daar nie deur die voorgeskrewe lyste daarvoor voorsiening gemaak (kan) word nie. Die kwessie verg egter 'n afsonderlike, diepgaande ondersoek.

10.4. Ten slotte toon die ondersoek dat die beste geskikte werke nie altyd die leerlinge bereik nie, of deur departementele sensuur eers dekades later aan die leerlinge beskikbaar gestel word, wanneer die impak en aktualiteit daarvan verflou het.

Die eis dat werke binne die Christelik-Nasionale-apartheidspare digma moet staan, of nie daarmee moet bots nie, om hoegenaamd vir voorskrywing oorweeg te word, het leerlinge van die ASG kennis-making ontsê van die heel beste werke in Afrikaans. Daarbenewens is hul die geleentheid ontnem om met kontemporêre en toekomsproblematiek kennis te maak. Op paradoksale wyse het die dekadelange begrensingsaksie ten einde leerlinge weerbaar te maak, hulle juis weerloos en onvoorbereid gelaat vir die oorweldigende

sosio-politieke veranderinge wat op hulle wag.

9

## 11. Bibliografie en voetnoot

Antonissen, Rob

1974 In A.P.Grové (samesteller), Dolosgooier van die woord Kaapstad: Tafelberg.

Brink, André

1978 "Poppie Nongena" in Rapport, 3 Desember 1978.

Clarke, Kenneth

1946 "Art and Democracy" in Little reviews, Danny V.Barker (ed.) London: Hudson.

Degenaar, Johannes

1978 "Strukturele geweld voor die deur gelê van blanke wetgewers" in Die Burger, 27 Desember 1978.

Grové, A.P.

1974 Dolosgooier van die woord Kaapstad: Tafelberg.

Joubert, Elsa

1974 "Afrika-betrokkenheid --- Die literatuur van Afrika --- en ons." Standpunte XXXVIII:2 Des.1974: 13.

Joubert, Elsa

1978 Die swerfjare van Poppie Nongena Kaapstad: Tafelberg.

Kannemeyer, J.C.



1983

Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur

Band 2. Kaapstad: Human en Rousseau.

Louw, N.P.van Wyk Louw

1972

Die pluimsaad waai ver

Kaapstad: Human en Rousseau.

Opperman, D.J.

1956

Periandros van Korinthe Kaapstad: Tafelberg.

Opperman, D.J.

1949

Joernaal van Jorik Kaapstad: Tafelberg.

Schoeman, Karel

1972

Na die geliefde land Kaapstad: Human en  
Rousseau.

Van der Walt, P.D.

1974

"Voëlvry" in A.P. Grové (samesteller)

Dolosgooier van die woord Kaapstad: Tafelberg.

Van Melle, J.

1942

Bart Nel Pretoria: H.A.U.M

Venter, F.A.

1960

Geknelde land Kaapstad: Tafelberg.

Venter, F.A.

1963

Offerland Kaapstad: Tafelberg.

Venter, F.A.

1966

Gelofteland Kaapstad: Tafelberg.

Venter, F.A.

1968

Bedoelde land Kaapstad: Tafelberg

Venter, F.A.

1958

Swart pelgrim Kaapstad: Tafelberg.

Venter, F.A.

1967

"Sestigters moet waak teen doodloopstraat" in  
S.A. Beeld.

Willemse, Hein

1984

"Afrikaanse Taal is myne, dié lettere nie" in  
Rapport 26 Augustus 1984.

Voetnoot

(1) Jane Reid in haar navorsing oor Engelse voorgeskrewe boeke, English literature in South African schools University of Cape Town: Centre for African Studies (1982), maak 'n oortuigende saak uit dat die keuses oor die algemeen esoteries en Euro-sentries van oorsprong en aard is, en dat meer werke van Afrika-skrywers voorgeskryf behoort te word.

## HOOFSTUK 10

### 'N SOSIO-LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE SPRAAKGEMEENSKAPLIKE GESKIKTHEID VAN AFRIKAANS TAALHANDBOEKE

#### INHOUDSOPGAWE

1. Motivering	194
2. Onderzoekterrein	196
3. Uitspraak en variante	198
4. Beskouinge omtrent Kaaps-Afrikaans	200
4.1. Die "onsigbare" variant	200
4.2. Die stigmatisering van gekleurdes deur taalstereotipering	201
4.3. Die metaforiese isolasie van die gekleurdes	202
5. Die hantering van kultuurgroepe binne die ASG	203
6. Die Maleise taal- en kulturele bydrae tot die spraakgemeenskap	204
6.1. Die bestendige invloed van Maleiers op die gekleurde gemeenskap aan die Kaap	204
6.2. OMT en AMT se taalhistoriese weergawe van die Maleise bydrae	205
6.3. Euro-sentriese ontstaansteorieë	207
6.4. Die diskreditering van die Kaapse Maleiergemeenskap	210
7. Die verswelgde Khoikhoi-kultuur	213
7.1. Die Afrikanersentriese siening van die Khoikhoi	213

7.2. AMT en OMT se hantering van die Khoikhoi-kultuurreste	215
7.3. Blanke opeising van Khoikhoi-verhale	219
8. Idiomatiese uitdrukkings	221
8.1. Die toesegging van die Afrikaanse idiome aan aan die 'volk'	221
8.2. Die Bybel-boer-paradigma	223
8.3. Die insluiting van die kategorieë: kranksinnigheid, dronkenskap en die duiwel	225
8.4. Die begrensende karakter van die idioom	225
9. Illustratiewe materiaal	226
9.1. Blank eksklusiewe stelwerkonderwerpe	227
9.2. Stelwerkopdragte en illustratiewe materiaal wat Afrikanersentriese sentimente bevat	228
10. Anglisismes, en taalsuiwerheid as begrensingsaksie	234
10.1. Die diglossiese situasie onder verstedelike gekleurdes	234
10.2. Taaldivergensie en taalsuiwerheid	234
10.3. Die teenstrydige eis van taalsuiwerheid	237
11. Afkortings: die onverbloemde agenda	239
11.1. Identifiseerbare patrone	239
11.2. Afrikanersentriese begrensing	239
12. Slotsom	241
13. Bibliografie en voetnote	245

'N SOSIO-LINGUISTIESE ONDERSOEK NA DIE SPRAAKGEMEENSKAPLIKE  
GESKIKTHEID VAN AFRIKAANS TAALHANDBOEKE OP SKOOL

"Language is at the same time a delicate, sophisticated instrument and blunt tool. It serves as a direct means of communication from man to man and it serves as an issue, or a foil, to achieve social and political gains."

(Bretton 1976: 434)

1. Motivering

Die grammatika-komponent van die Afrikaans-sillabus word gerugsteun deur verskeie handboekreekse. Dit is gebruikelik dat uitgewers wat hul op die skoolboekmark toespits, oor 'n reeks sal beskik wat in die bepaalde behoefte sal voorsien.

Die skrywers van die reekse kom normaalweg uit die onderwysgelede, alhoewel akademici uit tersiêre inrigtings soms deel uitmaak van 'n skrywerspan.

'n Populêre misvatting wat onder onderwysers bestaan, is dat handboeke in 'n hoë mate dieselfde behoort te wees, aangesien skrywers aan sillabusvoorskrifte gebind is. Alhoewel die voor-

skrifte 'n oppervlakkige uniformiteit tot gevolg het, sal die eindproduk egter bepaal word deur die sosio-politieke ingesteldheid van die skrywers self. 'n Taalhandboek geskryf deur bv. Jakes Gerwel vanuit 'n Marxistiese perspektief op die verhouding tussen taal en die gemeenskap, sal diametraal staan teenoor dié van 'n skrywer wat die apartheids-ideologie onderskryf.

'n Tweede beperking op die inhoud en aard van 'n handboek word opgelê deur die handboekkomitees van die onderskeie departemente. Alvorens handboeke onder die beheer van die DOK en die KOD aan skole beskikbaar gestel mag word, moet dit vir die doel goedgekeur en op 'n amptelike departementele handboeklys geplaas word.

'n Gewigtige implikasie spruit uit die beheermaatregel: Ten einde te verseker dat die handboek die goedkeuring van die twee komitees sal wegdra, word nie alleen ten nouste by die vereistes van die sillabus gehou nie, maar word ook seker gemaak dat die boek uit 'n wêreldbeskoulike en ideologiese oogpunt die goedkeuring van die komitees sal wegdra.

Ook vanuit die oogpunt van die uitgewer is dit van kardinale belang dat sy skoolboekuitgawes deur die komitees vir handboeke goedgekeur sal word. Ten einde te verseker dat 'n nuwe reeks taalhandboeke aanvaar sal word, is die benadering by skrywers dus konserwatief, word ou patrone gevolg en word daar nie met nuwe benaderinge tot taalonderrig geëksperimenteer nie. Die gryse uniforme indruk wat taalhandboeke laat, was juis een van die redes waarom die sosio-linguistiese studie daarvan onderneem is.

Die mees ingrypende funksie van die komitees lê egter nie in die amptelike keuring van voorgelegde handboeke nie, maar die proses van selfsensuur wat die voorlegging vooraf gaan. Die finale gestalte van 'n handboek reflekteer nie noodwendig die insigte en oortuiginge van die skrywer nie, maar die inhoudelike, metodologiese en ideologiese kriteria, waarvolgens die komitee die werk sal meet.

Die remmende invloed van die Direktoraat van Publikasies (Wet op Publikasies, 1974), op die Afrikaanse letterkunde, is daarin geleë dat dit skrywers tot "pre-sensuur" dwing, (Kannemeyer 1983: 232). Hoewel die skoolhandboekkomitees 'n laer profiel handhaaf, en veel minder boektitels beheer, moet die aard en gehalte van die beskikbare Afrikaanstaalhandboeke in 'n groot mate aan die eise van die komitees toegeskryf word.

## 2. Onderzoekterrein

Uitgaande van die hipotese dat Afrikaans, soos op skool aangebied, na inhoud en strekking 'n etnosentriese karakter besit, is twee hoërskooltaalhandboeke wat algemeen in skole van die Kaaplandse Onderwysdepartement (KOD) en die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK), (voorheen Die Departement van Kleurlingsake) gebruik word, aan 'n sosio-linguistiese ondersoek onderwerp.

Die twee boeke onder bespreking is Ons Moedertaal (Meyer et al 1979) en Afrikaans my taal (De Klerk et al 1981). Die twee werke

is geselekteer op grond van die feit dat hulle algemeen gebruik word in die skole wat die Afrikaanse spraakgemeenskap bedien.

Die doel van die studie is om onderliggende sosio-linguistiese norme werksaam in die boeke, te identifiseer en vervolgens te bepaal in welke mate die norme rekening hou met die behoeftes van die A.S.G.

Die twee handboeke, "Ons Moedertaal" (OMT) en "Afrikaans my taal" (AMT), maak beide daarop aanspraak dat in die samestelling daarvan, voldoen is "aan die vereistes van die nuwe basiese leerplan vir Afrikaans Eerste Taal Hoër Graad soos van toepassing op die vier provinsies en Suidwes-Afrika." (OMT-voorwoord). Hier word nie spesifiek na die DOK-leerplan verwys nie, maar die feit dat vraestelle van die betrokke departement agter in beide boeke opgeneem is, en beide boeke aktief in DOK-skole bemark word, dui daarop dat die skrywers die skole onder die departement wel in gedagte gehad het.

Gegee die feit dat beide boeke op die totale taalhandboekmark ingestel is, sou daar redelikerwys verwag kan word dat die skrywers sensitiwiteit sou openbaar ten opsigte van die behoeftes van die ganse ASG --- al gaan dit dan bloot om die effektiewe kommersiële bemarking van 'n produk. Daarmee is die belangriker etiese en spraakgemeenskaplike oorweginge nie eens in berekening gebring nie.

Die ondersoek is dus daarop toegespits om na te gaan 2.1. watter sosio-linguistiese norme in OMT en AMT aan die orde is, en in samehang daarmee:



2.2. in welke mate aan die behoeftes van die ASG voldoen is.  
Ten einde die ondersoek te sistematiseer, is normerende taalmateriaal onder die volgende hoofde gerankskik:

3. Uitspraak en variante.
4. Beskouinge omtrent Kaaps-Afrikaans.
5. Die hantering van kultuurgroepe binne die ASG.
6. Die Maleise taal- en kulturele bydrae tot die ASG-kultuur.
7. Die verswelgde Khoikhoi-kultuur.
8. Die Afrikaanse idioom --- "Metaphors we live by"
9. Illustratiewe materiaal.
10. Taalsuiwerheid as ideologiese begrensingsaksie.
11. Afkortings: die onverbloemde agenda.

### 3. Uitspraak en variante

(Ter wille van ruimte word hier met AMT se beskouing volstaan, alhoewel OMT se sieninge hieromtrent ewe goed ter illustrasie gebruik kon gewees het.)

In hoofstuk 2, "Die sosiaal betrokke aard van die sosio-linguistiek" is die onwetenskaplikheid van die begrippe standaardtaal en Algemeen-beskaaf bespreek, en daarop gewys dat standaard nie na inherent superieure taalkwaliteite verwys nie, maar eerder aandui waar die sosio-politieke en ekonomiese mag in die spraakgemeenskap lê.

Alhoewel AMT melding maak van uitspraakverskeidenheid in Afri-

kaans word daar sonder kwalifikasie na 'n "standaarduitspraak" of "Algemeen-Beskaaf" verwys, waarop daar dan vervolg word:

"Soos laasgenoemde term aandui, is dit die taalgebruik wat algemeen onder beskaafde of ontwikkelde mense aangetref word." (AMT:17. AMT se beklemtoning).

Verder af op die bladsy word die "beskaafde volksmond" as die ideale spraakvorm getipeer. Uit die jongste sosio-linguistiese navorsing word die konsep van 'n inherent superieure standaardtaal verwerp. 'n Variant verwerf standaardstatus op grond van 'n komplekse stel faktore wat in die guns van 'n sosio-politiek en sosio-ekonomies magtige groep werk.

Uit die navorsing wat in hoofstuk 2 opgehaal is, is dit duidelik dat die skrywers met 'n verouderde spraakgemeenskaplike model werk, wat beledigend staan teenoor veral Kaaps-Afrikaanse sprekers wie se variant markante verskille met die gestandaardiseerde vorm toon.

Daarbenewens het die woorde beskaaf/onbeskaaf binne die Suid-Afrikaanse verband 'n kleurkonnotasie ontwikkel, wat, indien dit in verband gebring word met die begrippe "standaard" en "variant" die indruk by die leser kan wek dat die onderskeiding op grond van kleur gedoen word. Die koloniale geloof dat die blanke die beskawing na Suid-Afrika gebring het, het onvermydelik die blank-beskaaf/gekleurd-onbeskaaf assosiasie laat posvat. In die lig beskou, kom AMT se siening van spraakverskeidenheid neer op kwetsende rassisme.

#### 4. Beskouinge omtrent Kaaps-Afrikaans

##### 4.1. Die "onsigbare" variant

Onder die hofie "Algemene en Nie-Algemene taal" (AMT:255-256) word streeksverskille behandel. In die verband word na Transvaalse, Bolandse, Namakwalandse en Natalse streekspraak verwys, terwyl die variant, wat op historiese, literêre, kulturele en sosio-politieke gronde verreweg die belangrikste geag behoort te word, nie gemeld word nie. Trouens AMT en OMT, wat saam 1416 bladsye beslaan, verwys nie een keer na Kaaps-Afrikaans nie, behalwe die erg omstrede misbruik van twee Kaaps-Afrikaanse gedigte, waarna twee paragrawe verder verwys word.

Dit is dus teoreties moontlik dat 'n Nederlander wat OMT en AMT sonder enige kennis van spraakvariasie in Afrikaans, bestudeer, onbewus sal bly van die bestaan van die variant wat numeries en sosio-linguisties gesproke as die belangrikste geag word. Die geïmpliseerde norm hier skyn te wees dat streekverskille slegs van belang is, wanneer taalvariasie onder blanke sprekers voorkom. (Alhoewel gekleurdes ook sprekers van die variante mag wees wat deur OMT genoem word, is die algemene indruk tog dat die blanke komponente in die gevalle domineer. Daarteenoor word nie voorgegee dat die Kaaps-Afrikaanse variant uitsluitlik deur gekleurdes gepraat word nie, maar weer eens is verreweg die sterkste assosiasie met die gekleurde sprekers daarvan. Sien Klopper (1983) in die verband).

'n Ander afleiding waartoe 'n leerling kan kom, is dat Kaaps-Afrikaans so 'n gedegenerende vorm van Afrikaans is, dat dit in

'n ander ongespesifiseerde kategorie behoort. Ook die afleiding kan bloot op gisting berus, aangesien daar geen aanduiding in enige van die twee boeke is dat die sprekers van die variant as deel van die ASG beskou word nie. Die wyse waarop die nie-wit sprekers deur AMT en OMT geïgnoreer word, neem gaandeweg 'n vaste patroon aan en slaan die klassieke koers van taalstigmatisering in.

#### 4.2. Die stigmatisering van gekleurdes deur taalstereotipering: die 'Jollie Hotnot'-paradigma

Die twee Kaaps-Afrikaanse gedigte, waarna hierbo verwys is, "Oor monnemente gepraat" (Peter Blum) en "Kō, laat ons sing" (Adam Small) word gebruik om platheid en geestigheid te illustreer.

Na 'n bespreking van onvanpaste woordkeuses in 'n gegewe konteks, laat volg die skrywers:

"Maar as Peter Blum Oor monnemente gepraat (3e strofe) sê:

'Hier het ons stetjoes, elkeen soos 'n mens  
ou Afduin-Murray, Hofmeyer met sy pens;  
hier's Jan van Riebeeck, bakgat aangetrek  
in sy plus-fours ...'

dan is die woorde soos stetjoes, pens, bakgat en plus-fours funksioneel (dit pas m.a.w. in die mond van die Kleurling met sy raak sêgoed) ..." (AMT: 491/2).

Ook onder die bespreking van geestigheid kom die betrokke gedig weer ter sprake en word verwys na "die Kaapse Kleurling met sy tipiese geestige taal, segging en humor..." (AMT: 492).

Die stereotipering van die gekleurdes is ooglopend. Stellings omtrent die kulturele groep se taal berus op growwe veralgemening, besit die meerderwaardige toon van die maghebber en dra noodwendig by tot die verdere stigmatisering van die Kaapse variant. Die boodskap wat onvermydelik aan die jong leser gesein word, is dat die gekleurdes se taal "plat" en "geestig" is, dat die variant onmoontlik die draer kan wees van volwaardige dieper gedagtes, dat die sprekers van die variant dus beperk en onge-nuanseerd dink, en dat die mense polities en kultureel nie ernstig opgevat behoort te word nie.

#### 4.3. Die metaforiese isolasie van die gekleurdes

Ten slotte kan die lasterlike opmerking omtrent plat taal wat pas "in die mond van die Kleurling met sy raak sêgoed", nie sonder kommentaar gelaat word nie:

In die hoofstuk "Afrikaans se politieke taal" is aangetoon hoe die Afrikaner die gekleurdes metafories afgesonder het, ten einde hulle as 'n politieke entiteit te isoleer. Daar is op gewys dat 'n skepping soos Kleurling en komposita soos Kleurlingvolk en Kleurlingprobleem nie taalgestalte gee aan 'n bestaande werklikheid nie, maar dat die taalgestalte 'n begeerde werklikheid vooraf gaan.

In die aangehaalde stuk veralgemening oor die sogenaamde gevatheid van gekleurdes, is die skrywers goed op weg om taalgestalte te verleen aan 'n sosio-politieke wens om die "Kleurling" tot vrolike, onbesorgde hanswors te reduceer, en is nuwe metafore binne bereik, bv.: Kleurlinggeestigheid, Kleurlingplatheid of

Kleurlinghumor. Op die subtiele wyse word die nog heersende Jollie Hotnot-stereotipe van gekleurde mense verder versterk.

#### 5. Die hantering van kultuurgroepe binne die ASG

Dit is nie nodig om hier die dekade-lange polemieë rondom die ontstaansteorieë van Afrikaans op te haal nie (2). In hoofstuk 5 is vanuit 'n sosio-linguistiese oogpunt van die debat kennis geneem. Wel ter sake egter is die neiging by taalkundiges om die aandeel van nie-Europese groepe in die evolusie van die Afrikaanse taal en kultuur te minimaliseer. Ferguson (1968:375-381) bestempel die behoefte aan 'n respektabele linguistiese stamboom as 'n universele neiging by jong tale wat na erkenning en outonomie streef:

"... many speech communities create myths and genealogies concerning their origin and development of their standard varieties in order to de-emphasize the numerous components of more recent vintage that they contain".

Fishman (1972c:20) neem die argument verder: 'n Variant kan historiesiteit verwerf deur in noue assosiasie met een of ander groot ideologiese of nasionale beweging te staan. In die geval van Afrikaans is dit gekoppel aan die Afrikaner se politieke beweging -- 'n alliansie wat in die huidige tydsgewrig die taal ernstig benadeel.

Die minimaliseringsproses van vreemde komponente, oftewel, die wegsnoeiing van wilde lote, is konsekwent werksaam in die twee handboeke onder bespreking. Ter wille van spraakgemeenskaplike

eenheid en harmonie sou daar redelikerwys verwag kan word dat in 'n Afrikaanse taalhandboek die linguistiese en kulturele aandeel van die nie-Europese groepe in die ASG beklemtoon sou word.

Die teendeel is egter die geval, soos blyk uit die wanvoorstelling van die gebruike en kultuur van die nie-Europese groepe wat tot die ASG bygedra het. Daar sal vervolgens na OMT en AMT se weergawe van nie-Europese kulturele groepe se bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans gekyk word.

## 6. Die Maleise taal- en kulturele bydrae tot die ASG

Dit is haas ondenkbaar om die ontplooiing van die Kaapse faset van die Afrikaanse kultuur sonder die bydrae van die Maleise kultuurgroep voor te stel. Hul bydrae as kunssinnige vakmanne in die Kaaps-Hollandse bou- en meubelbedryf is welbekend. In die Kaapse kombuise het Maleise vroue, met hul intieme kennis van kruie en speserye en die Oosterse kookkuns 'n dimensie aan die redelik prosafese Hollandse gastronomiese tradisie verleen wat vandag as "tradisioneel Suid-Afrikaans" aan vreemdelinge bekendgestel word.

### 6.1. Die bestendigende invloed van Maleiers op die gekleurde gemeenskap aan die Kaap

Ewe belangrik is die morele en sedelike invloed wat van die groep uitgegaan het. W. Bird wat aan die begin van die 19e eeu koloniale sekretaris aan die Kaap de Goede Hoop was, bied in sy skerpsinnig geskrewe State of the Cape of Good Hope in 1822

(1966: 73/74) 'n waardevolle perspektief op die onderlinge sosiale verhoudinge tussen die nie-Europese groepe aan die Kaap. Hoewel hy die Mohammedanisme as 'n groeiende gevaar beskou, merk hy ook op dat hulle 'n toonaangewende seksie onder die slawebevolking en vryswartes is. (Dit is interessant dat Bird na die gekleurdes as die "Africander" verwys, ter onderskeiding van die "Negro", met wie die "Africander" nie wou assosieer nie. Dit wil dus voorkom asof die groep van gemengde bloed hulself as Afrikaanders beskou het, meer as 'n halwe eeu voordat Die Genootskap van Regte Afrikaners tot stand gekom het).

Uit Bird se observasies blyk dit dat die Maleise kultuurgroep, met hul hoë sedelike kodes, en die streng godsdienstige verbod op die gebruik van alkoholiese drank, navolgenswaardige beskawingsnorme onder die ankerlose gekleurde en swart slawe, sowel as die ontstamde Khoikhoi bestendig het. Dit moet in gedagte gehou word dat die Hollandse kerk die kerstening van slawe aan die einde van die 18e eeu gestaak het, vanweë die Bataafse verordening dat gekerstende slawe nie verkoop mag word nie. Daarbenewens was die immorele gebruik van die koloniste om die Khoikhoi met dwelmmiddels in die ruilhandel te vergoed, reeds stewig ingeburger.

6.2. OMT en AMT se taalhistoriese weergawe van die Maleise bydrae

Die onteenseglike beïnvloeding en verryking van die Afrikaanse gemeenskap en kultuur deur die eeuelange intieme kontak tussen die Maleise en Hollandse kulture vind helaas geen erkenning in OMT en AMT nie. Die verwysing na die Kaapse Maleiers is deurgaans



disfemisties, terwyl hul moontlike aandeel aan die ontwikkeling van Afrikaans geminimaliseer word.

Ter illustrasie van hoe die minimaliseringsproses hom voltrek, kan daar gefokus word op AMT se behandeling van die Afrikaanse woordeskat (AMT:382). Tydens die bespreking van erfgoed en leen-goed word moontlike Maleise invloed by twee geleenthede bevraagteken asof sodanige invloed skadelik sou wees:

"Woorde wat dikwels beskou word as ontleen aan ander tale, soos Maleis of Portugees het waarskynlik deur die 17de eeuse seemanstaal in Afrikaans gekom."

(AMT:384 en weer op :385; die beklemtoning van AMT).

Hierdeur wil die skrywers die leerlinge daaraan herinner dat die betrokke groepie woorde waarskynlik erfgoed en nie leengoed is nie. Dit word as 'n verdere argument gebruik om te demonstreeer dat die bēinvloeding deur nie-Europese kulture eintlik minimaal was.

By gebrek aan dokumentêre bewyse is dit inderdaad moeilik om te bepaal watter woorde deur die Kaapse Maleise gemeenskap die taal ingedra is. Die wyse waarop die kwessie egter aangevo<sup>e</sup>er word, skep die indruk dat die skrywers die korpus woorde wat via Nederlands in Afrikaans opgeneem is, wil beklemtoon, ten koste van nie-Nederlandse bydraes.

Ook OMT (:247) minimaliseer die Maleise bydrae:

"Sommige woorde wat die Nederlandse handels- en seemanstaal binnegedring het uit Pools, Russies, Frans, Italiaans, Javaans, Maleis, ens., word in die Afrikaanse

woordeskat weerspieël."

Die ordening van die tale hierbo, is betekenisvol en dui op 'n bedekte waarde-oordeel. Die belangrikste leksikale beïnvloeding is immers nie van Russiese of Poolse oorsprong nie, maar na alle waarskynlikheid van Maleis. Daar kan met reg gevra word of die ordening van taalinvloede deur kleurbehepte Afrikanerskrywers nie 'n Freudiaanse flater verteenwoordig nie, aangesien OMT se ordening slegs op grond van velkleur sin maak, in die sin dat dit 'n kleurspektrum van Ariër-wit tot Oosterse oker beskryf.

Ook die keuse van die woord "binnegedring" is veelseggend. Die prosesse van leen en erf word normaalweg as 'n verrykingsproses beskou. Deur die gebruik van 'n woord wat normaalweg geassosieer word met vyandelike invalle of gewelddadige penetrasie, suggereer die skrywers aan leerlinge dat die proses af te keur is, en dat die woorde wat Afrikaans wel "binnegedring" het, 'n jammerlike feit is. Taalpurisme word uitvoerig onder die afdeling oor die wering van Anglisismes bespreek. In die stadium kan volstaan word deur die fenomeen as deel van 'n groter taalbegrensiingsaksie te identifiseer.

### 6.3. Euro-sentriese ontstaansteorieë

Die wyse waarop daar met die ontstaansteorieë omtrent Afrikaans omgegaan word, bevestig 'n begrensende benadering, waarvolgens onomsigtelik gepoog word om 'n Euro-sentriese verklaring, in teenstelling met 'n Euro-Afrika-verklaring vir die ontstaan van Afrikaans te bevorder. (Dit moet beklemtoon word dat die studie

nie daarop gemik is om uitsluitel te probeer gee in die debat rondom die kwessie nie).

In AMT word die volgende verklaring vir die snelle ontwikkeling van die nuwe taalvorm gegee --- 'n verklaring wat skynbaar op die vreemdelinge-teorie gebaseer is:

"Die taal van die Franse en Duitse koloniste, van slawe uit Oos-Indië en inboorlinge met wie die koloniste in aanraking gekom het, het die veranderinge wat die oorspronklike Nederlands ondergaan het, verhaas."

(AMT:467).

Twee sake verdien hier kommentaar: Deur die "slawe" en die "inboorlinge" ná die Europese groepe te stel, word die indruk geskep dat die invloed van genoemde groepe nietiger was as dié van die Europese koloniste.

Die skraal gegewens omtrent taaltoestande in die 17e en 18e eeue maak dit moeilik om die teendeel te bewys; tog moes die aansienlike konsentrasies van nie-Europeërs aan die Kaap en op die plase in die Wes-Kaap wat intiem ingeskakel was by blanke huishoudings 'n beduidende invloed op die taal gehad het.

Daarteenoor was Duitse immigrante verspreid en numeries onbeduidend. Daarbenewens was die meerderheid seevarendes wat Nederlands dus redelik goed magtig was. Ook die groep Franse is binne dekades geassimileer met die Hollandse bevolking.

Tweedens is dit opvallend dat die Franse en Duitsers by name genoem word, terwyl die nie-Europese groepe wat deel gehad het

aan die oerspraakgemeenskap -- en bloot op numeriese gronde moontlik 'n groter rol as die Europese randgroepe kon gespeel het -- op disfemistiese wyse geëtiketteer word. Dit is immers algemeen bekend dat die "slawe uit Oos-Indië" Maleiers was, terwyl die "inboorlinge" na die Khoikhoi verwys. (Dit is ook betekenisvol dat die slawe uit Oos- en Wes-Afrika heeltemal verswyg word). Hier word die etniese name met benaminge vervang wat 'n besliste waarde-oordeel inhou. Terwyl die leerlinge herinner word aan die gedehumaniseerde staat van die 17e eeuse nie-Europese groepe, word die onbenydenswaardige staat, waarin die blanke koloniste aan die Kaap gearriveer het, verswyg. Indien OMT konsekwent wou wees, moes die Franse en die Duitsers op dieselfde wyse gedensionaliseer gewees het, en kon daar na Europese vlugtlinge, oudmatrose en drosters verwys gewees het.

Ralph Ellison (1952) beskryf in sy "faction"-roman The invisible man 'n soortgelyke linguistiese anonimiseringsproses, waaraan die Amerikaanse negers onderwerp was. Deur 'n ontkenningssaksie van die kant van blanke maghebbers, is eiename, sosiale posisie en identiteit geignoreer: 'n Man word 'n "boy", en 'n vrou, 'n "girl." So word hul dan gedehumaniseer tot op 'n vlak waar hul deur hul nietige werklikheidsbeeld "onsigbaar" word.

Derek Gowlett, in 'n seminaar getitel "Linguistic manifestations of ethnic attitudes in South Africa" (1984) ondersoek die benaminge wat die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika aan mekaar toedig. Dit is opvallend dat die getal disfemistiese woorde in Afrikaans veel meer is as in ander Suid-Afrikaanse

tale. Vir swartes, gekleurdes en Indiërs bestaan in Afrikaans onderskeidelik twee en twintig, ag, en drie beledigende byname wat gebruik word in plaas daarvan dat die persoon se naam of etniese benaming gebruik word.

#### 6.4. Die diskreditering van die Kaapse Maleiergemeenskap

Alhoewel die blatante vorm van diskreditering van gekleurdes in OMT en AMT vermy word, manifesteer 'n subtieler proses hom in beide boeke. Die proses sal nou nagegaan word, soos dit die Maleise komponent van die ASG affekteer.

In sy Bydrae van die Kaapse Maleiers tot die Afrikaanse volkslied (1935) en Die Maleise samelewing aan die Kaap (1939) bied I.D. du Plessis 'n geskakeerde beeld van die kultuurryke groep en hul bydrae tot die Afrikaanse kultuur. Dit is dus 'n redelike verwagting dat daar waarderend na die groep verwys sal word, en dat hul belangrike aandeel aan die spraakgemeenskaplike kultuur erkenning sou geniet in die vorm van leesstukke oor die kleurryke geskiedenis van die groep, die Kaaps-Maleise legendes, hul bydrae tot die Kaapse voedseltradisie, hul interessante godsdienstige gebruike, en hul sangtradisie.

Die teendeel blyk egter die geval te wees. Die enkele kere waar na die Kaapse Maleiers verwys word, is dit deurgaans disfemisties van aard, soos uit die volgende voorbeelde blyk:

6.4.1. Die religieus onverdraagsame houding teenoor die Mohammedaanse geloof spreek duidelik uit die volgende definisie van 'n kramat:

"Die 'heilige' graf van 'n Mohammedaan is 'n kramat." (AMT:262.  
Die aanhalingtekens is dié van AMT).

Die bedenklikheid van die definisie word eers werklik duidelik, wanneer dit naas die WAT-definisie geplaas word wat soos volg lui:

"Graf van 'n Mohammedaanse heilige" (:614)

Terwyl die WAT-weergawe strook met die siening van Moslem-gelowiges, is die AMT-definisie dié van 'n persoon wat die heiligheid van die oorledene in twyfel trek.

6.4.2. Dieselfde semantiese distorsie kom voor in die verduideliking van die woord fakir. AMT (:258) se definisie lui soos volg:

"'n Fakir is 'n Mohammedaanse bedelmonnik wat dikwels 'n swerwende goëlaar is".

AMT is moontlik beïnvloed deur die bevooroordeelde definisie van WAT (:213):

"Mohammedaanse bedelmonnik, askeet wat skynbaar wonderwerke verrig." (My klem).

Daarteenoor staan die saaklike, objektiewe definisie van die gesaghebbende The Concise Oxford Dictionary (1961: 426):

"Mohammedan (or Hindu) religious mendicant, devotee."

Die effek van die kleinerende AMT-definisies op leerlinge is voorspelbaar: By blanke leerlinge behoort dit sekere gestereotipeerde indrukke van die Mohammedanisme te versterk en 'n gevoel van religieuse meerderwaardigheid te kweek. Daarteenoor word Moslem-leerlinge deur die subjektiewe definisies gekonfronteer met

'n valse en botsende weergawe van godsdienstige leerstellinge. Die verwarring wat dit by kinders moet skep, en die wrewel wat die soort kwaadwillige bemoeienis met die Mohammedaanse godsdiens by toegewyde Moslems moet veroorsaak, spreek vanself.

6.4.3. In voorbeeldsinne, afkortinge, idiome en leesstukke word die Christelike wêreldbeskouing, die Bybelinhoud, die Gereformeerde kerke en hul ampsdraers deurlopend aan leerlinge voorgehou. Daarteenoor is belangrike Moslemse gebruike, titels en feesdae afwesig. Woorde soos sjeik, imam, motjie, hadj, hadjie en Ramadan behoort regmatiglik ook opgeneem te word.

6.4.4. Beide handboeke, (OMT:485 & AMT:135 & 218) haal die woord "Slamaier" aan as 'n voorbeeld van kontaminasie. In geen geval word die gebruik van die woord gekwalifiseer nie en aan die leerlinge verduidelik dat die term afstootlik is en deur die Moslems verwerp word. Gegee die feit dat talle ander voorbeelde van kontaminasie bestaan en ander nog steeds deur die gemeenskap gegenerereer word, en die gebruik van die beledigende benaming dus vermy kon gewees het, is dit moeilik om nie 'n mate van kwaadwilligheid in die gebruik daarvan te lees nie.

6.4.5. In die behandeling van "volksliedjies, kinderrympies en dansliedjies" uit die 19de eeu (AMT: 734/5), word uit die wye reeks moontlike keuses die volgende banale en rassistiese liedjie aangehaal:

"Als ik naar de circus gaan,  
De perdjes te gaan kijk  
De Slammaaiers in de derde klas,

Hulle ammal schree gelyk:

'Waar het jy daardie hoed gekry...'"

Die besware teen die liedjie is drieledig: Eerstens kan die ongunstige beskrywing van 'n klompie 19e eeuse Maleise jolytma-kers, nie anders as om die Jollie Hotnot-stereotipe van gekleurdes by blanke leerlinge te versterk nie, terwyl dit noodwendig die selfbeeld van gekleurdes sal knou. Daarbenewens kom die gewraakte "Slammaaiers" in die liedjie voor.

In die derde plek het die liedjie laakbare propaganda-waarde. Die boodskap wat die derde reël aan die leser sein, is dat apartheidsreëlins reeds in die 19e eeu bestaan het, en dat die huidige opset 'n natuurlike uitvloeisel van historiese gebruike is.

6.4.6. Selfs amptelike stukke, soos die eindeksamenvraestel van die voormalige Administrasie vir Kleurlingsake (AMT: 782-789) is nie vry van die soort stigmatisering nie. Die vraag wat volg, is so gestel dat 'n kandidaat van die Mohammedaanse geloof met reg kan aanstoot neem:

"Ons moet al die heidene (christene) maak." (AMT: 789).

## 7. Die verswelgde Khoikhoi-kultuur

### 7.1. Die Afrikanersentriese siening van die Khoikhoi

Die onaanvaarbare term "Hottentots," as verwysende na die Khoi-tale en "Hottentotte" as benaming vir die Khoikhoi-groepe, kom vandag nog algemeen onder Afrikaanssprekende blankes voor. Terwyl



Engelsmedium wetenskaplike lektuur oorwegend die antropologies korrekte terme gebruik, het min Afrikaanse wetenskaplikes reeds die oorskakeling gedoen.

Die gebruik van die woord Hotnot as skelnaam en selfs as saaknaam vir gekleurdes het nog lank nie uitgesterf nie. In Afrikaanse samestellings, in 'n bepalende funksie, reflekteer dit normaalweg minderwaardigheid en onbeskaafdheid, soos in hotnosboontjie, hotnosbrood, hotnosgot, (let op die waarde-oordeel wat deur die afwykende spelling van god aan die leser gesein word), hotnosvy, ensovoorts.

Dit is enigsins verbasend dat die Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (1979:414) nie die term Khoikhoi opgeneem het nie, en Hottentots definieer as:

"Enigeen van die tale of dialekte van die Hottentotte."

OMT en AMT volg die verouderde model.

Die tradisionele Afrikaner-historiografiese weergawe van die kontak tussen die Khoikhoi en die Europese koloniste verskil ingrypend van die deurtastende navorsing van progressief denkende historici soos Marais (1939), The Cape Coloured People 1652-1937, en Elphinstone en Giliomee (1979), The shaping of South Africa 1652-1820. (Gerwel 1983:24-31) wys op die "blanksentriese vertrekpunt" van Afrikanergeskiedskrywers. Die kontak tussen die koloniste en die Khoikhoi word as heilsaam vir laasgenoemde groep geïnterpreteer, met die koloniste in die rol van vredemakers wat bestendige Calvinistiese deugde soos soberheid en arbeidsaamheid by die Khoikhoi vasgelê het.

Bogemelde navorsers skets egter 'n geskiedenis van eeuelange uitbuiting, omkoperij met dwelmmiddels, gewelddadige onteiening van Khoikhoi-gebiede, en periodieke kommando-styl strooptogte van Khoikhoi-veetroppe -- 'n geskiedenis wat parallelle toon met die lot van Amerikaanse en Australiese inboorlinge.

Die blanksentriese historiografiese weergawe wat eintlik die onteiening van die Khoikhoi-gebied probeer rasionaliseer, gee egter beslag aan AMT en OMT se geringskattende siening van die Khoikhoi en hul kulturele nalatenskap aan die ASG.

Die Khoikhoi en die Khoisan (Boesmans) was, met die koms van die blankes in die 17e eeu in nomadiese beheer van 'n reuse-gebied wat van die Outeniqua-berge in die suid-ooste van die land tot aan die Gariep (Oranje) in die noorde gestrek het. Europese siektes, die gewetenlose misbruik van drank in die ruilhandel, en aggressiewe uitbreidings-aksies het die stamme laat verbrokkel, sodat die Khoikhoi volgens Marais teen die einde van die 18e eeu in die blanke ekonomiese stelsel opgeneem was, en die Hollandse taal en kultuur oorgeneem het.

## 7.2. AMT en OMT se hantering van die Khoikhoi-kultuurreste

Tans vorm die nasate van die Khoikhoi die basis van die groot gekleurde bevolking op die platteland wat vanweë hul linguïstiese stabiliteit 'n uiters belangrike komponent van die ASG uitmaak.

Die verwagting sou dus kon wees dat handboekskrywers die enkele kulturele bakens van die vergane Khoikhoi-kultuur sorgvuldig sal opspoor en die spraakgemeenskap daaraan sal herinner dat dit juis die groep se aanvaarding van Afrikaans was, wat die taal sy besondere Afrika-geworteldheid en -kwaliteit verleen.

Die Khoikhoi se skamel bydrae tot die Afrikaanse taal is beperk tot 'n aantal geografiese name wat vandag nog dorpe, streke, berge en riviere benoem. Daarbenewens leef 'n aantal Khoikhoi-woorde uit die 18e en 19e eeu steeds voort in die daaglikse gebruikstaal.

Ten opsigte van hul bydrae tot die Afrikaanse letterkunde staan die Khoikhoi (en die Khoisan) veel sterker: Hul bydrae was uiteraard beperk tot 'n mondelinge oorlewering van hul vertelkuns. Vir die optekening daarvan was hulle afhanklik van die pen, en soms ook die ordeningsin van hul geletterde taalgenote. So word G.R. von Wielligh met sy bundels Dierestories (1907) en Boesmanstories (1919-1921) die optekenaar van verhale uit die mond van die Khoikhoi en die Khoisan, terwyl Eugene Marais met Dwaalstories (1927), geïnspireer deur die vertellings van "'n ou Boesman met die naam van outa Hendrik", nie alleen die "hoogtepunt in sy oeuvre" (Kannemeyer 1978:233) bereik nie, maar 'n unieke bydrae tot die Afrikaanse letterkunde lewer.

'n Studie van die twee handboeke in die verband toon dat die minimaliseringsproses wat hom ten opsigte van die Maleise taal- en kulturele bydrae voltrek het, ook hier werksaam is:

Ten opsigte van Khoikhoi-leenwoorde in Afrikaans volstaan OMT

(:249) met een sin:

"Van die middel van die 17de eeu af is woorde aan Hottentots ontleen."

Daarop volg 'n lys van sewe en twintig ontlenings.

Ook AMT (:387) wy slegs een sin aan die leenwoorde uit die Khoi-tale:

"Van die Hottentotte is hoofsaaklik name van inheemse plante, diere, streke en riviere oorgeneem."

Die korrektheid van die stelling moet betwyfel word, aangesien twaalf van die dertig leenwoorde aangehaal deur AMT buite die bogemelde vier kategorieë val. Woorde soos kierie, karos, arrie, aitsa, ga, sie, sies, hoeka, gonna, abba en eina--- om slegs by die AMT-lys te hou -- impliseer 'n veel intiemer taalverkeer tussen die Khoikhoi en Afrikaans as wat die AMT-skrywers wil te kenne gee.

Dit is opmerklik dat geen geografiese name in die OMT-lys van sewe en twintig woorde opgeneem is nie, terwyl slegs 3 van die dertig Khoikhoi-leenwoorde in (AMT:387) geografiese name verteenwoordig. Die verhouding van drie geografiese name tot sewe en vyftig saakname word betekenisvol as in ag geneem word dat 'n meerderheid van die Khoikhoi-leenwoordeskat tot die geografiese behoort. (Vergelyk ook G.S. Nienaber & P.E. Raper, Toponymica Hottentotica, Dele 1-3, RGN 1977-1980).

Die selektiewe leenwoordlyste moet gesien word as 'n verdere manifestasie van 'n taal- en kulturele begrensingsaksie. Die opnoem van dorp-, streek-, berg-, en riviername word (onbewustelik)

vermy, waardeur die histories-geografiese teenwoordigheid van die Khoikhoi geminimaliseer word. (Vergelyk in die verband die proses wat hom in post-koloniale Afrika voltrek het, waardeur die koloniale era as't ware uitgewis is, deur oorspronklike Afrika-name in ere te herstel).

Ook die orde waarin die leengebiede deur OMT (:248-249) geplaas word, bevestig die verbloemde agenda: Afgesien van Engels wat laaste geplaas word, omdat dit vanweë die omvangryke leenskat apart behandel word, is die orde soos volg:

- i. Duits
- ii. Frans
- iii. Portugees
- iv. Maleis-Portugees
- v. Maleis
- vi. Hottentots
- vii. Bantoetale

Soos die OMT-lyste ook aandui, was "Hottentots" en "Maleis" as leentale veel belangriker as Duits of Frans. Ook Portugees het relatief min woorde tot die Afrikaanse woordeskat toegevoeg; tog staan die Europese tale eerste as sou hul die belangrikste invloed uitgeoefen het. Terwyl die historiese bande met Frans en Duits beklemtoon word, ("ons Duitse stamouers" en "Franse Hugenote"), is die introduksie van die Maleise en "Hottentots"-lyste kort en saaklik.

In die geheel beskou, val die behandeling van leenwoorde deur OMT binne die groter minimaliseringspatroon, waardeur die bydrae van die gekleurde lede van die spraakgemeenskap so ver moontlik verbloem of verkleineer word.

AMT se hantering is in die opsig veel meer bevredigend, in die sin dat Frans en Duits nie uitgelig word deur hulle eerste te plaas nie, hoewel die twee tale nietemin voor "Hottentots" geplaas word.

### 7.3. Blanke opeising van Khoikhoi-verhale

Beide OMT (:436) en AMT (:685) behandel die diereverhaal as 'n prosasoort.

Terwyl 'n minimaliseringspatroon by die hantering van die leenwoorde herkenbaar is, word die belangrikste identifiseerbare Khoikhoi-kultuurgoed, nl. die skat van diereverhale, soos deur Von Wielligh in Dierestories (1907) opgeteken, as eiegoed opgeëien. Die skrywers in OMT verswyg Von Wielligh se skatpligtigheid aan die Khoikhoi en volstaan met:

"In Afrikaans het ons die bekende Wolf- en Jakkalsstories, asook G.R. von Wielligh se versameling Dierestories." (:437).

Ook AMT verwys bloot na G.R. von Wielligh se Dierestories.

Die skamele bakens wat deur die verdwene Khoikhoi in die Afrikaanse kultuurwêreld staan gemaak is, word dus òf selektief bekend gestel, òf, sonder erkenning, as "blanke" kultuurgoed voor-

gehou.

In Junie 1976, enkele dae vóór die Soweto-proteste teen die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium, sê Adam Small oor die kultuur-imperialistiese oornam van Afrikaans deur die Afrikaner:

"Die waarheid is ... dat ons Afrikaans op ons tong bewaar het voordat die Afrikaner openlik die nuwe taal goedgesind was. Afrikaans is dus ons teken, ons bewys by uitstek, van hoe ons, en dat ons van hierdie bodem is -- op grond waarvan ons elke eis kan stel en elke stryd kan stry."

(Hugo, 1978:337)

Dit is die erkenning van die gekleurde as deel van die spraakmakende gemeenskap en as bestendige faktor in die negentiende eeu, toe veral die Afrikaner onder die druk van die Anglisasiebeleid begin swig het, wat in die geheel in die twee boeke kortkom.

André du Toit (1981: 41) in 'n artikel "The future of post Nationalist Afrikaner politics and the history of Afrikaner political thinking" wys daarop dat nasionalisme eers in 1870 by die Afrikaner ontwaak het, maar dat die nasionale geskiedskrywing die geskiedenis vóór 1870 as 'n soort proto-geskiedenis van die Afrikanernasie gesien het. Die geskiedenis is dus verwing om die vroeë gebeure in die nasionale paradigma te laat pas. Die onderliggende politieke filosofie van waaruit die twee handboeke onder bespreking, tot stand kom, ondersteun die nasionale paradigma ten koste van spraakgemeenskaplike eenheid. Die organiese eenheid van

die ASG word om ideologiese redes verbreek, ten einde taalpolitieke steun aan die Afrikaner se politieke aspirasies te verleen.

## 8. Idiomatiese uitdrukkings

### 8.1. Die toesegging van die Afrikaanse idiome aan die volk

Spreekwoorde en idiome is, vanweë hul enigsins argafese aard, nuttige sosio-linguistiese studiemateriaal: Dit sou beskou kan word as 'n kortbegrip van die breë volksfilosofie en -waardes, en die besondere seleksie daarvan, 'n aanduiding van die konseptuele raamwerk wat as norm aan die leerling voorgehou word.

Die hoofstuk oor idiome in AMT(:411) word ingelui met die omstrede sin:

"Idiome is al die uitdrukkings wat eie is aan 'n bepaalde volk en 'n bepaalde taal."

Die omstredenheid is geleë in die problematiese semantiese waarde wat die handboeke aan die begrip volk heg. Behoort die Afrikaanse idiomeskat aan die Afrikaner of aan die ASG? Of anders gestel: Wie is die "bepaalde volk" aan wie die skrywers die Afrikaanse idiome toewys? Indien die skrywers met volk na die ASG verwys, is die semantiese waarde van die woord teenstrydig met die algemene betekenis, waarin dit in die boek en ook in OMT gebruik word.

In beide handboeke is oorvloedige getuienis dat die skrywers met die term volk uitsluitlik na die blanke komponent van die spraakgemeenskap verwys. AMT (:727) sê byvoorbeeld oor die "geboorte



en groei van Afrikaans ...":

"In 1652 kom Jan van Riebeeck na die Kaap, en sonder dat hy of die koloniste daarvan bewus is, ontstaan daar die moontlikheid van 'n nuwe volk, 'n nuwe taal en later selfs 'n nuwe letterkunde."

OMT (:454) se bespreking van die volkslied, laat ook geen twyfel dat dit hier uitsluitlik om die Afrikanervolk gaan nie. Die Stem van Suid-Afrika word direk aan Afrikaner-sentimente gekoppel, maar tog op 'n vreemde teenstrydige wyse as die amptelike volkslied bestempel: Wanneer so 'n lied inslag vind, kan dit "net soos 'n vlag, die simbool van 'n volk se nasionale aspirasies en van sy vryheid" word.

Die Afrikanersentriese siening van hoe die Afrikaanse idioom ontstaan het, sluit dus die ander sprekers in die ASG uit as medeskeppers daarvan. Dit laat ontstaan vrae ten opsigte van die samestelling van die lyste:

8.1.1. Op welke wyse is daar vasgestel watter idioome in gekleurde geledere en watter in Afrikanergeledere ontstaan het? Byvoorbeeld, 'n idioom soos "Dis bo my vuurmaakplek", het op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan en is in AMT (:419) opgeneem. Hoe is vasgestel dat die uitdrukking deur die volk en nie deur die gekleurde komponent van die ASG geskep is nie?

8.1.2. Waar is die lyste idiomatiese uitdrukkinge en spreuke wat in gekleurde geledere ontstaan het? Of het die skrywers vasgestel dat sodanige idioome nie bestaan nie? Die diachronie van die

idiomeskat in Afrikaans is nog nie behoorlik nagevors nie en daar is min historiese gegewens om stellige sienswyses op te baseer.

Getrou aan die kultuur-imperialistiese patroon wat in die ander fasette van die studie waargeneem is, word die gekleurde deel van die ASG opsy geskuif, en die Afrikaanse idiomeskate aan die volk toegesê.

## 8.2. Die Bybel-boer-paradigma

Afgesien van 'n algemene lys, poog beide handboeke om die gekose idiomate te sistematiseer en te kategoriseer. AMT (:411) se gesistematiseerde lys, met die getal idiomate tussen hakies, lyk soos volg:

godsdienst (61)

treklike, os, ossewa (28)

dier (30)

boerdery (15)

seevaart (19)

mal of halfmal (12)

duidel (20)

OMT se indeling toon 'n groot mate van ooreenstemming:

trekpad, os en ossewa (23)

jag (10)

land-bou en veeteelt (16)

dierewêreld (28)

Bybel en godsdienst (43)

dronkenskap (11)

Die keuse van die kategorieë en die aantal idioome wat onder elke hoof opgeneem is, verdien aandag. Die vraag ontstaan waarom die besondere kategorieë uitgelig is, aangesien 'n alternatiewe lys goedskiks onder ander hoofde opgestel kan word, bv.: die Germaanse en klassieke mitologie, die liefde, emosies, musiek, blomme, ouderdom en jeug, die middeleeue, die huis, die boubedryf, die weer, stap/draf/hardloop, kleure, wapens, water en slaap.

Die AMT- en OMT-lyste bevat die volgende gemene kategorieë:

Die Bybel en godsdiens; treklewe, os en ossewa; die dierewêreld; en boerdery.

Daarbenewens word die volgende kategorieë afsonderlik geskep: seevaart; mal of halfpad mal; duiwel en die jag.

In die geheel weerspieël en versterk die kategorieë die beeld van die Afrikaner as 'n vrome landelike patriarg wat 'n hoë prys op sy trekkertradisies stel.

In haar boek Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke (1983) (sien hoofstuk 7) identifiseer Hanneke du Preez twaalf "meestersimbole" -- leidende konsepte wat die Afrikaner se "conceptual map" bepaal.

Verskeie van die meestersimbole is in die twee idioomlyste terug te vind. Waardes wat deur die (argafese) idioome bestendig en verheerlik word, is die terughunkering na 'n vervloë ongekompliseerde landelike lewenswyse, waar alle wysheid en kennis herleibaar was na die Bybel en waar die boerepatriarg onbetwiste heers-er oor kneg en dier was -- 'n vreemde en vyandige milieu vir die

gekleurde komponent van die ASG.

### 8.3. Die insluiting van die kategorieë: kranksinnigheid, dronkenskap en die duiwel

Die insluiting van idioome wat oor kranksinnigheid, dronkenskap en die duiwel handel, is moeilik verantwoordbaar, aangesien hiermee van die onaangenaamste en onsmaklikste onderwerpe denkbaar, aangeroei word.

Die feit dat die meeste van die idioome in die drie afdelings 'n boerse, platvloerse soort humor bevat, laat ontstaan die vermoede dat hulle ter wille van die komiese effek ingesluit is. Opvoedkundig en moreel is die insluiting van ritse komiese idioome oor geestesafwykings en dwelmverslaafdes eenvoudig nie te regverdig nie.

'n Addisionele beswaar is geleë in die feit dat die meeste van die idioome wat oor dronkenskap handel, binne die "Jollie hotnot" letterkundige tradisie val en dus op grond van hul rassistiese aard verwerplik is.

### 8.4. Die begrensende karakter van die idioom

Die disproporsioneel groot aantal idioome wat deur die twee handboeke aangebied word, (OMT:267-248, sowat 450; AMT:411-449, sowat 500) is, sosio-linguisties gesproke, 'n konserwatiewe en begrensende benutting van taal. Idioome is vanweë hul semi-gefossileerde staat 'n effektiewe argief vir ouderwetse konseptuele raamwerke. Leerlinge word, met die eindeksamen as addisionele prikkels, ge-

dwang om 'n uitermate groot hoeveelheid uitdrukkings en spreekwoorde van buite te ken, waardeur 'n waardestelsel binne die Voortrekker-plaas-Bybel-paradigma effektief geïnternaliseer word. Hierdeur word 'n verbygegane werklikheidsbeeld, met alte dikwels verstarde waardes en waarhede, deel van die Afrikaanssprekende kind se werklikheidsbeeld.

## 9. Illustratiewe materiaal

### Die ongedeelde ervaring

Die versnipperende effek van die apartheidsbestel op die ASG het meermale in die studie na vore gekom. Daar is aangedui hoe skrywers van die handboeke vanuit 'n Afrikanersentriese wêreldbeskouing taalsake benader, terwyl die effek van die sosiale skeiding tussen gekleurdes en blankes hom openbaar in die wanopvattinge ten opsigte van die taal en uitspraak van gekleurdes.

Die noodwendige sosiale fundering van stelwerk-opdragte, en ander illustratiewe materiaal bring mee dat die faset van taalonderrig blootgestel is aan die sosio-politieke en kulturele eise van die heersende sosiale groep. Kulturele waardes en sosiale oordele en vooroordele speel uiteraard 'n betekenisvolle rol in die seleksie en die opstel van materiaal waarvan die primêre eis is dat dit sosiale aanknopingspunte moet hê.

In die geval van die Afrikaanse taalhandboek word spraakgemeenskaplike belange egter meermale deur ideologiese eise verdring. Voorts het byna vier dekades van wetlik afdwingbare sosiale

skeiding, werkreservering, woongebiedskeiding, aparte ontspannings- en vermaaklikheidsgeriewe, die wering van gekleurdes uit "blanke" kulturele bedrywighede, aparte professionele organisasies (soos die blanke en gekleurde onderwyser-organisasies), en die Afrikaner-politieke ideologie wat bewustelik distansie tussen die kulturele groepe in die ASG bevorder het, meebring dat die werklikheidservaringe van die twee groepe toenemend begin verskil het.

Dit bring mee dat sommige materiaal, danksy die beperkinge wat deur die politieke bestel op gekleurdes geplaas is, vir die uitgeslote groep -- en vir sosiaal bewuste blanke leerlinge en onderwysers -- 'n wrang, ironiese karakter kan verkry.

#### 9.1. Blank eksklusiewe stelwerkonderwerpe

Ter illustrasie word 'n verteenwoordigende lys blank eksklusiewe stelwerkonderwerpe aangehaal. Die illustratiewe lys sou aansienlik uitgebrei kan word:

9.1.1. "Meisies behoort ook militêre diensplig te ondergaan." (AMT:35, en verskeie kere in beide boeke herhaal).

9.1.2. "Diensplig vir seuns." (AMT:91 -- weer eens in ander opdragte herhaal).

3.1.5. "'n Gesprek tussen 'n hoteleienaar en 'n besoeker." (AMT:295). Dit moet in gedagte gehou word dat die boeke verskyn het, toe haas alle hotels wetlik vir gekleurdes geslote was.

9.1.4. Die toespraak van die burgemeester(-es) net na sy/haar

verkiesing. (AMT:297).

9.1.5. "Die parlamentslid net na sy/haar verkiesing." (AMT:297).  
Die opdrag verkry met die instelling van die nuwe politieke bedeling ernstige en plofbare implikasies. (Gegee die intense gevoelens wat deur die verkiesing van "Kleurling"-parlamentslede ontketen is, sou onderwysers en leerlinge in DOK-skole tans die opdrag as Nasionale Party-propaganda kan beskou.)

9.1.6. "Provinsiale rade behoort afgeskaf te word." (OMT:319).

9.1.7. "Gestel jy is die Eerste Minister van Suid-Afrika. Rig nou 'n Nuwejaarsboodskap aan jou volk." (AMT:34).

9.1.8. "Jy is die Minister van Landbou. Open nou 'n landboutentoonstelling." (AMT:34).

9.2. Stelwerkopdragte en illustratiewe materiaal wat Afrikanersentriese sentimente bevat

Afgesien van die materiaal wat DOK-leerlinge op wetlike en sosiale gronde uitsluit, ervaar die leerling ook die kulturele begrensingsaksie van die Afrikanerskrywers wat die handboeke misbruik om Afrikanernasionalisme te bevorder.

Die voorbeelde wat volg, put hoegenaamd nie die kategorie van taal-eksklusiwiteit uit nie. Daar is wel gepoog om 'n verteenwoordigende groep voorbeelde saam te stel:

9.2.1. "'n Huldigingsrede by geleentheid van die 100ste herdenk-

ing van die geboortedag van 'n ontslape volksleier." (AMT:34).

9.2.2. "Luister aandagtig na die toesprake van volksleiers en stel vas of hulle deeglik voorberei was ..." (AMT:33). Die opdrag is gehaal uit 'n reeks wenke wat aan leerlinge gegee word, ten einde hul vernuf as sprekers te slyp.

9.2.3. Gee 'n getroue weergawe van jou gewaarwordinge (emosies, indrukke) en reaksie wanneer jy die volgende liedere (geluide, klanke) op band of oor die radio hoor:

"'n Skare sing Die Stem van Suid Afrika uit volle bors" en die eerste strofe van Die lied van jong Suid-Afrika (AMT: 111. Klem van AMT).

9.2.4. "Terug na die paaie van ons voorvaders." (AMT: 34). Alhoewel so 'n onderwerp nie as sodanig eksklusief is nie, het die woord voorvaders 'n semantiese waardeverandering ondergaan wat dit wel Afrikaner-eksklusief maak.

9.2.5. Inleidend tot die afdeling Mondelinge Stelwerk (OMT: 290) gee die skrywers 'n voorbeeld van klinkende woorde --- 'n aanhaling uit die wydingstoespraak van dr. D.F. Malan by die opening van die Voortrekkermonument in 1949:

"Afrikaner, staan stil en draai terug: Terug na u volkse hoogste ideale; terug na die volksaltaar waarop u u offers moet lê en as dit geëis word, ook uself as offerhande; terug na die heiligheid en onskendbaarheid van die gesinslewe; terug na u Christelike wandel; terug na u Christelike geloof; terug na u kerk; terug na God!"



9.2.6. "Natuurlik was kommandant Theron weergaloos dapper."

(OMT:231). Die sin is gebruik ten einde 'n bepaalde spellingskwessie te illustreer.

9.2.7. Onder die hoof: "Beroemde toesprake" word toesprake van die volgende persone as navolgenswaardig voorgehou: dr. D.F. Malan, Totius, Langenhoven, Gustav Preller, D.F. Malherbe, en ds. Willem Postma. (OMT:299).

Die selektiewe gebruik van sprekers in die Christelik-Nasionale tradisie is weer eens opvallend. Die voorbeelde word nie soseer bepaal deur hul uitsonderlikheid as orators nie, maar as figure wat binne die grense van die Christelik-Nasionale filosofie geleef en bekendheid verwerf het.

Ter wille van ideologiese oorwegings word vooroorlogse modelle dus aan leerlinge voorgehou. Daarbenewens druis dit teen opvoedkundige en literêre beginsels in om die dreunende en soms wollerige toespraakstyl van die dertiger- en veertigerjare as navolgenswaardig uit te sonder.

Leerlinge se ervaringswêreld word dus begrens en verskraal, want die bestudering van die geselekteerde groepie skrywers en predikant-politici se toesprake, lei helaas nie net tot die internalisering van 'n ouderwetse toespraakstyl nie, maar laat hulle ook kennis maak met figure wie se sieninge van Afrikanerskap, kleurverhoudinge en 'n rëgverdige staatsbestel noodwendig 'n retrogressiewe invloed op hul eie sosio-politieke insigte moet hê.

9.2.8. 'n Soortgelyke tendens manifesteer hom wat stylvoorbeelde

vir skriftelike stelwerk betref. (OMT: 306-309). Die volgende skrywers word aangehaal: C.J. Langenhoven, C.M. van den Heever, Uys Krige, 'n aanhaling uit die Bybel (Rut 1: 19:22), Jochem van Bruggen, Herman Heijermans, Willem van der Berg en Boerneef. Afgesien van Boerneef, Van den Berg en Krige is die keuse beperk tot skrywers wat in die jare twintig, dertig, en veertig gepubliseer het, terwyl die insluiting van die 19e eeuse Nederlandse sosialistiese skrywer, Heyermans, onverklaarbaar is.

In metafoor, styl en lewensuitkyk word 'n oorwegend voor-oorlogse wêreld aan die leerlinge as die ideale voorgehou. Die aanhalings roep 'n rustige, landelike atmosfeer op, waar skynbaar ongekompliseerde, onbevraagtekende baas-knegverhoudinge heers -- 'n teenhanger vir die werklikheidsbeeld wat uit die gekategoriseerde idioome in die twee boeke opstaan.

Die skrywers se seleksie, verteenwoordig teen die agtergrond van die Afrikaanse letterkunde, 'n pakket ontvlugtingsliteratuur, in die sin dat leerlinge deur die voorbeelde gekondisioneer word om weg te skram van letterkundige werke wat gestalte probeer gee aan die verwikkelde vraagstukke in die Suid-Afrikaanse samelewing.

9.2.9. In dieselfde kategorie as bogemelde seleksie, val opstelonderwerpe soos:

"O, boereplaas, geboortegrond." Die negatiewe konnotasie wat boereplaas by gekleurdes oproep, gee die onderwerp 'n onbedoelde ironiese dimensie.

9.2.10. "Engelssprekende en Afrikaanssprekende leerlinge behoort saam skool te gaan." (OMT:319). Terwyl dit 'n geskikte onderwerp

vir blanke leerlinge mag wees, sal DOK-leerlinge in die stedelike gebiede nie weet hoe om die onderwerp te benader nie, aangesien die oorweldigende meerderheid van die skole dubbelmedium is. Die reëling van afsonderlike skole vir die twee taalgroepe bestaan nie. Indien getalle dit regverdig, word 'n afsonderlike taalstroom in dieselfde skool aangelê.

Terwyl leerlinge toegelaat word om die meriete van dubbelmedium skole te debatteer, word hulle die geleentheid ontsê om die meriete van gesamentlike skole vir leerlinge van die ASG te bespreek.

9.2.11. Wanneer die leesstukke wat as grondslag dien vir begripstoetse in hul geheel beoordeel word, sou dit juis wees om dit as Afrikaner-eksklusief te bestempel. Maar ook in die geval van die groep wat as redelik neutraal bestempel kan word, is die finale indruk dat die stukke in die Afrikaner se kulturele dampkring ontstaan het, en dat leerlinge binne 'n bepaalde huislike en sosiale milieu opgevoed moet wees om die stukke ten volle te verstaan. (OMT:356-388 en AMT:149-190).

Die onverklaarbare voorkeur vir leesstukke oor die Afrikaanse taal, Afrikaanse skrywers en Afrikaanse volkshelde bring mee dat die keuses in die geheel 'n moraliserende, lerende karakter besit. Daarbenewens bevat verskeie van die stukke nie alleen Afrikaner-eksklusiewe stof nie, maar ook materiaal wat die gekleurde komponent van die ASG kan greef.

Ter illustrasie word 'n paragraaf uit 'n swak geskrewe, chauvinistiese stuk oor Afrikaans, uit 'n brosjure van die F.A.K. (:176) aangehaal:

"So besing ons in ons taal toewysing aan ons geskiedenis, erelied in ons godsdiens en gee dit vorm aan ons denke. In ons taal betuig ons waardering vir ons volkstradisies en -gewoontes ... Net soos my land, kan my taal nooit van sy ware wese geskei word nie --- daarom dat 'n suiwer taal uit 'n suiwer siel ontspring!"

Dit is veral die laaste sin wat gekleurdes diep behoort te grief. Die feit dat die stelling onwaar is, versag nie die belediging wat daarin opgesluit lê nie.

In kontras met die tradisie om die begripstoets as 'n bykomende geleentheid tot moralisasie of die "bevordering" van die Afrikaanse taal en kultuur te beskou, bied goeie Engelse taalhandboeke soos dié van Lennox-Short (1973) wat algemeen in skole gebruik word, 'n opwindende, plesierige en gevarieerde seleksie. Progressiewe Engelse handboekskrywers vermy swaarwigtige en wollerige filosofiese stukke en streef na 'n breë spraakgemeenskaplike aanslag --- 'n kwaliteit wat die Afrikaanse boeke nie besit nie.

#### 9.2.12. Ander illustratiewe materiaal

Die gebruik van name, vanne, plekname, adresse wat gewoonlik met blankes en blanke woonbuurtes geassosieer word, is deurgaans in beide boeke gebruik.

Problematiese meervoude en verkleinwoorde in Afrikaans word met vanne soos De Villiers of Roux geïllustreer, terwyl Aziz en Adonis ewe problematies is. Dieselfde geld vir die gebruik van plekname in oefeninge waarin persoonsname en afgeleide byvoeglike naamwoorde gevorm moet word.

#### 10. Anglisismes, en taalsuiwerheid as begrensingsaksie

"It's got an Afrikaans and English mixture. It's not a pure Afrikaans and neither of course is the English. We never speak a pure English nor a pure Afrikaans here in this area amongst each other."

"In District Six where I was born, right, people from Port Elizabeth come and speak a proper Afrikaans. And you know, we kill ourselves laughing! Am I right or not?"

##### 10.1. Die diglossiese situasie onder sommige verstedelike gekleurdes

Die twee aanhalings uit onderhoude (Mc.Cormick 1984) met Kaaps-Afrikaans/Engelssprekers is nie onthullend, in die sin dat dit volstreekte nuwe insigte bring nie, tog dien dit as herinnering dat geen beleidsformulering oor Anglisismes en taalsuiwerheid in taalhandboeke gedoen kan word, sonder om op sosio-linguisties verantwoorde wyse die diglossiese situasie van die Kaaps-Afrikaanse sprekers van die Kaapse Skiereiland en die ander groter

sentra (veral Port Elizabeth en Johannesburg) in berekening te bring nie.

Diglossia beskryf 'n taalsituasie waar twee tale of taalvariante vir inter-sosiale kommunikasie gebruik word. Die verskillende kodes binne dieselfde gemeenskap berus op die feit dat elke kode bepaalde funksies in die gemeenskap vervul. Mc Cormick (1983:4) se navorsing in die verband openbaar 'n komplekse en soms paradoksale situasie, waar Engels klaarblyklik as die statustaal gebruik word:

"Common report is that bilingual people with tertiary education used English when discussing ideas and issues, and Afrikaans for intimate and domestic matters."

## 10.2. Taaldivergensie en taalsuiwerheid

Daarteenoor bestaan die paradoksale situasie dat Afrikaans beskou word as die taal van die verdrukke en terselfdertyd as die taal van die onderdrukte gekleurde werkersklasse. Dit bring mee dat die verlangde kommunikatiewe afstand slegs bewerkstellig kan word deur 'n eiesoortige fonologiese variant, sintaktiese strukture, idiomatiese uitdrukkings en leksikale items te beklemtoon.

In hoofstuk 4 is die proksimaliteitslinguistiek as teoretiese beginsel bespreek. Daarvolgens bewerkstellig spraakgemeenskaplike groepe sosiale afstand deur spraakverskille te beklemtoon. Net soos die dominante groep ander groepe in die spraakgemeenskap op 'n afstand hou deur sy variant tot standaard te verhef en ander variante te stigmatiseer, kan buitengroepe onder ekstreme provoka-

sie juis hul eie unieke spraakkarakter beklemtoon ten einde groepsidentiteit te versterk. Die eie esoteriese kode speel vanuit die oogpunt van die ondergeskikte groep 'n betekenisvolle rol, omdat kommunikasie met die ander groep op die wyse gestrem kan word.

f Dus, teenoor die Afrikaner wat die suiwerheid van gestandaardiseerde Afrikaans tot 'n simbool van groepsidentiteit verhef het, en wat meebring dat die gemiddelde Afrikaner na die gestandaardiseerde norm konvergeer, kan daar by die Kaaps-Afrikaanse spreker, ten opsigte van taalsuiwerheid, 'n divergerende tendens waargeneem word. Die beklemtoning van die eie variant word 'n demonstrasie van groepsidentiteit, terwyl "suiwer Afrikaans" gestigmatiseer word ten einde afstand tussen die twee groepe te bewerkstellig.

Wanneer daar binne opvoedkundige verband oor taalsuiwerheid gepraat word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die gemiddelde stedelike gekleurde spreker nie aspireer om suiwer Afrikaans te praat nie, en dat die teendeel juis waar is. Terwyl Afrikaners geneig is om Engels uit hul spreektaal te weer, as deel van 'n meer omvattende begrensingsaksie, flits die stedelike gekleurde dikwels op 'n virtuose wyse van die een taal na die ander. Deur die gebruik van die besondere variant kan Kaaps-Afrikaanssprekers die kommunikatiewe afstand tussen Afrikaners en hulself beheer, en is dit dikwels ook 'n voorstadium tot 'n drastiese divergerende stap, nl. om bewustelik te probeer verenigels.

### 10.3. Die teenstrydige eis van taalsuiwerheid

Die skrywers van OMT en AMT gee egter geen aanduiding dat hulle bewus is van die teenstrydighede en spanninge rondom die Afrika-nerideaal van taalsuiwerheid nie. AMT (:394) spoor sprekers aan om "altyd SUIWER AFRIKAANS te praat", (AMT se tipografiese beklemtoning) terwyl OMT (:253) sosio-linguisties gesproke 'n ewe aanvegbare stelling maak:

"Onnodige en slordige taalvermenging doen die taaleie geweld aan, verwoes die karakter van 'n taal en veronderstel by die spreker of spreekster geringe agting vir die taal". (My beklemtoning).

Die stelling word gemaak vanuit die oogpunt van die spreker van die gestandaardiseerde variant wat afwykinge van die vasgestelde norm nie alleen op linguistiese gronde afkeur nie, maar ook 'n morele oordeel vel oor die vermeende taalhouding van die afwykende spreker.

Die logiese afleiding is dat OMT-skrywers die Kaaps-Afrikaanssprekers met hulle lang tradisie van taalvermenging, in die kategorie plaas van mense wat "'n geringe agting vir die taal" het. Die vermeende korrelasie tussen taalsuiwerheid en "agting vir 'n taal" berus egter op die aanname dat die twee begrippe sosio-linguisties gesproke aanvaarbaar is. In sosio-linguistiese terme maak die skrywers beswaar dat sommige sprekers nie die voorgeskrewe norme handhaaf soos neergelê deur die sprekers van die gestandaardiseerde variant nie. Met die soort puristiese voorskriftelikheid kan 'n groot groep sprekers net verder van



Afrikaans vervreem word, omdat eise aan hulle gestel word wat in stryd is met die fundamentele karakter van die Kaaps-Afrikaanse variant.

Spraakgemeenskaplike harmonie lê op paradoksale wyse juis in die erkenning en bekendstelling van al die variante van Afrikaans. Kaaps-Afrikaans kan sonder enige geïmpliseerde waardeoordeel in handboeke bespreek word, ten einde leerlinge groter waardering vir die ekspressiewe karakter van die variant te gee -- 'n oefening wat kan aansluit by die bekendstelling van die bestaande letterkunde in die variant.

Voorts lyk dit uit 'n sosio-linguistiese oogpunt wenslik, selfs noodsaaklik, dat leerlinge wat beheer oor 'n variant het, geleentheid sal hê om formele skeppende skryfwerk in die vorm te produseer. By sodanige aktiwiteit verval die kriterium taalsuiwerheid uiteraard en word gekonsentreer op die inhoud en styl.

Sodanige benadering sou aansluit by die beperkte gebruik van Black English in ghetto-skole in die V.S.A., waardeur besonder positiewe resultate reeds verkry is. (Vergelyk hoofstuk 4).

In verband met taalbeplanning, en in aansluiting met voorafgaande, sê J.C. Steyn ('n Tuiste in eie taal 1980:438) dat "... dit sou kon blyk dat die erkenning van 'n variant van Afrikaans --- soos 'Black English' in Amerika wenslik is."

## 11. Afkortings: die onverbloemde agenda

### 11.1. Identifiseerbare patrone

Soos die idioomlyste van OMT (:237-245) en AMT (:141-148) weer-  
spieël die lyste afkortings ook 'n betekenisvolle sosio-politieke  
patroon in die sin dat Afrikanersentriese belange en instellings  
die inhoud daarvan oorskadu.

As voorbeeld word 'n analise gedoen van die eenhonderd en twee  
lettername opgeneem in die AMT-lys:

11.1.1. Instansies en verenigings wat deur tradisie of die wet  
uitsluitlik blank is: 36.

11.1.2. Afkortings van Christelike oorsprong: 10.

11.1.3. Afkortings wat gestalte gee aan instellings wat danksy  
die apartheidsbeleid tot stand gekom het: 3.

11.1.4. Militêre terminologie: 7.

### 11.2. Afrikanersentriese begrensing

Dieselfde patroon manifesteer hom in OMT. Daarbenewens word  
afkortings vir instansies wat vreemd staan teenoor Afrikanerna-  
sionalisme of nie deel is van die Afrikanerkultuurwêreld nie,  
eenvoudig verswyg. Die AMT-lys kan as illustrasie dien:

11.2.1. Politieke partye opgeneem: Nasionale Party, Verenigde  
Party.

Politieke partye afwesig: Progressiewe (Federale) Party,

Arbeidersparty, Nuwe Republiekparty.

Afgesien van die Verenigde Party wat reeds by die ter perse gaan van OMT in 1979, ontbind het, was die ander gevestigde partye binne die ASG.

#### 11.2.2. Christelike organisasies:

Die Christelike Studente-vereniging (C.S.V.), wat die Afrikanerlede op 'n spesiale vergadering op 12 Januarie 1965 in Bloemfontein gekelder het, vanweë die "politieke kleur" (3) wat die vereniging sou aangeneem het, is getrou aan die apartheidsideologie van die tyd, in vier liggame verdeel: Die Afr. C.S.V. (Afrikaners), die V.C.S. (Vereniging vir Christelike Studente, vir gekleurdes), die S.C.M. (Student Christian Movement, vir swartes) en die S.C.A. (Student Christian Association vir blanke Engelsprekendes).

Terwyl die Afr. C.S.V. in beide boeke opgeneem is, verskyn die afkorting vir die gekleurde organisasie, die V.C.S. nie in die lysie nie. Daarteenoor is obskure Gereformeerde kerkterminologie wel opgeneem, soos: oudl. vir ouderling, MSB vir Mannesendingbond, Ps. vir Psalm, en Ges. vir Gesang

#### 11.2.3. Universiteite:

Universiteite ingesluit: Die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch, Pretoria, die Oranje-Vrystaat en Suid-Afrika. Die weglating van die Universiteit van Wes-Kaapland val binne die groter patroon, waarvolgens die Afrikanerkomponent sentraal gestel word, terwyl gekleurde instansies geïgnoreer word.

#### 11.2.4. Onderwyser-organisasies:

Twee blanke organisasies, die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (vir Kaaplandse blanke Afrikaanssprekende onderwysers), en die Vereniging van Onderwysers in Transvaalse Middelbare Skole is in die AMT-lyste opgeneem. Die dinamiese en invloedryke Kaaplandse Professionele Onderwyser-unie (met meer as sewentienduisend lede, teenoor die negeduisend vyfhonderd lede van die SAOU), verteenwoordig die gekleurde onderwysers. Die handboeke gee nie erkenning aan die organisasie nie.

Die wyse waarop die inhoud van die lysie deur Afrikanerbelange en -strategieë bepaal is, is ooglopend. Die feit dat gekleurde kandidate die rassistiese Afrikanersentriese inhoud daarvan moet internaliseer, ten einde vir die eksterne eksamen voor te berei, het gewigtige morele implikasies --- afgesien van die skade wat die eensydige hantering van taalmateriaal die ASG-eenheid berokken.

## 12. Slotsom

Die sosio-linguistiese ondersoek na die spraakgemeenskaplike geskiktheid van die twee taalhandboeke, het fundamentele leemtes openbaar wat soos volg opgesom kan word:

12.1. Die gebondenheid van die skrywers aan 'n Afrikanersentriese interpretasie van die Afrikaanse taal- en kultuurgeskiedenis het meegebring dat gebeure rondom die Afrikaner en Afrikaans deur 'n retrospektiewe interpretasie van beide, tot 'n eksklusiewe stuk

geskiedenis gemitologiseer is.

12.2. Geïnspireer en geloods deur die oortuiging dat die Afrikaner ' eksklusiewe skepper en draer, asook die bewaker van "Algemeen-beskaafde" norme is, word die blanke variant as absolute standaard voorgedou, terwyl die spraak van gekleurdes eksplisiet en deur innuendo gestigmatiseer word. } Beide boeke is gebaseer op teorieë omtrent spraakverskeidenheid wat ruim drie dekades gelede reeds in Europa en die V.S.A. verwerp is. Hierdeur is nie alleen die selfbeeld van die gekleurde ernstig geskaad nie, maar ook taaldivergerende kragte in die gemeenskap ontketen wat katastrofiese gevolge vir die ASG kan hê.

12.3. Die politieke besluit van die Nasionale Party ná die oorwinning in 1948 om die "Kleurlinge" van die kieserslys te verwyder, is indertyd gerasionaliseer deur die gekleurde groepe tot "'n-volk-in-wording" te verklaar. Die Afrikaner en sy gekleurde taalgenoot moes deur heropvoeding leer dat die gekleurde anders is. Deur die stigmatisering van die gekleurde se taal en die minimalisering van sy bydrae tot Afrikaans het die twee handboeke bygedra tot politieke mite van die andersheid van gekleurdes.

12.4. Beide boeke toon 'n swaar Christelik-Nasionale inslag -- soos deur die Onderwyswet van 1969 neergelê. Hoewel die wet, ten minste na die letter, 'n breë basis van Suid-Afrikaanse nasionalisme en algemeen Christelike karakter in die vooruitsig gestel het, is die beginsel in die boeke verskraal tot 'n blatante

propagering van Afrikaner-nasionalisme.

Ten opsigte van die religieuse openbaar die skrywers eweneens 'n enge onverdraagsaamheid teenoor dit wat nie strook met die Gereformeerde kerkbeginsels nie. Dit is veral die Mohammedaanse geloof wat onderwerp word aan kleinering wat soms aan laster grens.

12.5. Die Nasionale Party, met die klem op rasse-suiwerheid, het op die linguistiese terrein 'n wetmatige reaksie teweëg gebring. Die oormatige reaksie op suiwer Afrikaans is volgens sosio-linguistiese beginsels bloot die linguistiese manifestasie van die politieke (en fisiese) begrensingsaksie soos uitgedruk in die apartheidsbeleid. Taalpurisme wat in politieke terme op 'n etniese begrensingsaksie neerkom, het bona fide lede van die ASG wat nie die gestandaardiseerde taalvariant van die Afrikaner praat nie, tot buitengroepe verklaar.

12.6. Die Afrikanersentriese karakter van OMT en AMT, waardeur versterkte Afrikanerkultuurwaardes en 'n Afrikanerhistoriografiese interpretasie van die geskiedenis aan die leerlinge as die enigste perspektief voorgehou word, verskraal leerlinge se perspektief en laat hul onvoorbereid vir die dwingende werklikheid van die Suid-Afrikaanse samelewing.

12.7. Die aansprake dat die twee boeke voldoen aan die jongste sillabusvoorskrifte vir die Senior Sertifikaatkursusse in al vier provinsies en Suidwes-Afrika is vals, op grond van die feit dat die Afrikanersentriese weergawe van die taalwerklikheid nie deur die sillabusse voorgeskryf word nie. Daarbenewens bots die talle

voorbeelde van rassistiese uitlatings, godsdiensdiskriminasie asook die bedekte en blatante ondersteuning van die Nasionale Party-ideologie met die sillabusvoorskrifte.

12.8. Die feit dat die twee handboeke wel tot die amptelike handboeklys toegelaat is, laat ontstaan vrae ten opsigte van die kundigheid en/of onpartydigheid van die betrokke departementele komitees.

12.9. Die twee geanaliseerde boeke is deel van reekse wat die sillabusse van die laer standerds dek. Gegee die bedenklike benadering tot Afrikaans en die ASG in die betrokke boeke, lyk dit gewens om ook die ander boeke in die reekse aan 'n sosio-linguistiese ondersoek te onderwerp. Voortvloeiend hieruit ontstaan die noodsaaklikheid om die ander taalboekreekse -- vir die laer- en hoërskole -- wat landwyd tot amptelike handboeklyste toegelaat is, krities te ondersoek.

### 13. Bibliografie en voetnote

Becker, H.S.

1973a                    Outsiders: Study in the sociology of deviance.  
New York: The Free Press.

Becker, H.S.

1973b                    Outsiders: Study in the sociology of deviance.  
New York: The Free Press.

Bowers, Chet

1982                    The influence of language on thought and  
behaviour. A sociology of knowledge. Approach to  
currilicum development.  
Oregon: University of Oregon.

Degenaar, Johannes

1975                    "Die paradigma van volksnasionaisme",  
Standpunte 119:1 Junie 1975.

De Klerk, P.F. et al

1981                    Afrikaans my taal. Standerds 9 en 10.  
Kaapstad: Maskew Miller.

Du Plessis: I.D.

1935                    Bydrae van die Kaapse Maleier tot die  
Afrikaanse volkslied. Kaapstad: Nasionale  
Boekhandel.

Du Plessis, I.D.

1939                    Die Maleise samelewing aan die Kaap.  
Kaapstad: Nasionale Boekhandel.



- Du Toit, André  
 1981 "The future of post-nationalist Afrikaner politics and the history of Afrikaner political thinking." Standpunte 151:1  
 Feb. 1981.
- Ellison, Ralph  
 1952 The invisible man. Middlesex: Penguin Books.
- Elphinck, Richard & Giliomee, Hermann  
 1979 The shaping of South Africa 1652-1820.  
 Cape Town: Longmans.
- Ferguson, Charles A.  
 1972 in Joshua A. Fishman (ed.) Readings in the sociology of language Massachusetts: Newbury Publishers.
- Fishman, Joshua A.  
 1972a The sociology of language.  
 Massachusetts: Newbury House Publishers.
- Fishman, Joshua A.  
 1972b The sociology of language.  
 Massachusetts: Newbury House Publishers.
- Fishman, Joshua A.  
 1972c The sociology of language.  
 Massachusetts: Newbury House Publishers.
- Gerwel, G.J.  
 1983a Literatuur en apartheid. Bellville:  
 Kampen-uitgewers.
- Gerwel, G.J.

- 1983b                    Literatuur en apartheid.  
Bellville: Kampenuitgewers.
- Hugo, Pierre
- 1978                    Quislings or realists. A documentary study of  
Coloured politics in South Africa.  
Johannesburg: Ravan Press.
- Kannemeyer, J.C.
- 1983                    Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur.  
Kaapstad: Human en Rousseau.
- Kannemeyer, J.C.
- 1978                    Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur  
Kaapstad: Human en Rousseau.
- Klopper, Marius Rembrandt
- 1983                    Kaapse Afrikaans, Pretoria: Die Universiteit  
van Pretoria. (D.Litt.-tesis).
- Lennox-Short, A.
- 1973                    The art of English. Cape Town: Juta.
- Mc Cormick, Kay
- 1984                    Bande in die besit van Kay Mc Cormick, dosent  
in Engels aan die Universiteit van Kaapstad.
- Mc Cormick, Kay
- 1983                    "The value of a sociolinguistic component in  
teacher education, with particular reference  
to Cape Town, South Africa." Seminaar gelewer  
by Onderwyser-opleidingskonferensie in Amerika.
- Marais, J.S.
- 1939                    The Cape Coloured People 1652-1937.

London: Longmans.

Meyer, P.S. et al

1979 Ons Moedertaal. Standerds 9 & 10.

Kaapstad: Nasou Bpk.

Lakoff, George & Johnson, Mark

1980 The metaphors we live by. Chicago: The  
University of Chicago Press.

Odendal, F.F. et al.

1979 Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse  
taal. Johannesburg: Perskor.

Ross, Jeffrey A.

1979 "Language and the mobilization of ethnic  
identity", in Howard Giles & Bernard Saint  
Jacques (ed.), Language and ethnic relations.  
Oxford: Pergamon Press.

Rubin, Joan

1976 "Language and politics from a socio-linguistic  
point of view" in William O'Barr & Jean F.  
O'Barr (ed), Language and poverty. The Hague:  
Mouton.

Von Wielligh, G.R.

1907 Dierestories. Pretoria: Van Schaik.

Von Wielligh, G.R.

1958 Boesmanstories. Pretoria: Van Schaik.

Walker, Graham

1982 "The neglected question." Perspectives in  
Education., 4:47.

Voetnote

(1) G.N. Claassen en M.C.J. van Rensburg (red.) (Taalverskeidenheid. 'n Blik op die taalvariasie in Afrikaans, H. en R. Academica 1983) gee voorkeur aan die term taalgemeenskap wat verwarring kan veroorsaak, aangesien Britse, Amerikaanse en Duitse sosiolinguïste onderskeidelik van "speech community" en Sprachgemeinschaft praat.

Voorts het die term taal weens die benouende assosiasie met die blanke Afrikaanssprekers helaas 'n negatiewe konnotasie ontwikkel. Engelssprekendes verwys soms pejoratief na the taal, terwyl die enge gebruiksverband soos in Boeretaal, taal-en-kultuur en Taalmonument die woord van sy relatief neutrale karakter ontnem het.

(2) Die onverkwiklike polemieë rondom Marius Valkhoff ("Die diachronie van Portugees en Afrikaans", Standpunte 79:53), L.C. Eksteen ("The diachronics of Afrikaans" I & II, Standpunte 71 en 73) en H.J.J.M. van der Merwe ("Afrikaans 'n basterkind van Hollands-Kreools-Portugese Fornikasie aan die Kaap!?" Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 6,4; 7,1:377-394, 1966-1967) oor die ontstaansteorieë van Afrikaans, het duidelik geïllustreer hoe moeilik dit is om wetenskaplike beredenering en subjektiewe standpunt-inname in die saak geskei te hou.

(3) Die inligting is mondeling verskaf deur Victor Brink, algemene sekretaris van die Afr. C.S.V. op Stellenbosch. (Januarie 1985).

## HOOFSTUK 11

1. Slotsom	251
2. Bibliografie	263

## SLOTSOM

Die ondersoek is onderneem ten einde vas te stel in welke mate Afrikaanse taalmateriaal, soos dit aan senior leerlinge van die ASG aangebied/voorgeskryf word, in hul sosio- en psigo-linguistiese behoeftes voorsien.

Die navorsing reflekteer twee integrale fases: In hoofstukke 2 tot 7 is die probleem van Afrikaanse linguistiese etnosentrisme in 'n groter sosio-linguistiese en sosio-politieke konteks gesitueer. In hoofstukke 8 tot 10 is verteenwoordigende letterkunde- en taalmateriaal vir spraakgemeenskaplike geskiktheid ondersoek.

Ten einde 'n geheelbeeld te bied van die verspreide bevindinge, word 'n beknopte oorsig van elke hoofstuk gegee:

### Hoofstuk 2

Die verkenning van die sosio-linguistiek as 'n dissipline wat op 'n sensitiewe wyse spraakgemeenskaplike dinamiek kan ondersoek en beskryf, het aan die lig gebring dat Afrikaans taalkundiges nog sporadies met 'n verouderde en aanvegbare spraakgemeenskaplike model werk. Die intrinsieke kwaliteite wat aan die gestandaardiseerde Afrikaanse variant toegedig word, het ernstige sosio-linguistiese reperkussies vir 'n aansienlike deel van die gekleurde komponent van die ASG. (:9-12)

### Hoofstuk 3

Die historiese ondersoek na Afrikanerkonsepsies omtrent gekleurdes en variante dui op 'n vroeë stigmatisering van gekleurde variante. (:21). Die standaardisasie- en stigmatiseringsprosesse wat reeds tydens die Eerste Taalbeweging in werking gestel is, het taalmites laat ontstaan waaruit die kragtige vennootskap tussen taal- en politieke nasionalisme ontwikkel het. (:27 e.v.)

### Hoofstuk 4

Die ondersoek na die verband tussen sosiale agtergesteldheid en taalafwyking, (:38) verskuif die navorsing na die internasionale "difference/deficit"-debat. (:38-43). Die nuwe benadering teenoor die onderrig van nie-standaardsprekers wat veral uit die Amerikaanse navorsing voortvloei, bied belangrike insigte ten opsigte van die Afrikaanse situasie. (:45). Voorts is die belangrike sosio-linguistiese beginsel proksimaliteitslinguistiek ondersoek en as relevant aanvaar as 'n beskrywing van die verhouding tussen taal- en sosiale afstand. (:47)

### Hoofstuk 5

Die ideologiese verband tussen die Afrikaner-historiografiese tradisie en die ontwikkelingsteorieë omtrent Afrikaans is histories nagegaan. Sommige emosionele debatte rondom die ontwikkelingsteorieë is as sosio-linguistiese fenomeen geanaliseer en verklaar. Daar word tot die slotsom gekom dat populêre taalgeskiedskrywing 'n interpolasie van die taalgeskiedenis in 'n proto-geskiedenis van die Afrikanernasie bewerkstellig het. (:57 e.v.)

## Hoofstuk 6

Die aard en krag van die politieke metafoor is teoreties ondersoek en vervolgens op die Afrikaanse taalsituasie toegepas. Taalmanipulasie is gedemonstreer deur 'n toonaangewende woordeboek se hantering van die begrippe boer en Kleurling te toets. Teenoor die positiewe hantering van die begrip boer is gekleurdes onderwerp aan stereotipering en stigmatisering. (:77) Semantiese relatiewiteit word as geldige sosio-linguistiese beginsel vir die studie aanvaar.

## Hoofstuk 7

As 'n voorstudie tot die sosio-linguistiese ondersoek in hoofstukke 8 en 9 is die toenemende belangstelling van instansies buite skoolverband in die ideologiese inhoud van leermateriaal. Hieruit blyk dat Afrikaans in die toekoms toenemend uitgesonder sal word as (vermeende) draer van rassistiese elemente. (:86-89). Die oorsig van ses relevante studies oor voorgeskrewe werke en skoolhandboeke het aan die lig gebring dat danksy ideologiese insprake leermateriaal oor die algemeen vir leerlinge 'n verengende en begrensende ervaring is. (:90-98).

## Hoofstuk 8

Uit die ondersoek na die spraakgemeenskaplike geskiktheid van Senior Verseboek en Treknet het dit geblyk dat D.J. Opperman se uitgangspunt in die samestelling van Senior Verseboek, nl. om 'n verteenwoordigende keuse daar te stel, meegebring het dat 'n onaanvaarbaar hoë persentasie gedigte, uit 'n spraakgemeenskaplike oogpunt, ongeskik is. Ook gedigte wat nie as verteenwoor-



digend beskou kan word nie, en op verskeie gronde afgekeur kan word, is in die bloemlesing opgeneem.

Die volgende kategorieë van onaanvaarbaarheid is geïdentifiseer: Afrikanersentriese poësie, geïsoleerde rassistiese terme, sosiaal-bewuste poësie met kontra-produktiewe effekte, gedigte wat ongunstige kleurassosiasies bevat, rasse-stereotiperende poësie, en 'n disproporsionele hoeveelheid gedigte met 'n Bybelse tema. (:125)

Teenoor die sowat veertig gedigte in Senior Verseboek wat as onaanvaarbaar geïdentifiseer is, openbaar Louw en Lindenberg se keuse in Treknet groter spraakgemeenskaplike sensitiwiteit. (:142). Beide bloemlesings behoort egter grondig hersien te word ten einde die aangeduide onaanvaarbare materiaal te verwyder.

## Hoofstuk 9

Die ondersoek van die voorgeskrewe lysie van die Departement van Onderwys en Kultuur en die Kaapse Onderwysdepartement was ingestel op die identifikasie van moontlike patrone en tendense. Die vernaamste bevindinge kan soos volg opgesom word:

9.1. Die twee lysie van sowat sestig titels elk blyk volkome uitruilbaar te wees. Vier paslik gekwalifiseerde respondente was nie daartoe in staat om die lysie as behorende tot bepaalde departemente te identifiseer nie. (:164)

9.2. Uit 'n ondersoek van enkele prominente skrywers se oevres, het dit geblyk dat voorskrywers die werke wat enigsins krities

teenoor die Afrikanervolk staan, vermy. Enige weergawe van die geskiedenis wat bots met die populêre historiografiese skoolweergawe, bring mee dat sodanige werk nie voorgeskryf word nie. (:169-185)

10.3. Die ongeskrewe eis dat werke nie mag bots met die Christelik-Nasionale apartheidsparadigma nie, het meegebring dat leerlinge van die ASG die geleentheid ontsê is om van die belangrikste werke in Afrikaans te bestudeer. (:169-185)

## Hoofstuk 10

Uit die ondersoek na die spraakgemeenskaplike geskiktheid van die twee taalhandboeke Ons Moedertaal en Afrikaans my taal het dit geblyk dat beide die boeke Afrikanersentries in opset en gees is. Ander besware teen die boeke vloei voort uit die etnosentriese beskouing van Afrikaans en sou soos volg opgesom kan word:

10.1. Die benadering tot uitspraak en taalvariasie is geskoei op 'n verouderde model wat meer as twee dekades gelede reeds oorsee verwerp is. Daarbenewens word die belangrikste Afrikaanse variant naas die gestandaardiseerde vorm, nl. Kaaps-Afrikaans in die twee boeke wat saam 1416 bladsye beslaan, nie een keer genoem nie.

Die skrywers toon 'n onvermoë om reg te laat geskied aan taalvariasie in Afrikaans, vanweë hul algemeen begrensende houding tot Afrikaans. Dit is klaarblyklik dat die Kaaps-Afrikaanse variant met kodewisseling as primêre kenmerk --- en as sodanig 'n divergerende koers naas gestandaardiseerde Afrikaans inslaan --- vir die skrywers onhanteerbaar afwykend is. Dit word eenvoudig in

beide boeke geïgnoreer asof dié linguisties markantste en, in sosio-historiese sin, die opwindendste variant in Afrikaans nie bestaan nie. (:198-201)

Die disgekrediteerde term Algemeen-beskaaf word nog sonder kwalifikasie aan leerlinge voorgestel wat die indruk laat dat die gestandaardiseerde norm 'n intrinsieke waarde besit, en dat dit in taalstudie in die eerste plek gaan om die bemeestering van die absolute norm. Die resultaat is 'n gestagneerde siening van taal as 'n voltooide korpus uitinge wat bloot bestudeer moet word.

10.2. Die minimalisering van nie-blanke kulturele groepe se bydrae tot die Afrikaanse taal kom in beide boeke voor. Daarbenewens vertoon die benadering tot die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans 'n besliste 'albosentriese' karakter.

(:203 e.v.)

10.3. Die hantering van die Maleiers, hul kultuur en godsdiens reflekteer 'n geringskattende houding teenoor die belangrike kulturele groep. (:204-210)

10.4. Die skrale maar waardevolle bydrae wat die verdwene Khoikhoi-kultuur tot Afrikaans gemaak het, word sonder erkenning tot die Afrikaanse volkskuns gereken. (:213-219)

10.5. Die seleksie en ordening van Afrikaanse idïome reflekteer 'n beeld van die Afrikaner as 'n vrome landelike patriarg wat die wêreld vanuit die ouderwetse konseptuele raamwerk van die 19e eeuse boeresamelewing beskou. (:219 e.v.)

10.6. Illustratiewe materiaal (voorbeeldsinne, paragrawe, leesstukke) ontstaan in die dampkring van die Afrikanerleefwêreld, met uitsluiting van ander kulturele groepe. (:226 e.v.)

10.7. Die hantering van die konsep taalsuiwerheid reflekteer die skrywers se onbegrip vir die verband tussen taalvariasie en groepidentiteit en "dat taalstruktuur outomaties met sosiale struktuur ko-varieer" (Klopper 1983:98). (:234)

10.7. Die seleksie van afkortings is 'n verdere bevestiging van die Afrikanersentriese karakter van die taalboeke. Afkortings vir belangrike instansies in gekleurde geledere word feitlik deurgaans geïgnoreer, terwyl die lysie gedomineer word deur eksklusief blanke inrigtings en instellings en selfs instellings wat danksy die apartheidsbeleid tot stand gekom het. (:239 e.v.)

10.8. Die politieke dienstigheid van OMT en AMT

Uit die ondersoek blyk dit dus dat die twee boeke in die teken staan van die Afrikanernasionalisme van die sestigerjare. Die benadering is eksklusief en meermale selfverheerlikend, deurdat die Afrikanerhistoriografiese weergawe van die geskiedenis in taalsake neerslag vind. In 'n kultuur-imperialistiese aksie word die Afrikaanse spraakgemeenskap wesenlik tot blanke groepe gereduseer deurdat slegs hul leefwêreld taalgestalte in die boeke vind.

Politieke dienstigheid aan die apartheidsbeleid bring mee dat

sosio-politieke distansiëring ook linguistiese distansiëring tot gevolg het -- 'n proses wat hom o.a. manifesteer in die selektiewe benutting van idiome en afkortings, die beperking van illustratiewe materiaal tot voorbeelde uit 'n blanke geestelike dampkring, die Afrikanersentriese hantering van die taalgeskiedenis, en 'n ongevoeligheid ten opsigte van die tradisies en kulturele gebruike van gekleurde groepe.

Die Nasionale Party se politieke ideaal, sedert die vyftigerjare, om die "Kleurlinge" sosiaal en polities uit die blanke bestel te verwyder, het meegebring dat die skrywers voor die onmoontlike taak te staan gekom het om, enersyds, aan die politieke eis van blank-gekleurde-skeiding te voldoen deur linguistiese gestalte aan die politieke maneuvres te probeer gee. Andersyds moes rekening gehou word met 'n spraakgemeenskaplike werklikheid dat gekleurde en blankes reeds vir drie eeue 'n gemeenskaplike taal deel, waartoe elke spreker, ongeag velkleur, bygedra het.

In beide boeke is die "volk" en sy belange bo die van dié van die spraakgemeenskap verkies. Die skrywers laat die indruk dat die taalgeskiedenis en die geskiedenis van die Afrikaner so intiem verweef is, dat ander kulturele groepe wat Afrikaans praat, noodwendig in 'n marginale verhouding tot die taal staan. So ontwikkel die mega-metafoor volk-en-taal tot 'n onaantasbare konsep, waarvan die werklikheid moeilik bestry kan word.

Afrikaans my taal en Ons Moedertaal is uit 'n spraakgemeenskaplike oogpunt beide ongeskik vir gebruik in die skole van die DOK en die KOD. Vanweë hul etnosentriese aard doen die boeke onbere-

kenbare skade aan die geestelike ontwikkeling van die gekleurde komponent van die spraakgemeenskap, terwyl alle komponente van die gemeenskap deur die begrensende karakter van die boeke in hul geestelike ontwikkeling gestrem word. Daarbenewens bied hulle 'n wanstaltige beeld van die ASG wat uiteindelik ook Afrikaans ten diepste skaad.

#### 10.9. Die kwessie van departementele goedkeuring

Die vraag ontstaan of die twee boeke op behoorlik wyse deur die departementele handboekkomitees vir spraakgemeenskaplike geskiktheid ondersoek is. Indien dit wel die geval is, ontstaan vrae ten opsigte van die kundigheid en/of partydigheid van die betrokke komitees.

OMT en AMT is deel van twee handboekreekse. Gegee hul bedenklike benadering tot Afrikaans en die ASG is dit redelik om aan te neem dat die ander boeke in die twee reekse soortgelyke gebreke sal besit. 'n Omvattende ondersoek wat ook ander reekse insluit, moet as 'n saak van dringendheid geag word.

#### 10.10. Die 'onbenullige' aandeel van die gekleurdies in die ASG

Een van die kommerwekkende bevindinge wat uit die ondersoek gespruit het, is die algehele dominasie van die handboek- en literêre terrein deur die Afrikanercomponent in die spraakgemeenskap. Ten opsigte van die taalhandboeke en die bloemlesings, is die ag medewerkers en die drie bloemlesers onderskeidelik, uit

Afrikanergeleedere.

Oor die afgelope sestien jaar is ses gedigte uit die werk van Adam Small, S.V.Petersen en P.J.Philander voorgeskryf. Afgesien van die skamel bydrae tot die studiemateriaal van die ASG-leerlinge, staan gekleurdes dus volkome buite die skepping van taalmateriaal vir skoolgebruik. Ook wat ander taalhandboeke en bloemlesings betref wat in die Kaapprovinsie in die afgelope vyftien jaar gebruik is, is geen erkende bydrae van gekleurdes nie.

Die skynbaar passiewe rol van gekleurdes kan die waarnemer tot 'n oorhaastige slotsom bring, soos wat blyk uit die volgende reaksie van 'n resesent op die poësie van 'n gekleurde digter: Johann de Lange (1983), in 'n resensie van Peter Snyders se 'n Ordinary Mens reageer soos volg op die skynbare onvermoë van gekleurdes om tot die Afrikaanse letterkunde by te dra:

"Die Kleurlingpoësie is simptomaties van 'n geestelike armoede en stagnasie: ... hulle het vasgesteek by die mees elementêre behoeftes, naamlik voedsel en sekuriteit, en dit lyk nie of hulle enige aspirasies of inisiatief het om verder te ontwikkel nie."

De Lange verwar hier oorsaak en gevolg. Dit is noodsaaklik om die toestande wat tot die passiwiteit aanleiding gegee het, in ag te neem.

Die eeue-oue identiteitskrisis waarin gekleurdes hul bevind, en wat terug gevoer ken word na 17e eeuse sosiale toestande, was die ondersoekterrein van Stone (1972). Hy kom tot die slotsom dat die

negatiewe en wisselende selfbeeld wat deur onderdrukking, uitsluiting uit die blanke gemeenskap en uitbuiting aan hul opgedwing is, verwarring en onsekerheid by gekleurdes geskep het. As gevolg van die wetlik ondersteunde diskriminasie-proses ontsnap geen gekleurde aan die stigmatiseringsproses nie.

Veral relevant vir die studie is Stone se waarneming dat die neiging tot divergerende ontwikkeling onder alle klasse gekleurdes al sterker merkbaar is:

"The boundary between Coloured and white interests is becoming established in that Coloureds increasingly appear to recognize that these diverge and may conflict ... The sense of being part of the white group is diminishing ..."

Daar is reeds op gewys dat taaldivergensie twee moontlike roetes kan volg: Terwyl die laagste sosiale klasse sub-kulture vertroetel wat in linguistiese terme op die beklemtoning van 'n eie variant neerkom, beskik die middelklasse oor die sofistikasie om 'n teenkultuur te ontwikkel. Middelklas gekleurdes soek die teenkultuur buite die Afrikaanse wêreld omdat die Engelse taal en kultuur binne reikafstand is. Die verengelsingstendens onder verstedelike gekleurdes moet in dié lig geïnterpreteer word.

Cubitt en Van der Merwe (1973: 9) kom tot dieselfde slotsom in 'n referaat getitel "From normative to alienative involvement: compliance relations among Coloured people":

"The Coloured people of some decades ago was characterized by a relatively high degree of what we



may call normative compliance."

Teenoor die normatiewe krag van die blankes, het die gekleurdes 'n hoë mate van morele betrokkenheid getoon. Die verhouding het egter plek gemaak vir vervreemdende betrokkenheid.

Sankoff (1976: 293) se ondersoek na taalverskuiwing het direkte toepassing op veral die posisie van die verstedelike gekleurde. Hy argumenteer dat, omdat taal 'n belangrike simbool van identiteit is, tas 'n verlies aan trots in 'n taal die wese van 'n groep self aan. Daarom is die proses van taaldivergensie 'n positiewe soeke na 'n ander identiteit.

De Lange se stelling dat gekleurdes geestelik gestagneer het, is dus vals. Dit is juis 'n beweging weg van Afrikaans wat meebring dat so min skeppende werk uit gekleurde geledere kom. Die behoefte ontbreek by die stedelike middelklas om binne die Afrikaanse taal en kultuur wat so volkome deur die Afrikaner gedomineer word, te skep -- en te leef.

## 2. Bibliografie

Cubitt, Verity S. & Van der Merwe, Hendrik W.

1973 "From normative to alienative involvement: compliance relations amongst Coloured people". University of Cape Town: Abe Bailey Institute of Interracial Studies.

Klopper, Rembrandt Marius

1983 Kaapse Afrikaans (D.Litt.-graad). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

De Lange, Johann

1983 "Nuwe literêre herrie" in Die Burger, 27 Oktober 1983.

Stone, Gerald L.

1972 "Identity among lower class Cape Coloureds" in M.G. Whisson en Hendrik W. van der Merwe: Coloured citizenship in South Africa The Abe Bailey Institute of Racial Studies, Universiteit van Kaapstad.

## BIBLIOGRAFIE

(Die omvangryke lys fiksie wat in hoofstuk 9 aangehaal is, is nie in die algemene bibliografiese lys ingesluit nie)

Antonissen, Rob

1960 Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Arendt, Hannah

1963 On revolution New York: Viking.

Auerbach, F.E.

1965 The power of prejudice in South African Education. Kaapstad: Balkema.

Becker, H.S.

1973 Outsiders: Study in the sociology of deviance. New York: The Free Press.

Berdan, Robert

1982 "Knowledge into practice. Delivering research to teachers" in Marcia Farr Whiteman (ed.): Reactions to Anne Arbor: Vernacular Black English and Education. Virginia: Center for applied linguistics.

Bird, W.

1966 The state of the Cape of Good Hope in 1822 Cape Town: Struik. (Oorspronklike uitgawe: London: John Murray)

Bollinger, Dwight

1980 Language the loaded weapon. London: Longman.

Bornman, R.Z.J.

1982

'n Pedagogiese besinning oor die keuse van Afrikaanse voorgeskrewe boeke vir skoolgebruik.  
Pretoria: Unisa, M. Ed.tesis.

Bowers, Chet

1982

The influence of language on thought and behaviour. A sociology of knowledge. Approach to curricular development.  
Oregon: University of Oregon.

Cachet, J. Leon

1980

"Die Afrikaanse taal" in D.J. Opperman (red.)  
Senior verseboek, Kaapstad: Tafelberg.

Castro, Janet

1971

"Untapped verbal fluency of Black school children" in Eleanor Burke (ed.): The culture of poverty. New York: Simon & Schuster.

Coetzee, E. Anna

1982

"'n Oriëntering van die begrip standaardtaal en voorstudie van die ontwikkeling van standaardtaal gedurende die 20e eeu."  
Tydskrif vir Geesteswetenskappe 22:4.

Claassen G.N. en Van Rensburg, M.C.J.

1983

Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Kaapstad:  
H. & R.

Clarke, Kenneth

1946

"Art and democracy" in D. Barker, Little

reviews. London: Hudson.

Conradie, Hendrik

1982

"So kan A.T.K.V. volksdaad verrig."

Die Burger 22 Junie 1982.

Cfystal, David

1969

What is linguistics? London: Edward Arnold.

Degenaar, Johannes

1975

"Die paradigma van volksnasionaisme",

Standpunte 119:1 Junie 1975.

Degenaar, Johannes

1978

"Strukturele geweld gelê voor die deur  
van blanke wetgewers." Die Burger,  
27 Desember 1978.

De Klerk, P.F. et al

1981

Afrikaans my taal. Standerds 9 en 10.

Kaapstad: Maskew Miller.

Dittmar, Norbert

1976

Sociolinguistics. A critical survey of theory  
and application. London: Edward Arnold.

Du Plessis: I.D.

1935

Bydrae van die Kaapse Maleier tot die

Afrikaanse volkslied. Kaapstad: Nasionale  
Boekhandel.

Du Plessis, I.D.

1939

Die Maleise samelewing aan die Kaap.

Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Du Plessis, J.N.S.

- 1981 "Probleme van die voorskrywer" in Die Unie.  
Julie 1982.
- Du Preez, J.M.  
1983 Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-  
Afrikaanse skoolhandboeke. Alberton:  
Librarius.
- Du Toit, André  
1981 "The future of post-nationalist Afrikaner  
politics and the history of Afrikaner  
political thinking." Standpunte 151:1  
Feb. 1981.
- Edelman, Murray  
1977 Political language New York: Academic Press.
- Edwards, A.D.  
1976 Language in culture and class London:  
Heineman.
- Ellison, Ralph  
1952 The invisible man. Middlesex: Penguin Books.
- Elphinstone, Richard & Giliomee, Herman  
1979 The shaping of South Africa 1652-1820.  
Cape Town: Longmans.
- February, V.A.  
1981 Mind your colour. The Coloured stereotype  
in South African literature
- Ferguson, Charles A.  
1972 in Joshua A. Fishman (ed.) Readings in the  
sociology of language Massachusetts: Newbury  
Publishers.

- Fishman, Joshua A.  
 1972                    The sociology of language.  
 Massachusetts: Newbury House Publishers.
- Foss, Donald J. & Hakes, David T.  
 / 1978                    Psycholinguistics. An introduction to the  
language of psychology. New York:  
 Prentice Hall.
- Freire, Paulo  
 1972                    Cultural action for freedom. Harmondsworth:  
 Penguin.
- Gerwel, G.J.  
 1983                    Literatuur en apartheid. Bellville:  
 Kampen-uitgewers.
- Gerwel, G.J.  
 1983                    "Afrikaans - 'n toekomspektief".  
Standpunte XXXVI:3 Junie 1983.
- Giliomee, Herman  
 1979                    "The structure of European domination at the  
 Cape. 1652-1852" in Richard Elphick en Herman  
 Giliomee (red.), The shaping of South African  
society. 1652-1920 Kaapstad: Longmans.
- Grovè, A.P. (red.)  
 1974                    Dolosgooier van die woord. Kaapstad:  
 Tafelberg.
- Harris, Kevin  
 1979                    Education and knowledge: The structured  
misrepresentation of reality.

London: Kegan Paul.

Hugo, Pierre

1978

Quislings or realists. A documentary study of Coloured politics in South Africa.

Johannesburg: Ravan Press.

Jessel, Levic

1978

The ethnic process. An evolutionary concept of languages and peoples. The Hague: Mouton.

Judd, Judith

1984

"English as she is spoke" in The Argus,  
2 Augustus 1984.

Kannemeyer, J.C.

1983

Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur.

Kaapstad: Human en Rousseau.

Klopper, Marius Rembrandt

1983

Kaapse Afrikaans, Pretoria: Die Universiteit van Pretoria. (D.Litt.-thesis).

Labov, W

1970

"The logic of nonstandard English" in Report on the 20th. annual round table meeting on linguistics and language studies. Monograph series on language and linguistics, 22  
Washington D.C.

Lennox-Short, A.



- 1973                    The art of English. Cape Town: Juta.
- Louw, N.P. van Wyk
- 1939                    Lojale verset. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Lubbe, H.J.
- 1974                    "New light on Afrikaans and Malayo-Portuguese"  
in Tydskrif vir Geesteswetenskappe 14:1  
Maart 1974.
- Lukens, J.G.
- 1979                    "Interethnic conflict and communicative  
distances" in Howard Giles & Bernard St. Jacques  
(ed.) : Language and ethnic relations.  
Oxford: Pergamon Press.
- Mc Cormick, Kay
- 1984                    Bande in die besit van Kay Mc Cormick, dosent  
in Engels aan die Universiteit van Kaapstad.
- Mc Cormick, Kay
- 1983                    "The value of a sociolinguistic component in  
teacher education, with particular reference  
to Cape Town, South Africa." Seminaar gelewer  
by Onderwyser-opleidingskonferensie in Amerika.
- Marais, J.S.
- 1939                    The Cape Coloured People 1652-1937.  
London: Longmans.
- Meyer, P.S. et al
- 1979                    Ons Moedertaal. Standerds 9 & 10.  
Kaapstad: Nasou Bpk.
- Mueller, Claus
- 1973                    The politics of communication. New York:

Oxford University Press.

Làkoff, George & Johnson, Mark

1980 The metaphors we live by. Chicago: The University of Chicago Press.

Malan, Charles

1982 "Die Suid-Afrikaanse letterkunde en sy sosiale konteks aan die begin van die jare tagtig." Standpunte 35:4 Aug. 1982.

Molteno, Frank

1983 The schooling of black South Africans and the 1980 Cape Town students boycotts Universiteit van Kaapstad: M.A.-tesis.

O'Barr, William M. & O'Barr, Jean F.

1976 Language and politics The Hague: Mouton.

Odendal, F.F. et al.

1979 Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.

Pêcheut, Michel

1883 Language semantics and ideology  
London: MacMillan.

Philcox, Sue

1984 "Understanding the School Boycotts of 1980. A Paper for discussion." Kaapstad: Departement Opvoedkunde.

Raidt, Edith

1971 Afrikaans en sy Europese verlede.  
Kaapstad: Nasou.

- Reid, Jane  
 1982                    English literature in South African Schools:  
 a critique of setbooks. University of Cape  
 Town: Centre for African Studies.
- Ross, Jeffrey A.  
 1979                    "Language and the mobilization of ethnic  
 identity", in Howard Giles & Bernard Saint  
 Jacques (ed.), Language and ethnic relations.  
 Oxford: Pergamon Press.
- Rowley, Maggie  
 1984                    "Racism in textbooks examined." The Argus  
 25 Mei 1984.
- Rubin, Joan  
 1976                    "Language and politics from a socio-linguistic  
 point of view" in William O'Barr & Jean F.  
 O'Barr (ed), Language and poverty. The Hague:  
 Mouton.
- Ryann, Ellen Bouchard & Giles, Howard (eds)  
 1983                    Attitudes to language variation. London:  
 Edward Arnold.
- Schroenen, M.B.  
 1978                    Moral education through the study of prescribed  
 literature, (in particular English literature),  
 in the high school. Unisa: M.Ed.-thesis.
- Scholtz, J. du Plessis  
 1964                    Die Afrikaner en sy taal 1806-1875.  
 Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewerye.
- Small, Adam

- 1979 "The place of the Coloured people in South Africa" in Pierre Hugo, Quislings or realists. A documentary study of 'Coloured' politics in South Africa. Johannesburg: Ravan.
- Snyders, Peter  
1982 'n Ordinary mens. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C.  
1981 'n Tuiste in eie taal. Kaapstad: Tafelberg.
- Treurnicht, A.P.  
1975 Credo van 'n Afrikaner. Kaapstad: Tafelberg.
- Valkhoff, Marius F.  
1966 Studies in Creole and Portuguese with special reference to South Africa. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Valkhoff, Marius  
1967 "Afrikaans, Portugees en Kreools - repliek aan H.J.J.M. van der Merwe." Tydskrif vir Geesteswetenskappe 7:3 September 1967.
- Valkhoff, Marius  
1968 "Die diachronie van Portugees en Afrikaans." Standpunte XXII:I Okt. 1968.
- Van Heerden, Ernst  
1969 Die ander werklikheid: Letterkundige beskouings. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Van der Merwe, H.J.J.M.  
1969 Afrikaans en <sup>sy</sup>ontwikkeling. Pretoria:

Van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M.

1966-1967 "Afrikaans 'n basterkind van Hollands-  
Kreools-Portugese Fornikasie aan die Kaap!?"  
Tydskrif vir Geesteswetenskappe 6,4;  
7,1.

Van Jaarsveld, F.A.

1984 Omstrede Afrikaans verlede  
Geskiedenis, ideologie en die historiese  
skuldvraagstuk. Johannesburg: Lex Patria.

Van Jaarsveld, F.A.

1978 "Die Afrikaner: 'n geskiedkundige analise."  
Standpunte 31:5 Oktober 1978.

Vaughn-Cooke, Fay Boyd

1980 "Evaluating the language of Black speakers:  
Implications of the Anne Arbor decision" in  
Marcia Farr Whiteman (ed.): Reactions  
to Ann Arbor: Vernacular Black English and  
Education. Virginia: Center for applied  
linguistics.

Venter, F.A.

1967 "Sestigters moet waak teen doodloopstraat"  
in S.A. Beeld.

Von Wielligh, G.R.

1907 Dierestories. Pretoria: Van Schaik.

Von Wielligh, G.R.

1958 Boesmanstories. Pretoria: Van Schaik.

Willemse, Hein

1984

"Afrikaanse taal is myne, dié lettere nie."  
in Rapport 26 Augustus 1984.

Walker, Graham

1982

"The neglected question." Perspectives in  
Education., 4:47.

Whorf, Benjamin Lee

1982

Language, thought and reality. Edited by John  
B. Carroll, Massachusetts: M.I.T. Press.